

# **HARMONISERING VAN MYNBOUWETGEWING IN DIE SAOG**

Navorsingsverslag ter voldoening aan die vereistes vir die graad LLM  
in Internasionale Aspekte van die Reg  
aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroom Kampus

**S FOSTER**

**20068999**

Module: LLMV 871

Studie leier: Prof W du Plessis

2010

2.2	Harmoniseringsvorme.....	18
2.2.1	<i>Totale of Maksimum Harmonisering</i> .....	19
2.2.2	<i>Minimum Harmonisering</i> .....	20
2.2.3	<i>Opsionele Harmonisering</i> .....	21
2.2.4	<i>Gedeeltelike of Eensydige Harmonisering</i> .....	21
2.2.5	<i>Alternatiewe Harmonisering</i> .....	21
2.2.6	<i>Gesamentlike Erkenning van Kontroles</i> .....	22
2.2.7	<i>Koue Harmonisering</i> .....	22
2.3	Doel en Effek van Harmonisering.....	22
2.4	Staatsoewereiniteit en Harmonisering.....	29
2.5	Samevatting.....	30
2.6	Toepassing.....	31
3.	<b>DIE AFRIKA UNIE EN DIE SAOG</b>	
3.1	Inleiding.....	33
3.2	Regionale Omgewingsbeskerming: Die Afrika Unie.....	33
3.2.1	<i>ACHPR</i> .....	36
3.2.2	<i>Omgewingsbeskerming Onder die AU</i> .....	40
3.2.3	<i>Gevolgtrekking</i> .....	41
3.3	Sub-Regionale Omgewingsbeskerming: Die SAOG	
3.3.1	<i>Agtergrond</i> .....	42
3.3.2	<i>Die Mynbou Protokol</i> .....	43
3.3.3	<i>SADC Framework and Implementation Plan for Harmonization of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory Frameworks</i> .....	47
3.3.4	<i>Gevolgtrekking</i> .....	49
3.4	Samevatting.....	50
4	<b>GRONDWETLIKE RAAMWERKE</b>	
4.1	Inleiding.....	53
4.1.1	<i>Suid-Afrika</i> .....	53

<b>4.1.2</b>	<b>Mosambiek.....</b>	<b>57</b>
<b>4.1.3</b>	<b>Tanzanië.....</b>	<b>59</b>
<b>4.2</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>61</b>
<b>4.3</b>	<b>Toepassing van die internasionale reg in munisipale reg.....</b>	<b>62</b>
<b>4.4</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>64</b>
<b>4.5</b>	<b>Gevolgtrekking.....</b>	<b>65</b>
<b>5</b>	<b>DIE MYNLEWENSIKLUS</b>	
<b>5.1</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>67</b>
<b>5.2</b>	<b>Mynlisensies, Permitte en Regte.....</b>	<b>68</b>
<b>5.2.1</b>	<b>Minimum Standaarde by Aansoeke vir Minieraalregte.....</b>	<b>69</b>
<b>5.2.2</b>	<b>Aansoeke in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanie.....</b>	<b>71</b>
<b>5.2.2.1</b>	<b>Suid-Afrika</b>	
a)	Soorte vergunnings, oppervlakte en tydperke.....	72
b)	Aansoekprosedure.....	73
c)	Omgewingsbestuurprogramme (OBP) en omgewingsimpakstudies (OIS).....	75
d)	Konsultasie.....	79
<b>5.2.2.2</b>	<b>Mosambiek</b>	
a)	Soorte vergunnings, oppervlakte en tydperke.....	80
b)	Aansoekprosedure.....	83
c)	Omgewingsbestuurprogramme en omgewingsimpakstudies.....	83
d)	Konsultasie.....	85
<b>5.2.2.3</b>	<b>Tanzanië</b>	
a)	Soorte vergunnings, oppervlakte en tydperke.....	85
b)	Aansoekprosedure.....	87
c)	Omgewingsbestuursprogramme en omgewingsimpakstudies.....	90
d)	Konsultasie.....	91
<b>5.2.3</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>91</b>
<b>5.3</b>	<b>Operasionele fase.....</b>	<b>92</b>
<b>5.3.1</b>	<b>Minimum Standaarde.....</b>	<b>93</b>

### **5.3.2 Mynprosesse in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië**

#### **5.3.2.1 Suid-Afrika**

a) Volhoubare ontwikkeling.....	95
b) Besoedeling, omgewingsagteruitgang en die PPP.....	95
c) Boetes en terugtrekking van magtigings.....	97
d) Omgewingsoudits en inspeksies.....	99

#### **5.3.2.2 Mosambiek**

a) Volhoubare ontwikkeling.....	100
b) Besoedeling, omgewingsagteruitgang en die PPP.....	100
c) Boetes en terugtrekking van magtingings.....	101
d) Omgewingsoudits en inspeksies.....	101

#### **5.3.2.3 Tanzanië**

a) Volhoubare ontwikkeling.....	104
b) Besoedeling, omgewingsagteruitgang en die PPP.....	104
c) Boetes en terugtrekking van magtigings.....	105
d) Omgewingsoudits en inspeksies.....	106

#### **5.3.3 Samevatting..... 107**

### **5.4 Sluiting en Rehabilitasie Fase..... 108**

#### **5.4.1 Minimum Standaard..... 110**

#### **5.4.2 Sluiting en Rehabilitasie en Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië**

##### **5.4.2.1 Suid-Afrika**

a) Rehabilitasie.....	112
b) Finansiële voorsorg.....	113
c) Aansoeke vir sluiting.....	114

##### **5.4.2.2 Mosambiek**

a) Rehabilitasie.....	115
b) Finansiële voorsorg.....	116
c) Aansoeke vir sluiting.....	117

##### **5.4.2.3 Tanzanië**

a) Rehabilitasie.....	117
b) Finansiële voorsorg.....	117

c)	Aansoeke vir sluiting.....	117
<b>5.4.3</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>118</b>
<b>5.5</b>	<b>Gevolgtrekking.....</b>	<b>119</b>
<b>6</b>	<b>GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b>	
<b>6.1</b>	<b>Agtergrond en inleiding.....</b>	<b>122</b>
<b>6.2</b>	<b>Grondwette.....</b>	<b>124</b>
<b>6.3</b>	<b>Mynbouwetgewing in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië.....</b>	<b>128</b>
<b>6.3.1</b>	<b><i>Mynlisensies, permitte en regte, 'n algemene vergelyking.....</i></b>	<b>129</b>
<b>6.3.2</b>	<b><i>Minimum standaarde by mynlisensies, regte en permitte.....</i></b>	<b>131</b>
<b>6.3.3</b>	<b><i>Opperasionel fase.....</i></b>	<b>133</b>
<b>6.3.4</b>	<b><i>Rehabilitasie en sluiting fase.....</i></b>	<b>136</b>
<b>6.3.5</b>	<b><i>Mynbouprotokol en die mynbouwetgewing van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië.....</i></b>	<b>139</b>
<b>6.4</b>	<b>Aanbevelings.....</b>	<b>142</b>
	<b>BIBLIOGRAFIE.....</b>	<b>146</b>

## Opsomming

Die doel van die studie is om te bepaal of dit moontlik is om mynbouwetgewing in die SAOG te harmoniseer en indien dit moontlik is, aanbevelings te maak oor hoe harmonisering moet plaasvind ten einde te voldoen aan die bepalings van die SAOG Mynbou Protokol.

Die AU Stigtingsverdrag bepaal dat wetgewing, beleide en planne van lidstate geïntegreer en geharmoniseer moet word ten einde omgewingsbeskerming te bevorder. Die Afrika Verdrag op Menseregte bepaal koördinerings. Die SAOG Stigtingsverdrag bepaal dat harmonisering moet plaasvind. Die Afrika Ekonomiese Gemeenskap se Stigtingsverdrag bepaal dat harmonisering, koördinerings en integrasie moet plaasvind en die Mynbou Protokol het soortgelyke bepalings.

Daar bestaan verskeie vorme van harmonisering. Minimum harmonisering is vir doeleindes van hierdie studie die mees gepaste beskou, omdat daar standarde gestel word waaraan die onderskeie state se wetgewing moet voldoen. Die wetgewing is nie identies nie en elke land mag steeds die wetgewing by elke land se besondere omstandighede aanpas.

Harmonisering kan vir doeleindes van hierdie studie gedefinieer word as die uitskakeling van teenstrydigehede in mynbouwetgewing en die opstel van 'n gemeenskaplike standaard waaraan wetgewing moet voldoen sodat geen staat of persoon benadeel of bevoordeel word nie. Internasionale beginsels van volhoubare ontwikkeling moet verder bevorder word en die konsep van staatsoewereiniteit moet inaggeneem word. Die wetgewing moet bymekaar 'uitgebring' word ten opsigte van die belangrikste konsepte in die mynbouproses. Dit sal nie neerkom op integrasie of koördinerings nie omdat harmonisering nie beoog om wette as 'n geheel by mekaar uit te bring nie.

Daar bestaan reeds pogings in die AU en SAOG om harmonisering van mynbouwetgewing te laat plaasvind, maar dit is vaag en nie afdwingbaar nie.

Mynbouwetgewing sal nie alleen in ooreenstemming met die omgewingsregte en omgewingsbepalings in die AU en SAOG dokumente moet wees nie, maar ook in ooreenstemming met die Grondwette van die onderskeie lande.

Die Mynbouprotokol bepaal onder andere dat kommunikasie tussen lidstate bevorder moet word en inligting uitgeruil moet word, dat lidstate moet onderneem om internasionaal aanvaarde standarde van gesondheid, mynveiligheid en omgewingsbeskerming te ontwikkel en toe te pas, dat lidstate moet poog om gemeenskaplike internasionale en regionale standarde te aanvaar en lidstate moet die ontwikkeling van internasionaal aanvaarbare standarde aanmoedig. Een van die Protokol se doelstellings is om die volhoubaarheid van minerale bronne en die effektiewe beskerming van die omgewing te verseker. Die Mynbou Protokol stel nie vaste standarde waaraan die lande se wetgewing moet voldoen nie.

Daar bestaan internasionale minimum standarde, vir die drie fases van mynbou, waaraan wetgewing moet voldoen.

In Suid-Afrika is die wetgewing wat op mynbou van toepassing is, onder ander, die *MPRDA* en *NEMA* en hul regulasies. In Mosambiek is dit, onder andere, *Mining Law*, *Environmental Regulations for Mining Activities* en die *Mining Law Regulations*. In Tanzanië is dit die *Mining Act* en die *Environmental Management Act*. Die lande se wetgewing het ooreenkomste sowel as verskille en moet in lyn wees met die Mynbouprotokol.

Daar moet 'n minimum standard gestel word waaraan al die state se wetgewing moet voldoen. Die Mynbouprotokol moet aangepas word deur te bepaal dat al die lidstate aan hierdie minimum standard moet voldoen en die wetgewings moet daarvolgens aangepas word binne 'n gespesifiseerde tydperk.

## **Summery**

The purpose of this study was to determine whether it is possible to harmonize mining legislation in the SADC region and if it is possible, to make recommendations how the harmonization should take place to be inline with the terms of the SADC Mining Protocol.

The Constitutive Act of the AU stipulates that member states should integrate and harmonize policies to promote environmental protection. The African Charter on Human and Peoples Rights stipulates coordination. The SADC's Constitutive Act stipulates harmonization. The Treaty instituting the African Economic Community stipulates harmonization, coordination and integration. The Mining Protocol of SADC got similar stipulations.

Various forms of harmonization exist. For purpose of this study, minimum harmonization is the most suitable form because with minimum harmonization a standard is set which member states legislation must satisfy. Legislation does not need to be identical and each country my still draft legislation to fit there own circumstances.

For the purpose of this study, harmonization can be defined as the exclusion of opposites in mining legislation and the draft of a communal standard to which legislation must comply. This way no state or person will be advantage or disadvantage. International standards of sustainable development must be promoted and the concept of state sovereignty must be kept in mind. The legislation must 'comply' with each other on the most important aspects in the mining process. This will not come down as integration or coordination because harmonization does not aim to bring legislation together as a hole.

There already exists attempts in the AU and SADC to harmonize mining legislation but it is vague and not enforceable.

Mining legislation should not only be in accord with the AU and SADC environmental rights and stipulations but also with the constitutions of the different countries.

The Mining Protocol determine, among other things, that communication between member states must be promoted and information must be exchanged, member states undertake to adopt and develop international standards of health, mine safety and environmental protection. One of the Protocol's purposes is to assure the sustainability

of mineral resources and the protection of the environment. The Mining Protocol does not set specific standards for legislation.

There exist international standards for the three phases of mining. Legislation must comply with these standards.

Some of the legislation applicable to mining in South Africa is the *MPRDA*, *NEMA* and there regulations. In Mozambique it is, among other, the *Mining Law*, *Environmental Regulations for Mining Activities* en die *Mining Law Regulations*. In Tanzania it is, among other, the *Mining Act* and the *Environmental Management Act*. There are similarities as well as differences in this countries' legislation. Despite this, the legislation must still be in line with the Mining Protocol.

A minimum standard must be set and all member states' legislation must comply to that. The mining Protocol must be adapted to determine that all member states' must comply with these minimum standards and their legislation must be adjust according there to, within a specific time.

## **Lys van afkortings**

ACHPR	African Charter on Human and Peoples Rights
AEG	Afrika Ekonomiese Gemeenskap
AYIL	Yearbook of International Law
AU	Afrika Unie
ECA	Environmental Conservation Act
EU	Europese Unie
MPRDA	Mineral Petroleum Resources Development Act 28 van 2002
NEMA	National Environmental Management Act 107 van 1998
OAE	Organisasie vir Afrika Eenheid
OWP	Omgewing waardering praktisyn
PPP	Puluter Pays Prinsipal
SAOG	Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap
SAJELP	The South African Journal of Environmental Law and Policy
REG	Regionale Ekonomiese Gemeenskap
TSAR	Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg
UNCITRAL	Model Law on Cross Border Insolvency United Nations Commission on International Trade

# HARMONISERING VAN MYNBOUWETGEWING IN DIE SAOG

## HOOFSTUK 1 INLEIDING

### 1.1 Agtergrond

Mynbou is 'n industrie wat die ontdekking, ondersoek en verwydering van minerale uit die aarde insluit. Dit moet ekonomies haalbaar wees en die minimum omgewingskade aanrig. Die doel met mynbou is om energie- en mineraalbronne te onttrek en te verwerk.<sup>1</sup> Die gebruik van hierdie bronne is so fundamenteel vir menslike welsyn as wat dit essensieel vir byna elke ekonomiese sektor is.<sup>2</sup> Die mynproses het 'n groot impak op die omgewing aangesien mynboubedrywighede vir lang periodes onderneem word en daarom word dit gewoonlik van gewone korttermynontwikkeling onderskei.<sup>3</sup> Met die oplewing en uitbreiding in die mynwese en mynbou het die bewustheid van omgewingsbeskerming ook vergroot.

Daar is baie myne in verskeie lande wat nie deur die spesifieke land se burgers bestuur word nie, maar deur maatskappye wat in ander lande geregistreer is. Dispute tussen die mynfirmas en die betrokke land se gemeenskappe en regeringsdepartemente kom toenemend voor,<sup>4</sup> dikwels omdat die mynfirmas nie weet wat die betrokke land se mynwetgewing behels nie. In 'n regsisteem wat daagliks meer gespesialiseerd en universeel toepasbaar word, is regsekerheid belangrik. Om verskillende regsisteme, sowel privaat as internasionaal, egter onder dieselfde sambreel te probeer bring, kan potensiaal probleme lewer. Om hierdie rede wil dit dus voorkom dat wanneer

---

<sup>1</sup> Wessels *Environmental Authorisations* 1; Barnard, in *Environmental Law* 233, dui mynbou as 'n belangrike industrie aan omdat dit 'n groot invloed uitoefen op werkseleenthede, ekonomiese ontwikkeling en buitelandse handel.

<sup>2</sup> Shields en Solar 2002 *Mining and Sustainable Development* 32; Anon datum onbekend <http://www.saep.org>; Swart 2003 *The Journal of the South African Institute of Mining and Metallurgy* 489; Barnard *Environmental Law* 233.

<sup>3</sup> Stookes *Journal of Environmental Law* 285; Singh *Best Management Practices of Responsible Mining* 1; Ferreira, Du Plessis en Van der Walt 1999 *SAJELP* 243; Mohamed *Environmental Rights* 18; Barnard *Environmental Law* 233.

<sup>4</sup> Szablowski *Transnational Law and Local Struggles* 3.

verskillende regsisteme geharmoniseer word, state se belange nie opsy geskuif behoort te word nie.<sup>5</sup>

## 1.2 Die Afrika Unie en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap

Suid-Afrika is lid van die Afrika-Unie (AU) en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG). Die voorganger van die AU, die *Organisation of African Unity (OAU)*<sup>6</sup> het alreeds tydens hul stigtingsverdrag die harmonisering van lidstate se beleide en wetgewing beveel,<sup>7</sup> maar daar is steeds nie aan hierdie bepaling uitvoering gegee nie. Volgens artikel 3(j) van die *African Union Constitutive Act* van 2000 (hierna die AU-verdrag) moet state volhoubare ontwikkeling op ekonomiese, sosiale en kulturele vlak bevorder. Dit moet onder meer geskied deurdat state hulle beleide en programme integreer en harmoniseer,<sup>8</sup> maar moet terselfdertyd effektiewe ontwikkeling verseker.<sup>9</sup> Lidstate moet ook, in terme van artikel 55, ontwikkelingsprogramme sodanig harmoniseer dat omgewingsbeskerming bevorder word.<sup>10</sup>

Volgens artikel 5(g) van die *Treaty Establishing SADC* 1992 (hierna die SAOG-verdrag) moet die omgewing effektief beskerm word. Die lidstate het afgesien hiervan ook 'n mynbouprotokol aanvaar.<sup>11</sup> Artikel 2 van die Mynbouprotokol bepaal dat lidstate se omgewingswetgewing, beleide, strategieë en programme geharmoniseer moet word.<sup>12</sup> Tot op hede het nog geen konstruktiewe ontwikkeling in hierdie verband plaasgevind nie. Voordat ontwikkeling ten opsigte van harmonisering kan plaasvind, moet elke land se wetgewing eers afsonderlik bestudeer word.<sup>13</sup> Dit wil voorkom asof

<sup>5</sup> Olivier 2008 *De Jure* 437-442.

<sup>6</sup> Voorloper van die AU. Sien hoofstuk 3.2.

<sup>7</sup> A 2(2).

<sup>8</sup> Du Plessis '*Environmental Regulation of Cross-border Gas Pipelines: Challenges in South Africa*' 13.

<sup>9</sup> A 54 van die AU-verdrag.

<sup>10</sup> Vir meer oor die AU en OAU sien hoofstuk 3, par 3.1.1.

<sup>11</sup> SAOG Mynbouprotokol (van 8 September 1997).

<sup>12</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.2.3.

<sup>13</sup> Sien hoofstuk 5.

SAOG-lande se omgewings- en mynwetgewing wel, in sekere opsigte, van mekaar verskil, maar dat dit tog die omgewingsprobleme, asook probleme betreffende mynbou, in 'n meerdere of mindere mate aanspreek.<sup>14</sup> Die Mynbouprotokol stel 'n standaard wat gevolg kan word om mynbouwetgewing te harmoniseer. Indien mynbouwetgewing nie geharmoniseer word nie, sou dit volhoubare ontwikkeling<sup>15</sup> in die SAOG kon strem.<sup>16</sup> Die mynbousektor lewer 'n groot bydrae tot die ekonomie van die lande in die SAOG. Mynmaatskappye wat oor grense heen werk moet bewus wees van watter wetgewing in elke land van toepassing is. Om vas te stel wat sodanige wetgewing is, en om dit te verstaan, neem tyd en kan ontwikkeling vertraag. Indien wetgewing in die SAOG geharmoniseer word, sou dit moontlik kan verseker dat mynbou vinniger 'n bydrae tot ontwikkeling in die streek kan maak.

### 1.3 Minimum standaarde

Die negatiewe impak van myne op die omgewing kan geminimaliseer word deur goed deurdagte beplanning en die implementering van minimum standaarde.<sup>17</sup> Die SAOG stel geen formele standaard vir omgewingsbeskerming nie.<sup>18</sup> Daar is wel riglyne, of riglyne vir "goeie praktyk"<sup>19</sup> vir mynwetgewing wat deur die Wêreldbank voorgestel word.<sup>20</sup> Soortgelyke standaarde word vir ondergrondse en oopskagmyne gestel.

---

<sup>14</sup> Sien hoofstuk 5.

<sup>15</sup> Hoofstuk 2, par 2.4. Vanweë die omvang van die verhandeling sal volhoubare ontwikkeling nie breedvoerig bespreek word nie. Sien egter wel hoofstuk 5, par 5.2.2.1.1, 5.2.2.2.1 en 5.2.2.3.1.

<sup>16</sup> Roux *Comparison between South African, Namibian and Swaziland's EIA Legislation* 9.

<sup>17</sup> Singh 'Best Management Practices of Responsible Mining' 10.

<sup>18</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap* 146.

<sup>19</sup> Singh definieer "best management practices" soos volg: "An operating practice or combination of practices determined to typically be an effective, practicable means of preventing, controlling, or reducing specific environmental, social, or economic impacts resulting from disturbance, operating, processing, or other human activities." Sien ook hoofstuk 5, par 5.1.2, 5.2.4 en 5.3.2.

<sup>20</sup> World Bank *Environmental, Health and Safety Guidelines* 11 Augustus 1995. Volgens Jesse *Een Hernieuwd Perspectief op Milieuafectrapportage* 64 is die Wêreldbank 'n organisasie binne die Verenigde Nasies wat onder meer lenings voorskiet en ander vorme van finansiering vir projekte in ontwikkelende lande voorsien.

Artikel 8 van die SAOG Mynbouprotokol stel ook standarde vir omgewingsbeskerming.<sup>21</sup> Lidstate se wetgewing moet aan hierdie standarde voldoen voordat wetgewing geharmoniseer kan word. Die standarde sluit onder meer in dat lidstate volhoubare ontwikkeling moet bevorder deur te verseker dat 'n balans tussen mineraalontwikkeling en omgewingsbeskerming bestaan en gehandhaaf word; dat lidstate omgewingsimpakstudies moet aanmoedig; dat lidstate moet saamwerk aan die ontwikkeling van programme vir die opleiding van omgewingswetenskaplikes wat met die mynsektor saamwerk; en dat lidstate inligting betreffende omgewingsbeskerming en rehabilitasie met mekaar moet deel.<sup>22</sup> Suid-Afrikaanse mynmaatskappye is onderworpe aan internasionale standarde vir die beplanning, ontwerp, konstruksie, werking en sluiting van mynafvalstoorsfasiliteite,<sup>23</sup> aangesien Suid-Afrika deel is van verdrae wat dit beveel en ook omdat dit buitelandse handel kan bevoordeel.

#### 1.4 Grondwetlike raamwerke

In verskeie lande in Afrika bestaan 'n reg wat verwys na 'n veilige, gesonde of ekologies gebalanseerde omgewing as 'n onafhanklike mensereg of grondwetlike beginsel. Dit is 'n derdegenerasie mensereg, of te wel 'n solidariteitreg, wat, afhangende van hoe dit in die *Grondwet* vervat is, 'n plig op die staat en die individu plaas.<sup>24</sup>

Die Grondwette van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië bevat byvoorbeeld sodanige klousules. Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, (Die Grondwet)* maak in artikel 24 voorsiening vir die beskerming van die omgewing.<sup>25</sup> Die *Grondwet van Mosambiek, 2004*, maak in artikels 45 en 117 voorsiening vir die beskerming van die omgewing deur die staat en die instelling van regsmechanismes vir die doel.<sup>26</sup>

---

<sup>21</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.2.3.

<sup>22</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.2.3.

<sup>23</sup> Scheurenberg en Grant-Staart 2008 'South African mine residue disposal practice' 19.

<sup>24</sup> Ruppel 'Third-generation human rights' in Horn en Bösl (reds) *Human Rights and the Rule of law in Namibia* 102.

<sup>25</sup> Sien hoofstuk 4, par 4.1.

<sup>26</sup> Sien hoofstuk 4, par 4.2.

Artikel 117(2) plaas 'n plig op die inwoners van Mosambiek om die omgewing te beskerm. Die Mosambiekse Mynwetgewing<sup>27</sup> ondersteun die beginsels wat in artikel 117(2) van *Die Grondwet* uiteengesit word, asook die oogmerk om die gebruik van minerale bronne te reguleer.<sup>28</sup> In die *Grondwet van Tanzanië*, 1997, (*Grondwet van Tanzanië*) word geen verwysing na die omgewing gemaak nie, maar wel na natuurlike hulpbronne. Artikel 9(h)(i) bepaal dat die gebruik van die natuurlike hulpbronne op die ontwikkeling van mense gerig is en op die opheffing van armoede, onkunde en siekte. Artikel 27(1) plaas 'n plig op elke persoon om die natuurlike hulpbronne te beskerm.<sup>29</sup> In Tanzanië is die *Environmental Management Act* 20 van 2004 die omgewingsraamwerkwetgewing. Hierdie wet maak in artikel 4(1) melding daarvan dat elke persoon wat in Tanzanië woon die reg op 'n skoon, veilige en gesonde omgewing het.<sup>30</sup>

## 1.5 Mynwetgewing

Die SAOG-lande het almal mynwetgewing waarvan Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië as voorbeelde bespreek sal word. In Suid-Afrika word mynbou hoofsaaklik deur die *Mineral Petroleum Resources Development Act*, 28 van 2002, (MPRDA) gereguleer.<sup>31</sup> Die MPRDA maak onder andere voorsiening vir gelyke toegang tot en

<sup>27</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.1.2.2, 5.2.2.2 en 5.3.1.2.

<sup>28</sup> Met uitsondering van koolstofhidro-oksied; sien par 1.5.

<sup>29</sup> Sien hoofstuk 4, par 4.3.

<sup>30</sup> In Suid-Afrika is die omgewingsraamwerkwetgewing die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur*, 107 van 1998, (*NEMA*) en die omgewingsraamwerkwetgewing in Mosambiek is die *Environmental Law (Decree 20*, van 1997, van 1 Oktober) uitgevaardig ingevolge artikel 135(1) van *Die Grondwet van Mosambiek*.

<sup>31</sup> Vanweë die omvang van die verhandeling kan al die wette wat op mynbou van toepassing kan wees, nie bespreek word nie. Die volgende wette is, onder andere, ook op mynbou van toepassing: In Suid-Afrika sluit dit onder andere in: die *National Environmental Management: Waste Act*, 59 van 2008; die *Mineral and Petroleum Resources Royalty Act*, 29 van 2008; die *Regulations relating Environmental Impact Assessment*, GK R385 in SK 28753 van 21 April 2005; die *Mining Titles Registrations*, GK R604 in SK 26352 van 14 Mei 2004; die *Promotion of Access to Information Act*, 49 van 2002, die *Regulations on Use of Water for Mining and Related Activities Aimed at the Protection of Water Resources*, GK R704 in SK 20032 van 7 Mei 1999; en die *Nasionale Waterwet*, 36 van 1998. In Mosambiek word onder andere die volgende ingesluit: die *Resolution 4/98 Establishing the Mining Policy*; die *Decree 16/5 Approving the Regulation in Commercialization of Mineral Products*; en die *Decree 32/2003 Ruling*

volhoubare ontwikkeling van die nasie se minerale bronne, asook vir sake wat daarmee verband hou. In Mosambiek is die wetgewing wat mynbou reguleer die *Mining Law 14 of 2002* van 26 Junie;<sup>32</sup> die *Mining Law Regulations 28* van 2003 van 17 Junie<sup>33</sup> en die *Environmental Regulations for Mining Activities 26* van 2004 van 20 Augustus.<sup>34</sup> Tanzanië se mynaktiwiteite word gereguleer deur die *Mining Act 5* van 1998; en die *Environmental (Registration of Environmental Experts) Regulations 348* van 2005.

Die ooreenkomste en verskille tussen die genoemde wetgewing moet vasgestel word.<sup>35</sup> Die wetgewing maak byvoorbeeld almal voorsiening vir die regulering van myne se lewensiklusse, naamlik: prospektering;<sup>36</sup> ontwikkeling en prosessering (konsultasie, omgewingsimpakstudies en ekonomiese haalbaarheid);<sup>37</sup> ontginning en prosessering (die mynproses);<sup>38</sup> rehabilitasie; en sluiting.<sup>39</sup> Die wyse waarop hierdie aktiwiteite gereguleer word, verskil egter. Die manier waarop die mynwetgewing en die omgewingswetgewing in Mosambiek met mekaar verband hou, is byvoorbeeld duideliker as wat die geval is in Suid-Afrika en Tanzanië. Alhoewel al die wetgewing omgewingsimpakstudies vereis, verskil die benadering wat die omgewingsimpakstudies het, van mekaar.<sup>40</sup>

Die doel van hierdie studie is daarom om te bepaal of dit moontlik is om mynbouwetgewing in die SAOG te harmoniseer; en om, indien dit wel moontlik is, aanbevelings te maak oor hoe sodanige harmonisering moet plaasvind ten einde te voldoen aan die bepalings van die SAOG Mynbouprotokol.

---

*on Environmental Audit.* En in Tanzanië word onder andere die *Waterlaws Act, 1* van 1999, die *Water Utilization Act, 42* van 1974, en die *Environmental Impact Assessment and Audit Regulations, 348* van 2005, hierby ingesluit.

<sup>32</sup> Hierna: *Mining Law*.

<sup>33</sup> Hierna: *Mining Law Regulations*.

<sup>34</sup> Hierna: *Environmental Regulations*.

<sup>35</sup> Sien hoofstuk 5.

<sup>36</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.1.

<sup>37</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.2.

<sup>38</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.2.

<sup>39</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.3.

<sup>40</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.1.2.1.3, 5.1.2.2.3 en 5.1.2.3.3.

Die studie bied hoofsaaklik 'n literatuurstudie van verdrae, protokols, wetgewing,<sup>41</sup> artikels en boeke. Die regsvergelende metode word gebruik om die wetgewing in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië te vergelyk ten einde voorstelle vir harmonisering te maak. Die rede wat die keuse van hierdie spesifieke drie lande onderlê, setel in die verskillende regsagtergronde van hierdie lande, naamlik in Suid-Afrika 'n Romeins-Hollandse regsagtergrond,<sup>42</sup> in Mosambiek 'n Portugese regsagtergrond<sup>43</sup> en in Tanzanië 'n Engelsregtelike regsagtergrond.<sup>44</sup> Die administratiewe regstelsels in elk van die betrokke lande verskil en hierdie verskille kan daarom 'n invloed hê op die formulering en inhoud van wetgewing. Deur lande met verskillende regsagtergronde te kies kan die moontlike problematiek wat harmonisering inhou, uitgewys word en kan voorstelle gemaak word hoe die drie uiteenlopende lande se wetgewing geharmoniseer, indien wel, kan word.

In hierdie verhandeling val die soeklig eerstens op wat harmonisering inhou en beteken,<sup>45</sup> en daarna word die regsraamwerke van die AU en die SAOG bespreek as agtergrond vir die invloed wat hierdie organisasies op mynbou kan hê.<sup>46</sup> In aansluiting hierby word sowel die grondwette van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië bespreek,<sup>47</sup> as daardie wetgewing van die drie lande wat op mynbou van toepassing is<sup>48</sup> – ten einde tot 'n gevolgtrekking hieroor te kom.<sup>49</sup>

---

<sup>41</sup> Aangesien Mosambiek se wetgewing meestal in Portugees is, word gebruik gemaak van Engelse vertalings beskikbaar op Mosambiek se webtuiste; asook ander amptelike Engelse vertalings wat aan die navorser beskikbaar gestel is deur middel van 'n regsregister opgestel deur lede van die Navorsingseenheid van die Fakulteit Regte en die Sentrum vir Omgewingsbestuur van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom kampus).

<sup>42</sup> Van der Schyff *Mineral and Petroleum Resources Development Act 9, 24-25, en 98.*

<sup>43</sup> Jourdan *The Mining Sector 3*; Sachs en Welch *Liberating the Law 3.*

<sup>44</sup> Bakari 1991 *African Journal of International and Comparative Law 545-557.*

<sup>45</sup> Hoofstuk 2.

<sup>46</sup> Hoofstuk 3.

<sup>47</sup> Hoofstuk 4.

<sup>48</sup> Hoofstuk 5.

<sup>49</sup> Hoofstuk 6.

## HOOFSTUK 2 HARMONISERING

### 2.1 Wat is harmonisering?

In 'n regsorde wat daagliks meer gespesialiseerd en universeel toepasbaar word, is die behoefte aan regsekerheid uiters belangrik. Die belang is daarin geleë dat verskillende regstelsels, nasionaal en internasionaal, wat onder een sambreel gebring word, die potensiaal het om wanorde te veroorsaak. Daarom moet verskillende regsisteme en terme met omsigtigheid geharmoniseer word sodat die verskillende state se belange op die hart gedra word.<sup>50</sup> Internasionale verhoudinge kan bevorder word as daar beter samewerking tussen lidstate is. Ten einde te kan besluit op watter manier die harmonisering van wetgewing in die SAOG moet geskied, moet eers vasgestel word wat harmonisering is. Die AU-verdrag bepaal dat wetgewing, beleide en planne van lidstate geïntegreer<sup>51</sup> en geharmoniseer<sup>52</sup> moet word ten einde omgewingsbeskerming te bevorder.<sup>53</sup> So bepaal die Afrika Verdrag op Menseregte dat wetgewing, beleide en strategieë gekoördineer moet word.<sup>54</sup> Die AU-verdrag weer, maak voorsiening vir die instelling van 'n gespesialiseerde, tegniese komitee wat met die harmonisering en koördinering van projekte in Afrika handel.<sup>55</sup> Die SAOG-verdrag bepaal dat lidstate hul sosio-ekonomiese beleide en planne moet harmoniseer.<sup>56</sup> Koördinering tussen state wat hul natuurlike hulpbronne betref, is voorts ook belangrik.<sup>57</sup> Die verdrag in terme waarvan die Afrika Ekonomiese Gemeenskap ingestel is,<sup>58</sup> bepaal dat harmonisering, integrasie en koördinering van beleide moet plaasvind<sup>59</sup> en verwys verder daarna dat lidstate 'n gesonde omgewing moet bevorder.<sup>60</sup> Die SAOG Mynbouprotokol<sup>61</sup> bepaal,

<sup>50</sup> Olivier 2008 *De Jure* 437-442.

<sup>51</sup> A 3(j).

<sup>52</sup> A 55 en a 3(1).

<sup>53</sup> Hoofstuk 3, par 3.1.

<sup>54</sup> A 24; sien hoofstuk 3, par 3.1.

<sup>55</sup> A 4(2)(o).

<sup>56</sup> A 5(2)(a) van die SAOG-verdrag.

<sup>57</sup> A 21 van die SAOG-verdrag.

<sup>58</sup> *Treaty Establishing the African Economic Community*.

<sup>59</sup> A 54.

<sup>60</sup> A58.

<sup>61</sup> Sien hoofstuk 3.2.3.

soos reeds aangedui,<sup>62</sup> dat lidstate hul nasionale en streekswetgewing, strategieë, en programme wat verband hou met die ontwikkeling en ontginning van minerale bronne moet harmoniseer.<sup>63</sup> In die SAOG is die Departement Strategiese Beplanning, Gemeenskapsbelang en Beleidharmonisering opgerig om beleide, strategieë en planne vir koördinerings en harmonisering in te stel.

Aangesien die AU-verdrag integrasie, koördinerings, sowel as harmonisering beveel, moet die betekenis en onderskeid van die begrippe vasgestel word.<sup>64</sup> Regionale koördinerings en integrasie word gesien as 'n strategie om Afrika se ekonomiese groei te bevorder,<sup>65</sup> terwyl harmonisering normaalweg verwys na 'n wetgewende proses waarby verskillende wetgewing in een nuwe dokument saamgevat word.<sup>66</sup> Oor die algemeen bevat wetgewing nie 'n definisie van wat met 'harmonisering' bedoel word nie.<sup>67</sup> Faure<sup>68</sup> is van mening dat ten spyte daarvan dat verskeie lande<sup>69</sup> in Europa beleide het wat bepaal dat wetgewing geharmoniseer moet word, daar steeds onsekerheid bestaan oor die definisie van 'harmoniseer'. Volgens hom word die woord binne verskillende kontekste en op verskillende maniere gebruik. Daarom moet daar dus vasgestel word watter betekenis van harmonisering die beste van toepassing sal wees en ook wat die verskillende dokumente en wetgewing bedoel wanneer daar na harmonisering verwys word.

Daar bestaan verskillende maniere hoe wetgewing en verdrae geïnterpreteer kan word. Sommige hiervan word in die volgende paragrafe bespreek. Daar kan byvoorbeeld tussen 'n letterlike en doeldienende benadering ten opsigte van harmonisering onderskei word.

---

<sup>62</sup> Sien hoofstuk 1, par 1.2.

<sup>63</sup> A 2(2).

<sup>64</sup> A 3(c), (j), en (l).

<sup>65</sup> Akokpari *The African Union* 27.

<sup>66</sup> Faure 2002 *European Environmental Law Review* 174.

<sup>67</sup> Faure 2002 *European Environmental Law Review* 175.

<sup>68</sup> Faure 2002 *European Environmental Law Review* 174.

<sup>69</sup> Onder andere Nederland en Duitsland.

### 2.1.1 Letterlike benadering

Volgens die letterlike benadering konsentreer die persoon wat die uitleg doen hoofsaaklik op die letterlike betekenis van die betrokke bepalings.<sup>70</sup> As 'harmonie' volgens hierdie benadering geïnterpreteer moet word, speel die woordeboekbetekenis van die woord 'n rol. Die *HAT*-betekenis<sup>71</sup> van "harmonie" is:

1. vereniging van dele of verwante dinge om 'n welgeordende geheel te vorm;
2. ooreenstemming ten opsigte van menings, gedagtes, gedrag, belange; eendrag, eensgesindheid, goeie verstandhouding.

"Harmonieer" word dus deur die *HAT* gedefinieer as: 'in harmonie, ooreenstemming wees'. *Black's Law Dictionary*<sup>72</sup> beskryf "harmony" as "in harmony with," "synonymous with," "in agreement, conformity or accordance with".<sup>73</sup>

Die *HAT* dui die betekenis vir "integreer" aan as: "tot 'n geheel volledig maak". En "integreerend" is iets "wat onafskeidelik tot die wese [van iets] behoort, 'n onontbeerlike deel daarvan vorm".<sup>74</sup> Volgens *Black's Law Dictionary* is "integration":<sup>75</sup> "The act or process of making whole or entire. Bringing together different groups as equals."

In *Black's Law Dictionary* word ook tussen horisontale en vertikale integrasie onderskei:<sup>76</sup>

Horizontal integration: Combination of two or more businesses of the same type ... Such combinations may violate antitrust laws under certain conditions.

Vertical integration: Combination of two or more businesses on different levels of operation.

---

<sup>70</sup> Botha *Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Studente* 50; Du Plessis *Re-Interpretation of Statutes* 93; Devenish *Interpretation of Statutes* 26.

<sup>71</sup> Odendaal, ea *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 103.

<sup>72</sup> *Black's Law Dictionary* 734.

<sup>73</sup> 734. 'n Ander definisie, Anon [www.citizen.org/trade/harmonization](http://www.citizen.org/trade/harmonization) 9 Jun, is: "The effort by industry to replace the variety of product standards and other regulatory policies adopted by nations in favour of uniform global standards."

<sup>74</sup> 361.

<sup>75</sup> 824. Maar hierdie definisie van integrasie dra nie by tot hierdie studie nie, omdat dit eerder op maatskappye van toepassing is.

<sup>76</sup> *Black's Law Dictionary* 824.

Black verwys ook by die beskrywing van “integrasie” na ‘samesmelting,’ of te wel “merger” wat dui op die “fusion or absorption of one thing into another”.<sup>77</sup> ’n Definisie vir “regionale integrasie” is dan byvoorbeeld:

A process where two or more countries in a particular area voluntarily join together to pursue common policies and objectives in matters of general economic development or in a particular economic field of common interest to the mutual advantage of all the participating states.<sup>78</sup>

“Koördinerings” dui volgens die *HAT* op “in onderlinge verband, samewerking bring, by mekaar laat aansluit”,<sup>79</sup> terwyl “regionale koördinerings” verwys na die beginpunt van ’n integrasieproses wat moontlik verskillende prosesse mag insluit.<sup>80</sup> “Cooperation” weer dui volgens Black op:<sup>81</sup>

1. An association of individuals who join together for common benefit.
2. A unity of action to common end or result, not merely joint or simultaneous action.
3. The voluntary coordinated action of two or more countries occurring under a legal regime and serving a specific objective.

Nommer drie van hierdie definisie van “cooperation” verskaf ’n goeie basis vir die definisie van koördinerings, of te wel samewerking. Aan die hand van die voorafgaande definisies kan die volgende elemente van harmonisering onderskei word:

- Gedeeltes van wetgewing moet voldoen aan uniforme standarde wat gestel word;
- uniforme standarde moet bestaan; en
- die uiteinde van die proses moet ’n eenheid wees.

Indien die woordeboekbetekenis op die reg van toepassing gemaak kan word, kan ‘harmonisering’ vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer word as die proses om

---

<sup>77</sup> 1009.

<sup>78</sup> Asante *Regionalisation and Africa's Development* 20.

<sup>79</sup> 603

<sup>80</sup> Akokpari *The African Union* 87.

<sup>81</sup> 329.

gedeeltes van wetgewing in ooreenstemming met 'n uniforme standaard te verenig, met die doel om eenvormigheid te bewerkstellig. Integrasie weer, word vir die doeleindes van hierdie studie en met verwysing na die bostaande definisie, gedefinieer as die uitwissing van die verskille tussen daardie wetgewing van verskillende lande wat op dieselfde onderwerp van toepassing is; en ook die uitwissing van verskille in 'n land se nasionale wetgewing. Vervolgens word 'koördinerings' vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer as die begin van die integreringsproses waartydens verskillende lande begin saamwerk om 'n gemeenskaplike oogmerk óf vas te stel, óf in daardie rigting begin beweeg.

### **2.1.2 Doeldienende benadering**

Volgens die doeldienende benadering moet die bedoeling van die wetgewer bepaal word.<sup>82</sup> Daar moet vasgestel word wat aanleiding gegee het tot die bepaling dat wetgewing geharmoniseer moet word. By die 2004 OHADA-konferensie<sup>83</sup> het Yakubu die opmerking gemaak dat "African countries must rise up to the challenges of harmonizing its different laws to take the continent away from the stigma of a developing status."<sup>84</sup> By dieselfde konferensie het Tumnde gesê: "The purpose of harmonization is to end this trend of balkanization" – naamlik om op te hou om die streek, of 'n groep, in kleiner dele op te breek. Volgens Yakubu en Tumnde<sup>85</sup> sal dit beteken dat wanneer lidstate hul wetgewing harmoniseer, elkeen steeds sy eie wetgewing kan behou, maar dat dit op dieselfde moet neerkom.

In die aanhef van die SAOG-verdrag word bepaal dat die lidstate 'n plig het om nasionale ekonomieë te integreer sodat daar gebalanseerde en gelyke ontwikkeling in die streek kan plaasvind.<sup>86</sup> Dit word herhaal in artikel 21(1).<sup>87</sup> Voorts kan daar ook

---

<sup>82</sup> Botha *Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Studente* 51; Du Plessis *Re-Interpretation of Statutes* 111; Devenish *Interpretation of Statutes* 39.

<sup>83</sup> Nigerië, Mei 2004.

<sup>84</sup> Mirriam-Webster Online Dictionary; Random House Dictionary Inc; New Dictionary for Cultural Literacy; "for example the break up of the soviet union" geography.about.com.

<sup>85</sup> Nigerië, Mei 2004.

<sup>86</sup> "We the Heads of State and Government of [SADC countries]... *Conscious* of our duty

onder andere protokols gesluit word, met die oogmerk om meganismes vir samewerking en integrasie te beskryf.<sup>88</sup> Koördineringsbeveel in artikel 3 van die Mynbouprotokol. Hiervolgens moet lidstate hul bestuur van minerale bronne in die streek koördineer.<sup>89</sup> In die Protokol word 'n Tegnieese Komitee ingestel wat onder andere die funksie het om advies te gee oor die koördinerings van aktiwiteite, projekte, studies en programme.<sup>90</sup> Uit die Mynbouprotokol<sup>91</sup> kan die afleiding gemaak word dat koördinerings eerder op aktiwiteite van toepassing is en nie op wetgewing nie. Daarom kan koördinerings, volgens die doeldienende benadering, beskou word as die kommunikasie en samewerking tussen verskillende state in die poging om hul aktiwiteite tot min of meer dieselfde gevolge te laat kom. Die Mynbouprotokol vorm byvoorbeeld 'n raamwerk vir die bevordering van samewerking, koördinerings, beleggings en produktiwiteit in die streek se mynbousektor.<sup>92</sup> Die doel van 'n protokol kan gebruik word om te bepaal of integrasie, koördinerings of harmonisering moet plaasvind.<sup>93</sup> Indien die doel van die protokol op harmonisering dui, moet besluit word watter vorm van harmonisering die beste sal wees om in die proses van harmonisering te gebruik.

## 2.2 Harmoniseringsvorme

Daar bestaan verskeie metodes aan die hand waarvan wetgewing geharmoniseer kan word.<sup>94</sup> 'n Verdrag kan normatiewe reëls neerlê. Sulke reëls kan só gedetailleerd

---

to promote the independence and integration of our national economics for harmonious, balanced and equitable development of the region."

<sup>87</sup> "Member states shall cooperate in all areas necessary to foster regional development and integration on the basis of balance, equity and mutual benefit." A 21(3)(e) bepaal: "In accordance with the provisions of this Treaty, member states agree to cooperate in the areas of natural resources and environment."

<sup>88</sup> A 22(1).

<sup>89</sup> A 3(1).

<sup>90</sup> A 10(3)(d)(i)-(iii).

<sup>91</sup> Aa 10–11.

<sup>92</sup> *Botha Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Studente* 51; Du Plessis *Re-Interpretation of Statutes* 111.

<sup>93</sup> Sien ook hoofstuk 3, par 3.2.3.

<sup>94</sup> Ndulo 1996 *AYIL* 195-225.

Verskeie ander vorme van harmonisering bestaan ook.

wees dat dit eenvormige bepalings vir 'n spesifieke streek daarstel, óf dit kan algemene eenvormige standarde stel waardeur daar van lidstate vereis word om wetgewing te implementeer ten einde aan die betrokke verdrag te voldoen.<sup>95</sup> In die SAOG word algemene, eenvormige standarde gestel waarvolgens lidstate se wetgewing geïmplementeer moet word.<sup>96</sup> 'n Ander manier waardeur harmonisering bewerkstellig kan word, is dat modelwetgewing opgestel moet word aan die hand waarvan nasionale wetgewing aangepas kan word.<sup>97</sup> Harmonisering kan op streeksvlak geskied deur die formulering van regionale wetgewing wat die wetgewing van lidstate vervang, óf deur die formulering van regionale wetgewing wat lidstate verplig om nasionale wetgewing aan te pas.<sup>98</sup>

Positiewe harmonisering en negatiewe harmonisering kan van mekaar onderskei word. Negatiewe harmonisering behels die proses waardeur nasionale wetgewing herroep word indien hierdie wetgewing die nastreef van 'n bepaalde doel belemmer.<sup>99</sup> Positiewe harmonisering is die proses waarvolgens 'n regionale wetgewer 'n bepaalde standaard neerlê en alle lidstate aan daardie standaard moet voldoen.<sup>100</sup> Onder positiewe harmonisering kom nog twee vorme van harmonisering voor, naamlik totale en minimum harmonisering. Daar bestaan ook verskeie ander vorms van harmonisering, bekend as: opsionele, gedeeltelike, alternatiewe en gesamentlike erkenning van kontroles, en koue harmonisering.

### **2.2.1 Totale, of maksimum, harmonisering**

Totale, of maksimum, harmonisering vind plaas wanneer lidstate geen diskresie het om onafhanklik op te tree nie.<sup>101</sup> Met ander woorde: lidstate mag nie 'n minder streng of 'n

<sup>95</sup> Ndulo 1996 AYIL 195-225.

<sup>96</sup> Ndulo 1996 AYIL 195-225. Sien ook: Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 136.

<sup>97</sup> Ndulo 1996 AYIN 195-225.

<sup>98</sup> Ndulo 1996 AYIN 195-225.

<sup>99</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 129.

<sup>100</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 129.

<sup>101</sup> Majone 2002 *Governance: An International Journal for Policy, Administration and Institutions* 377.

hoër standaard stel as dié wat deur die instansie gestel word nie. Standaarde kan slegs verhoog of verlaag word indien staatsveiligheid beskerm moet word, of 'n noodtoestand ontstaan.<sup>102</sup> Alhoewel harmonisering en unifikasie verwante konsepte is,<sup>103</sup> moet daar steeds 'n onderskeid tussen totale harmonisering, en die proses van unifikasie, getref word. By unifikasie word nuwe beginsels neergelê (normaalweg in die vorm van regulasies) waarvolgens die reëls geïnterpreteer en geïmplementeer moet word. Dit kom dus daarop neer dat iets dieselfde gemaak word.<sup>104</sup> By totale harmonisering egter, word 'n gemeenskaplike stel reëls wat in die betrokke veld neergelê is, en wat aan elke afsonderlike staat bekend is, gebruik om die reëls te interpreteer.<sup>105</sup> Daarom kan die unifikasie van wetgewing beskou word as 'n proses, binne die proses van harmonisering.<sup>106</sup>

### **2.2.2 Minimum harmonisering**

Waar minimum harmonisering ter sprake is, word 'n minimum standaard gestel waaraan alle lidstate moet voldoen.<sup>107</sup> Die gevolg is dat die verskille tussen lidstate se wetgewing verminder, omdat daar sekere standarde is waaraan voldoen moet word.<sup>108</sup> As daar aan die minimum standarde voldoen word, staan dit lidstate vry om hul eie, hoër, standarde te implementeer.<sup>109</sup> Die standarde wat die lidstate stel, mag nie laer wees as die organisasie se standarde nie want dit sal teenstrydig wees met die oogmerk van die organisasie – soos byvoorbeeld om 'n hoë vlak van

---

<sup>102</sup> Stuard Datum Onbekend *Principles of Law Harmonisation* <http://www.cstp.undp.ba>.

<sup>103</sup> Keile 2003 *Nordic Journal of Commercial Law of the University of Turku Finland*, <http://www.njcl.utu.fi> 1-21.

<sup>104</sup> Keile 2003 *Nordic Journal of Commercial Law of the University of Turku Finland*, <http://www.njcl.utu.fi> 1-21.

<sup>105</sup> Kurr 'Intellectual Property' 75-100.

<sup>106</sup> Keile 2003 *Nordic Journal of Commercial Law of the University of Turku Finland*, <http://www.njcl.utu.fi> 1-21; Scholtz 'Environmental Harmonization in the SADC Region' 385-397.

<sup>107</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 137; Scholtz 'Environmental Harmonization in the SADC Region' 385-397.

<sup>108</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 137; Scholtz 'Environmental Harmonization in the SADC Region' 385-397.

<sup>109</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 137.

omgewingsbeskerming na te streef.<sup>110</sup> Minimum harmonisering verhoed nie dat verskillende standarde tussen lidstate onderling gehandhaaf word nie.<sup>111</sup> Die afwesigheid van enige definitiewe standarde vir omgewingsbeskerming in die SAOG wil dit laat voorkom asof die doel met minimum harmonisering sal wees om minimum standarde te stel.

### **2.2.3 Opsionele harmonisering**

Met opsionele harmonisering word die wetgewende gesag van lidstate toegelaat deur die leidende 'magte' (in die geval sal dit die AU of die SAOG wees) om óf nasionale norme óf gemeenskapsnorme toe te pas.<sup>112</sup>

### **2.2.4 Gedeeltelike of eensydige harmonisering**

Gedeeltelike of eensydige harmonisering is die regulering van sekere aspekte van 'n spesifieke veld. Dit sal regulasies wees wat van toepassing is op sekere gemeenskaplike velde, byvoorbeeld regulasies dat myngebiede gerehabiliteer moet word.<sup>113</sup>

### **2.2.5 Alternatiewe harmonisering**

Alternatiewe harmonisering laat lidstate toe om enige metode van harmonisering te gebruik, om hul doel te bereik.<sup>114</sup>

---

<sup>110</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 138.

<sup>111</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 138.

<sup>112</sup> Stuart Datum Onbekend *Principles of Law Harmonisation* <http://www.cstp.undp.ba>.

<sup>113</sup> Stuart Datum Onbekend *Principles of Law Harmonisation* <http://www.cstp.undp.ba>.

<sup>114</sup> Stuart Datum Onbekend *Principles of Law Harmonisation* <http://www.cstp.undp.ba>.

## **2.2.6 Gesamentlike erkenning van kontroles**

Gesamentlike erkenning van kontroles is wanneer lidstate sekere maatreëls gesamentlik erken, in plaas daarvan om substantiewe reëls te erken en te harmoniseer.<sup>115</sup>

## **2.2.7 Koue harmonisering**

Koue harmonisering behels die harmonisering van wetgewing wat plaasvind sonder dat lidstate verplig word om hul regstelsels te verander<sup>116</sup> – met ander woorde: harmonisering geskied vrywillig.

Noudat die verskillende vorme van harmonisering onderskei is, moet die mees geskikte vorm vir hierdie studie, geïdentifiseer word.<sup>117</sup> Maar alvorens dit kan gebeur, moet die doel en effek van harmonisering op wetgewing vasgestel word.

## **2.3 Doel en effek van harmonisering**

Harmonisering is die proses waardeur gedeeltes van wetgewing volgens 'n uniforme standaard verenig word met die doel om eenvormigheid te bewerkstellig.<sup>118</sup> Die hoofdoel van die harmonisering van omgewingswetgewing, en ook in die geval van mynbouwetgewing, is omgewingsbeskerming. Een van die voordele van harmonisering is dat dit die potensiaal het om interaksie tussen Afrika en die res van die wêreld te bevorder.<sup>119</sup> Die uitwerking van harmonisering is die regulering van 'n spesifieke veld, wat uiteindelik 'n beter balans tussen die onderskeie lidstate moet meebring.<sup>120</sup> Daar moet byvoorbeeld 'n balans gehandhaaf word tussen vryemarkhandel en omgewingsbeskerming – selfs in die afwesigheid van

<sup>115</sup> Stuart Datum Onbekend *Principles of Law Harmonisation* <http://www.cstp.undp.ba>.

<sup>116</sup> Kurr 'Intellectual Property' 75-100.

<sup>117</sup> Sien hoofstuk 6, par 6.4.

<sup>118</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.1.

<sup>119</sup> Makinda and Okumu *The African Union, Challenges of Globalization* 100.

<sup>120</sup> Bermann and Pistor *Law and Governance* 163.

harmonisering.<sup>121</sup> Lande moet hul wette en regstelsels harmoniseer sodat handel en ekonomiese groei nie belemmer word nie.<sup>122</sup> Aan die anderkant kan wetgewing volhoubare ontwikkeling vereis. Dit kan meebring dat daar spanning ontstaan wanneer byvoorbeeld mynbouwetgewing geharmoniseer moet word. Uit die bespreking rakende die verskillende vorme van harmonisering, kan voorlopig die gevolgtrekking gemaak word dat wat die harmonisering van omgewingswetgewing betref, absolute harmonisering nie 'n vereiste sou wees nie, maar dat dit dalk eerder nodig sal wees om 'n minimum standaard te stel.<sup>123</sup>

Harmonisering is belangrik in die strewe daarna dat een staat (met byvoorbeeld swak of geen omgewingswetgewing) nie ekonomies bevoordeel word bo 'n ander staat waar hoë omgewingstandaarde gehandhaaf word, nie. Omdat swakker state nie oor goeie ontwikkelingskapasiteit beskik nie, word dit soms aanvaar dat die sterker staat se wetgewing as maatstaf gebruik moet word vir harmonisering.<sup>124</sup> So 'n siening sou nie noodwendig algemeen aanvaarbaar wees nie, aangesien dit 'n negatiewe invloed op die integrasie- en harmoniseringsproses van die streek sou kon hê.<sup>125</sup> Volgens artikel 5(1) van die SAOG-verdrag wil dit egter voorkom asof die harmonisering van wetgewing beskou kan word as 'n manier waardeur volhoubare ontwikkeling bevorder en konkrete standaarde, waaraan alle lidstate moet voldoen, neergelê kan word.<sup>126</sup> Volhoubaarheid sou dus die belangrikste oogmerk wees waarna gestreef moet word; en ander oorwegings, soos onder andere 'sterker state', behoort nie 'n rol hierin te speel nie. Een van die Rio Deklarasie<sup>127</sup> se hoofkospunte is volhoubare ontwikkeling.

<sup>121</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 133.

<sup>122</sup> Bernabe-Riefkohl 1995 *NCJ Int'l en Com Reg* 212.

<sup>123</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 138.

<sup>124</sup> Scholtz 'Environmental Harmonization in the SADC Region' 385-397.

<sup>125</sup> Scholtz 'Environmental Harmonization in the SADC Region' 385-397.

<sup>126</sup> Volgens a 12(a)(i) en (ii) van NEMA moet harmonisering in Suid-Afrika plaasvind ten einde die duplisering van prosedures en werksaamhede so veel moontlik te beperk, en konsekwentheid in die uitvoering van werksaamhede wat die omgewing mag raak, te bevorder. Die optrede vind binne staatsverband plaas en raak nie Suid-Afrika se verhoudinge met ander SAOG-lande nie. Sien: Scholtz 'Environmental Harmonization in the SADC Region' 385-397.

<sup>127</sup> Junie 1992. Vanweë die omvang van die verhandeling kan daar nie in diepte ingegaan word op die Deklarasie nie, maar vir meer hieroor sien Kidd *Environmental Law* 52; Birnie en Boyle *International Law* 565; Sands *Principles of International Environmental*

Hierdie deklarasie bevat ook omgewingsbeginsels wat onder andere die reg op ontwikkeling insluit. Hierdie reg word beperk deurdat die reg só uitgeoefen moet word dat dit toekomstige generasies se behoeftes in ag neem.<sup>128</sup> State word verder aangemoedig om effektiewe omgewingswetgewing en standaarde daar te stel en die belang van omgewingsimpakstudies word beklemtoon.<sup>129</sup> Ingevolge die Rio Deklarasie word state verplig om mekaar in te lig oor wat die uitwerking van hulle handelinge op mekaar se omgewings sal wees; en ook om in goeie trou met mekaar te onderhandel.<sup>130</sup> Aangesien mynaktiwiteite situasies soos byvoorbeeld oorgrensbesoedeling tot gevolg kan hê.

Ten einde te verseker dat sowel volhoubare ontwikkeling as ekonomiese vooruitgang bevorder word, moet daar eers vasgestel word wat volhoubare ontwikkeling behels. Volgens Stookes se interpretasie beteken volhoubare ontwikkeling in die mynbouproses, om die myngrond en die omliggende area te herstel tot die posisie daarvan soos wat dit was voordat die aktiwiteite 'n aanvang geneem het.<sup>131</sup> Dit is egter wat mynbou betref onmoontlik om die grond en aarde te herstel na die posisie wat dit voordat die aktiwiteite 'n aanvang geneem het, had – aangesien onder andere plantegroei en natuurlike habitats geheel en al vernietig word.<sup>132</sup> Die grond word dikwels tot so 'n mate versteur dat dit onmoontlik is om dit weer honderd persent te kan herstel. Die mineraal wat ontgin word, is gewoonlik beperk en sal uiteindelik uitgeput word.<sup>133</sup> Daarom is dit veiliger om te sê dat die aarde herstel moet word sodat dit weer

---

*Law 54-57; Holder and Lee Environmental Protection 220-230; Van den Berg An Environmental Framework for Cross-Border Regulation 6; Thornton en Beckwiths Environmental Law 19.*

<sup>128</sup> Beginsel 3.

<sup>129</sup> Beginsel 11.

<sup>130</sup> Beginsel 19. Dit kan ook as koördinerende beskou word. Sien ook hoofstuk 2, par 2.1.1.

<sup>131</sup> Stookes *A Practical Approach* 26; Coppin and Box 'Sustainable Rehabilitation and Revegetation' 229-241.

<sup>132</sup> Wells *ea* 'Terrestrial Minerals' 513-578; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 3.

<sup>133</sup> In Wells 'Terrestrial Minerals' 513-578 word gemeld dat "optimum resource utilisation is a philosophy that guides all responsible mining companies. In practice this means that as much as possible of a mineral deposit must be extracted but this must be constrained by safety, environmental and economic considerations, because the deposits will one day run out".

bruikbaar kan wees, selfs al sou dit net vir boudoeleindes wees. Volhoubare ontwikkeling kan ook nie net in terme van mynbou bespreek word nie en daarom moet daar na die breër definisie gekyk word. Die algemeen aanvaarde breër definisie van volhoubare ontwikkeling, is die definisie wat in 1987 in die Brundtland-verslag gegee is:<sup>134</sup>

... development that meets the needs of the present without compromising the ability of future generations to meet their needs. It contains within it two concepts: the concepts of 'needs', in particular the essential needs of the world's poor, to which overriding priority should be given; and the idea of limitation imposed by the state of technology and social organisation on the environment's ability to meet present and future needs.

Met verwysing na hierdie definisie kan volhoubare ontwikkeling aangedui word as iets wat uit drie pilare bestaan, naamlik: sosiale ontwikkeling, ekonomiese ontwikkeling en omgewingsbeskerming.<sup>135</sup> Hierdie drie komponente moet altyd in verhouding tot mekaar staan. Indien dit nie gelyk, of in verhouding tot mekaar is nie, sal dit onstabiliteit tot gevolg hê en die doel van volhoubare ontwikkeling sal nie bereik word nie.<sup>136</sup> Hierdie konsep word in die onderstaande diagram verduidelik:<sup>137</sup>


---

<sup>134</sup> World Commission on Environment and Development, 'Our Common Future' Oxford University 1987; Stookes *A Practical Approach* 26; Holder and Lee *Environmental Protection* 231-232. Vir verdere inligting betreffende volhoubare ontwikkeling, sien: Van den Berg *An Environmental Framework for Cross-Border Regulation* 6; Rao 2002 *International Environmental Law* 30; Holder en Lee *International Protection* 218-263; Szablowski *Transnational Law* 85; Ireton Datum onbekend <http://www.enviropaedia.com>; Currie and De Waal *The Bill of Rights Handbook* 526; Thornton and Beckwiths *Environmental Law* 22; Kidd 2008 *SAJELP* 85-102; Pete 2008 *SAJELP* 103-126; Barnard *Environmental Law* 55-58; Anon Datum onbekend <http://www.saep.org>.

<sup>135</sup> Stookes *A Practical Approach* 27; Kidd *Environmental Law* 52; Holder en Lee *Environmental Protection* 217, 237-242; Manuel and Muacanhia 'Alluvial Gold Mining Constraints' 371-382; Ferreira 1999 *TSAR* 435-453.

<sup>136</sup> Van der Linde en Basson *Environment* 23; Du Plessis en Britz 2007 *TSAR* 263-276; Kidd 2008 *SAJELP* 85-102.

<sup>137</sup> <http://www.eoearth.org>.



**Diagram 1: Volhoubare ontwikkeling**

Die konsepte in hierdie definisie is egter te breed en gee nie 'n aanduiding van wat die toekomstige generasies se behoeftes is nie. Dit sal ook nie moontlik wees om die toekomstige generasies se behoeftes volledig in ag te neem nie, aangesien, in die geval van mynbou, die toekomstige generasies heel moontlik ook voordeel uit die mynbou sal wil trek. Alhoewel dit nie altyd moontlik sal wees nie, omdat minerale bronne uitgeput raak en die huidige generasie die voordeel van daardie minerale geniet. In *Fuel Retailers Association of Southern Africa v Director-General*<sup>138</sup> is daar geappelleer teen die Hoogste Hof van Appèl se uitspraak oor die aard en omvang van die omgewingsowerhede se bevoegdhede wanneer hulle besluite maak wat 'n impak op die omgewing kan hê.<sup>139</sup> Dit behels veral die interaksie tussen die drie komponente van volhoubare ontwikkeling, naamlik sosiale ontwikkeling, ekonomiese ontwikkeling<sup>140</sup>

<sup>138</sup> In *Fuel Retailers Association of Southern Africa v Director-General: Environmental Management, Department of Agriculture, Conservation and Environment, Mpumalanga Province and Others* CCT 67/06 2007 ZACC 13; 2007 (10) BCLR CC; 2007 6 SA 4 (CC) het die Departement Landbou, Bewaring en Omgewingsake?, die aansoek om 'n vulstasie in Mpumalanga op te rig, goedgekeur. Fuel Retailers het beswaar gemaak omdat die Departement nie die sosio-ekonomiese impak van die vulstasie in ag geneem het nie. Sien ook: Couzens 2008 SAJELP 23-56; Kidd 2008 SAJELP 85-102; Kotzé en Paterson 'South Africa' in Kotzé en Paterson *The Role of the Judiciary* 557-601.

<sup>139</sup> Par 1.

<sup>140</sup> Volgens Du Plessis en Britz 2007 TSAR 263-276 moet die sosiale impak van die

en die beskerming van die omgewing.<sup>141</sup> Die applikant se saak het onder andere berus op die argument dat die owerhede verplig is om die aard en omvang van voorgenome aksies, met inagneming van die sosio-ekonomiese en omgewingsimpak, te oorweeg.<sup>142</sup> Dit beteken dat die drie komponente van volhoubare ontwikkeling oorweeg moet word.<sup>143</sup> Regter Ngcobo sê dat artikel 24 van die Suid-Afrikaanse Grondwet 'n plig op die owerheid plaas om die belang van die balans van die omgewing op te weeg teen die bevordering van "regverdigde ekonomiese en sosiale ontwikkeling".<sup>144</sup> Sosio-ekonomiese ontwikkeling is essensieel vir die welstand van die mens,<sup>145</sup> maar kan nie op 'n onvolhoubare wyse geskied nie omdat sosio-ekonomiese ontwikkeling aan die omgewing gekoppel is.<sup>146</sup> Volgens die hof kan onbeperkte ontwikkeling nadelig vir die omgewing wees, en is die verwoesting van die omgewing nadelig vir ontwikkeling.<sup>147</sup> Die hof plaas, in die afwesigheid van belange in die geval van omgewingsimpakstudies, egter groter klem op ekonomiese belange as sosiale en omgewingsbelange, as wat voorheen die geval was.<sup>148</sup> Groter klem op die afweeg van ekonomiese belange hou implikasies vir mynbou en aansoeke om te myn in, omdat een van die vereistes is dat dit ekonomies haalbaar moet wees. As daar meer klem op die ekonomiese been van

---

ontwikkeling vergelyk word met die sosiale omstandighede sonder ontwikkeling. Dit sou byvoorbeeld insluit (?): die impak op die bevolking; konflikte tussen huidige inwoners en nuwe persone wat die gemeenskap binnekom as gevolg van ontwikkeling; die impak van die ontwikkeling op individue en op lede van die gemeenskap se familielewe; die impak op die gemeenskap as geheel; asook die impak op die gemeenskap se infrastruktuurbehoefes.

Par 2. Volgens Du Plessis en Britz 2007 *TSAR* 263-276 behoort daar by die aansoek vir 'n ontwikkeling vasgestel te word wat die impak daarvan op die omgewing sal wees. Daar moet gekyk word na die fisiese en ekologiese karaktereenskappe van die area, asook die huidige en potensieel toekomstige gebruik van die grond; die huidige en potensieel toekomstige besoedeling, risiko's en gevare; die impak op gesondheid en veiligheid; sowel as die kummulatiewe uitwerking wat die ontwikkeling op die omgewing sal hê.

<sup>142</sup> Par 30 en 34. Sien ook: Du Plessis en Britz 2007 *TSAR* 263-276.

<sup>143</sup> In par 41 sê Regter Ngcobo, in die meerderheidspraak: "(T)he need to protect the environment cannot be gainsaid. How these two compelling needs interact, their impact on the decisions affecting the environment and the obligations of environmental authorities in this regard, are an important constitutional question."

<sup>144</sup> Par 44; Kotzé en Paterson 'South Africa' in Kotzé en Paterson *The Role of the Judiciary* 557-601.

<sup>145</sup> Par 44.

<sup>146</sup> Pete 2008 *SAJELP* 103-126.

<sup>147</sup> Par 44.

<sup>148</sup> Par 45.

volhoubaarheid gelê word, beteken dit dat mynbou se bydrae tot die ekonomie swaarder kan weeg by die oorweging van omgewingsbestuursplanne, omgewingsimpakstudies en omgewingsbestuursprogramme, as die beskerming van die omgewing.<sup>149</sup> Sachs het in die minderheidsuitspraak geredeneer dat ekonomiese ontwikkeling nie oorweeg kan word as die omgewingsnadeel nie ook in ag geneem word nie.<sup>150</sup> Die implikasie is dat groter klem op omgewingsbeskerming in mynbouwetgewing, of in afsonderlike wetgewing wat op mynbou van toepassing is, geplaas moet word ten einde die uitwerking van die meerderheidsuitspraak te verminder. Onder alle omstandighede moet die ideaal, naamlik, dat minerale nie ten koste van toekomstige generasies ontgin moet word nie, in ag geneem word. Die koste verbonde aan mynrehabilitasie en die sluiting van myne moet nie net deur die omgewing bepaal word nie, maar ook deur die gemeenskappe rondom die myn.<sup>151</sup>

Na die Brundtland Verslag het die Rio Konferensie<sup>152</sup> plaasgevind waartydens die fokus ook op volhoubare ontwikkeling geval het; en in 2002 is die *World Summit on Sustainable Development* in Johannesburg<sup>153</sup> aangebied – waar die beginsels van volhoubare ontwikkeling weer bevestig is en (waarna?) die begrip in State se Grondwette opgeneem is. Volhoubare ontwikkeling is nou 'n algemeen aanvaarde begrip en praktyk in die meeste lande wêreldwyd.<sup>154</sup> Daar word in die wetgewing van Suid-Afrika,<sup>155</sup> Mosambiek<sup>156</sup> en Tanzanië<sup>157</sup> melding gemaak van volhoubare

---

<sup>149</sup> Par 58.

<sup>150</sup> Par 113.

<sup>151</sup> Sien: *Bareki NO v Gencor Ltd* 2006 1 SA 432 (T); *Director: Mineral Development, Gauteng Region and Sasol Mining (Pty) Ltd v Save the Vaal Environment* 1999 2 SA 709 (SCA) 719.

<sup>152</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.

<sup>153</sup> [www.un.org/events/wssd/](http://www.un.org/events/wssd/)

<sup>154</sup> Holder en Lee *Environmental Protection* 217.

<sup>155</sup> In die MPRDA word volhoubare ontwikkeling gedefinieer as: die "integration of social, economic and environmental factors into planning, implementation and decision making so as to ensure that mineral and petroleum resources development serves present and future generations". NEMA definieer volhoubare ontwikkeling as die "integrasie van maatskaplike, ekonomiese en omgewingsfaktore in die beplanning, implementering en besluitneming ten einde te verseker dat ontwikkeling huidige en toekomstige geslagte dien".

<sup>156</sup> In Mosambiek definieer Law no 20 van Okt 97 (die wet se naam is nie beskikbaar nie)

ontwikkeling en daarom sal volhoubare ontwikkeling in ag geneem moet word by die harmonisering van hierdie lande (en ook ander SAOG-lande) se wetgewing.<sup>158</sup> Die vraag is dan tot hoe 'n mate in ander state se nasionale wetgewende bevoegdheid ingemeng kan word en hoe harmonisering 'n inbreuk maak op state se soewereiniteit.

## 2.4 Staatsoewereiniteit en harmonisering

Staatsoewereiniteit<sup>159</sup> maak die ideaal van harmonisering van verskillende regsisteme meer ingewikkeld.<sup>160</sup> Die SAOG-verdrag bepaal dat alle lidstate gelyke soewereiniteit het.<sup>161</sup> Die AU-verdrag bepaal dat state hul soewereiniteit, territoriale integriteit en onafhanklikheid moet verdedig teenoor die van ander lidstate.<sup>162</sup> Staatsoewereiniteit oor natuurlike bronne is 'n beginsel van openbare internasionale reg<sup>163</sup> wat die verhouding tussen state reguleer, maar nie die verhouding tussen 'n staat en sy burgers nie.<sup>164</sup> Volgens Kreijen beteken staatsoewereiniteit "om die hoogste gesag oor 'n politieke eenheid uit te oefen met die uitsluiting van enige ander magte".<sup>165</sup> 'n Staat se soewereiniteit en jurisdiksie word beperk tot sy territoriale gebied.<sup>166</sup> Soewereiniteit magtig 'n staat om sy funksies, as 'n staat, binne 'n sekere gebied uit te oefen –

---

volhoubare ontwikkeling as "development based on an environmental management which satisfies the needs of the current generation without compromising the equilibrium of the environment or the ability of future generations also to satisfy their needs".

<sup>157</sup> In die *Environmental Management Act 20*, van 2004, word volhoubare ontwikkeling gedefinieer as die "development that meets the needs of the present generation without compromising the ability of future generations to meet their needs by maintaining the carrying capacity of the supporting ecosystems".

<sup>158</sup> Sien hoofstuk 5.

<sup>159</sup> Vir meer oor staatsoewereiniteit en die MPRDA, sien: Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 10.

<sup>160</sup> Van den Berg *An Environmental Framework* 37.

<sup>161</sup> A 4(a).

<sup>162</sup> A 3(b).

<sup>163</sup> Sien in dié verband: a 1 van die *Permanent Sovereignty over Natural Resources* (GA 1803 XXIX 1962) en a 2(1) van die *United Nations Charter of Economic Rights and Duties of the State* (GA Res 3281 XXIX); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 108.

<sup>164</sup> Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law of South Africa* 13-3.

<sup>165</sup> Kreijen *State Failure* 28.

<sup>166</sup> Dugard *International Law* 126; James *Sovereign Statehood* 4.

en ander state moet dit respekteer.<sup>167</sup> Dit is hoofsaaklik 'n regering van 'n staat se funksie om wetgewing uit te vaardig en neer te lê, oortreders te vervolg en aksies af te dwing,<sup>168</sup> maar dit beteken nie dat daar hoegenaamd geen inmenging van ander state en streeksorganisasies mag wees nie. Alle state het 'n keuse of hulle 'n verdrag wil onderteken. Met die ondertekening van 'n verdrag verbind die staat hom tot die verdrag en gevolglik sal inmenging van ander state en organisasies, tot die mate waartoe die verdrag dit magtig, plaasvind. In terme van die hedendaagse internasionale reg is dit onaanvaarbaar dat state hul eie burgers en ander persone se lewens in gevaar stel en daarom is daar 'n wye reeks menseregte in verskeie verdrae (saamgevat?) waaraan state moet voldoen.<sup>169</sup> Die regte in hierdie verdrae word nie beskou as iets wat inbreuk maak op die staatsoweriniteit nie.

Beide die AU-verdrag en die SAOG-verdrag verwys na harmonisering, sowel as die beskerming van die onderskeie state se soewereiniteit. Omdat verskillende vorme van harmonisering bestaan en omdat daar reeds tot die besef gekom is dat harmonisering nie beteken dat daar een wet opgestel gaan word wat al die state se omgewingsreg reguleer nie,<sup>170</sup> mag dit moontlik gebeur dat 'n staat sy soewereiniteit kan behou en ook wetgewing kan harmoniseer. Daarom kan harmonisering in die lig van staatsoweriniteit gedefinieer word as wetgewing wat ten opsigte van sekere komponente geharmoniseer<sup>171</sup> word, sonder dat die staat sy soewereiniteit in die proses moet prys gee.

## 2.5 Samevatting

Daar is verskeie verdrae wat na harmonisering, koördinerings en integrering verwys.<sup>172</sup> Die SAOG het die Departement Strategiese Beplanning, Gemeenskapsbelang en Beleidharmonisering gestig om beleide, strategieë en planne vir die koördinerings en

---

<sup>167</sup> Dugard *International Law* 148.

<sup>168</sup> Dugard *International Law* 149.

<sup>169</sup> Dugard *International Law* 249.

<sup>170</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.

<sup>171</sup> "by mekaar uitbring"

<sup>172</sup> Sien hoofstuk 2.1.

harmonisering van onder andere wetgewing in te stel.<sup>173</sup> Daar is nog nie ernstige pogings deur die Departement gemaak om aan hierdie doelstellings te voldoen nie. Die Departement het ook nog nie die betekenis van die onderskeie doelstellings duidelik onderskei en gedefinieer nie. Die gevolg hiervan is dus dat die Departement ook nog nie besluit het watter vorm van harmonisering die mees geskikte vorm sal wees nie. In hierdie geval sal minimum harmonisering die geskikste wees, omdat daar wel standarde gestel word waaraan die onderskeie state se wetgewing moet voldoen, alhoewel hierdie wetgewing terselfdertyd nie só opgestel word dat dit presies dieselfde is nie en terwyl elke land steeds kwessies wat belangrik in daardie land is, mag aanspreek sonder dat die ander lande daardeur beïnvloed sal word. Die uitwerking van harmonisering is die regulering van 'n spesifieke veld, ten einde 'n beter balans tussen tussen die onderskeie lidstate te bring.<sup>174</sup> By die harmonisering van omgewingswetgewing moet die balans tussen omgewingsbeskerming, en ekonomiese - en sosiale ontwikkeling nie uit die oog verloor word nie. Volhoubare ontwikkeling moet gevolglik altyd in wetgewing sigbaar wees.<sup>175</sup> Die harmonisering van wetgewing sal nie inbreuk maak op die beginsel van staatsoewereiniteit nie, omdat wetgewing slegs ten opsigte van sekere konsepte geharmoniseer word en 'n staat nie sy soewereiniteit opgee wanneer sy wetgewing met dié van ander state geharmoniseer word nie.

## 2.6 Toepassing

In internasionale verhoudinge, onder andere omgewingsbeskerming sal state beter vaar as hulle saamwerk, maar hulle het geen vaste struktuur om interaksie af te dwing nie.<sup>176</sup> Die moontlike voordele wat harmonisering vir Afrika<sup>177</sup> kan inhou, is onder

---

<sup>173</sup> Sien hoofstuk 2.1.

<sup>174</sup> Sien hoofstuk 2.3.

<sup>175</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.3.

<sup>176</sup> Bermann en Pistor *Law and Governance* 117.

<sup>177</sup> Volgens Faure 2002 *European Environmental Law Review* 175 is harmonisering in Europa daarop gerig om 'n enkele Europese mark tot stand te bring. Vanweë die (beperkte?) omvang van hierdie verhandeling kan'n regsvergelijkende studie met die Europese Unie nie gedoen word nie.

andere dat dit beleggings in Afrika kan aanmoedig, mynbou oor verskillende grense heen kan vergemaklik en ekonomiese groei sal meebring. Harmonisering kan gebruik word om 'n eenvormige standaard neer te lê waar verskillende standaarde byvoorbeeld ten opsigte van mynbou bestaan.<sup>178</sup> Wette kan geharmoniseer word selfs al het die SAOG nie voorheen standaarde gehad wat mynbou reguleer nie. Absolute eenvormigheid word nie in die SAOG omgewingsreg en mynbou wetgewing vereis nie, maar daar moet wel 'n mate van ooreenstemming wees as daar gekyk word na die Mynbouprotokol sowel as die AU-verdrag.<sup>179</sup>

Vir doeleindes van hierdie studie sal harmonisering, in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië, gedefinieer kan word as die uitskakeling van teenstrydighede in mynbouwetgewing en die opstel van 'n gemeenskaplike standaard waaraan wetgewing moet voldoen sodat geen staat of persoon benadeel of bevoordeel word nie. Internasionale beginsels van volhoubare ontwikkeling moet verder bevorder word en die konsep van staatsoewereiniteit moet inaggeneem word. Die wetgewing moet 'bymekaar uitgebring' word ten opsigte van die belangrikste konsepte in die mynbouproses. Dit behoort nie unifikasie van die wette te wees nie, nie maar eerder die erkenning van diversiteit binne 'n raamwerk wat bestaan uit gemeenskaplike beginsels.<sup>180</sup> By wetgewing wat geharmoniseer word, sal daar nie integrasie of koördinerende plaasvind nie omdat harmonisering nie beoog om wette as 'n geheel by mekaar uit te bring nie.

---

<sup>178</sup> Louw *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling* 129.

<sup>179</sup> In a 35(1)(c) word bepaal dat alle state steeds hul eie soewereiniteit geniet maar dat hulle die gespesialiseerde tegniese komitee inlig omtrent hulle doen en late.

<sup>180</sup> Thomas *Harmonising the Law* 154.

## HOOFSTUK 3 Die Afrika Unie en die SAOG

### 3.1 Inleiding

Omgewingsbeskerming vind op vier verskillende vlakke plaas, naamlik, internasionaal,<sup>181</sup> regionaal (byvoorbeeld die AU), sub-regionaal (byvoorbeeld die SAOG) en nasionaal (elke land met sy eie wetgewing).<sup>182</sup> Die sub-regionale organisasies is boustene onder die regionale organisasies.<sup>183</sup> Die verskillende streke kommunikeer met mekaar deur middel van die verskillende instellings, en daarom is dit nie nodig vir elke land om afsonderlik met mekaar in verbinding te tree nie. Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië het afsonderlike wetgewing wat die omgewing beskerm en mynbou reël. Regionale eenheid verbeter kommunikasie op internasionale vlakke.<sup>184</sup> Ten einde te bepaal of harmonisering van hierdie wetgewing suksesvol sal kan plaasvind, is dit nodig om die agtergrond en doelstellings van die AU en die SAOG te gee, om sodoende te bepaal of die oogmerke van die twee organisasies wat harmonisering betref, ooreenstem of teenstrydig is.

### 3.2 Regionale omgewingsbeskerming: die Afrika Unie

Die AU is die opvolger van die *Organisation of African Unity (OAU)*, wat in 1963 gestig is.<sup>185</sup> Suid-Afrika was nie deel van die OAU nie, maar is wel 'n lid van die AU.<sup>186</sup> Die

---

<sup>181</sup> Byvoorbeeld die Verenigde Nasies. Hierna: die VN.

<sup>182</sup> Viljoen *International Human Rights Law in Africa* 9.

<sup>183</sup> Viljoen *International Human Rights Law in Africa* 525.

<sup>184</sup> Akokpari *The African Union* 31; Vanweë die omvang van hierdie verhandeling sal die verskillende internasionale vlakke nie bespreek word nie.

<sup>185</sup> Heyns en Killander *Compendium of Key Human Rights Documents* vi, 4. Volgens Isaksen 2002 (<http://www.cmi.org>) was verandering noodsaaklik omdat daar 'n behoefte aan groter effektiwiteit was. Daar was ooreenstemming dat konflik en ondemokratiese regeringstelsels ontwikkeling vertraag en dat dit die onderskeie lande se reg is om bekommerd te wees oor die interne gebeure van ander. Die kritici het gesê dat die OAU ondemokratiese staatshoofde in beheer laat bly.

<sup>186</sup> Aanhef van die Stigtingsverdrag van die OAU en die aanhef van die Stigtingsverdrag van die Afrika Ekonomiese Gemeenskap.

OAU het reeds in sy stigtingsverdrag lidstate beveel om hul beleide te harmoniseer.<sup>187</sup> Wat omgewings- en mynboubeleide betref, het dit egter net by 'n ideaal gebly.

In 1999,<sup>188</sup> tydens 'n buitengewone Spitsberaad in Sirte, Libië, is die besluit geneem om die OAU te ontbind en die AU te stig.<sup>189</sup> Op 11 Julie 2001 is die *Constitutive Act of the African Union* onderteken en op 9 Julie 2002 is die AU gestig.<sup>190</sup> Die AU is 'n regionale organisasie, met die doel om onder andere Afrika se deelname aan die globale ekonomie te verseker, sosio-ekonomiese integrasie op die kontinent te bespoedig,<sup>191</sup> menseregte in ooreenstemming met die *African Charter on Human and Peoples Rights* (ACHPR) en ander relevante instrumente van menseregte, te beskerm en te bevorder;<sup>192</sup> beter eenheid en solidariteit tussen die Afrikalande en die mense van Afrika te bewerkstellig;<sup>193</sup> om volhoubare ontwikkeling en integrasie op verskillende vlakke in Afrika te ontwikkel en te bevorder;<sup>194</sup> en om beleide te harmoniseer sodat die doelstellings van die Unie bereik kan word.<sup>195</sup> Die lede van die Unie is state, en nie regionale organisasies nie. Die state behou steeds hul eie soewereiniteit,<sup>196</sup> maar hulle moet die ACHPR respekteer en kan vervolg word indien hulle nie gevolg aan die bepalings van die Verdrag gee nie.<sup>197</sup>

---

<sup>187</sup> A 2(2). Sien verder Makinda and Okumu *The African Union, Challenges of Globalization* 24.

<sup>188</sup> 8 en 9 September 1999.

<sup>189</sup> Naldi 'The African Union and the Regional Human Right System' in Evans en Murray *The African Charter* 20.

<sup>190</sup> Heyns en Killander *Compendium of Key Human Rights Documents* 4; Nmehielle *The African Human Rights System* 72; Isaksen 2002 <http://www.cmi.org>.

<sup>191</sup> A 3(c).

<sup>192</sup> A 3(h).

<sup>193</sup> A 3(a).

<sup>194</sup> A 3(j).

<sup>195</sup> A 3(l).

<sup>196</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.5.

<sup>197</sup> Daar bestaan beperkings ten opsigte van die jurisdiksie van die hof, maar vir doeleindes van hierdie studie is dit nie van belang nie. Vir meer inligting hieroor sien Eno 2002 *African Human Rights Law Journal* 223-233; O'Shea 2001 *African Human Rights Law Journal* 285-298; Anon Datum Onbekend <http://www.pict-pict.org>.

Die AU en ander verdrae verwys nie spesifiek na mynbou nie, maar daar is wel 'n omgewingsreg,<sup>198</sup> asook die reg om oor natuurlike hulpbronne te beskik,<sup>199</sup> in die ACHPR ingesluit – iets wat ook op die mynbou van toepassing sal wees. Al drie-en- vyftig Afrikalande is lede van die ACHPR.<sup>200</sup> Die ACHPR bied onder andere ook 'n lys regte en verpligtinge wat ten alle tye gerespekteer moet word – waaronder: die reg op lewe,<sup>201</sup> die reg op 'n algemene bevredigende omgewing,<sup>202</sup> en die reg op ontwikkeling.<sup>203</sup> Die ACHPR het eerste internasionale erkenning aan 'n omgewingsreg, wat met omgewingsbeskerming verband hou, gegee.<sup>204</sup> Sedertdien het vyf en dertig lande, dit is 66%, van die Afrikalande die reg op 'n bevredigende omgewing op een of ander manier in hul Grondwette of regstelsels geïnkorporeer.<sup>205</sup> Die AU het die Afrika Kommissie ingestel<sup>206</sup> om die implementering van die ACHPR te reguleer en om die bevordering en beskerming van die menseregte wat in die ooreenkoms vervat is, te verseker.<sup>207</sup> Die Kommissie is egter nie 'n juridiese liggaam nie en kan slegs aanbevelings maak. As gevolg van die afwesigheid van die ACHPR se regsprekende liggaam, is die Afrika Menseregtehof in 1998 ingestel.<sup>208</sup> Die Afrika Ekonomiese Gemeenskap (AEG) is in 1991 gestig<sup>209</sup> as die ekonomiese been van die

198

A 24.

199

A 21.

200

AU website 6 Mei 2009 <http://www.africanunion.org>

201

A4. Sien ook die bespreking hiervan in hoofstuk 3, par 3.1.1 en hoofstuk 4, par 4.1.1, 4.1.2, 4.1.1 en 4.2.

202

A 24.

203

A 22.

204

Lubbe 2007 *Yearbook of International Environmental Law* 126-152.

205

Lubbe 2007 *Yearbook of International Environmental Law* 126-152; Nmeihelle *The African Human Rights System* 71; Van der Linde en Basson *Environment* 8.

206

Ooreenkomstig a 30 van die ACHPR.

207

A 30. Die Kommissie het vir die eerste maal in *Free Legal Assistance Group, Lawyers' Committee for Human Rights, /union /interafrikaaine des Drois de l'Homme, Les Temoins de Jehovah v Zaire Communications* 25/98 die geleentheid gehad om Artikel 24 (die omgewingsreg) en Artikel 16 (die reg op gesondheid) van die Verdrag te oorweeg. Sien ook: *Social and Economic Rights Action Centre (SERAC) and Another v Nigeria* 2001 AHRLR 60, en die bespreking daarvan in par 3.1.1.2.

208

Daar was eers baie kritiek teen 'n Afrika Menseregtehof, omdat 'n hof nie in lyn was met Afrik- tradisies en dispuutbeslegting nie. In Afrika was arbitrasie en mediasie meer gewild as 'n formele hofprosedure.

209

Die Stigtingsverdrag van die Afrika Ekonomiese Gemeenskap is geteken te Abuja in Nigerië, op 27 Junie 1991 en het op 12 Mei 1994 in werking getree.

OAU.<sup>210</sup> Die OAU het intussen ontbind en die AU geword, maar die AEG bestaan steeds en die verdrae wat deur die AEG aanvaar is, is steeds in werking.<sup>211</sup> Die AEG bepaal in sy stigtingsverdrag dat daar van lidstate verwag word om hul beleide en programme te harmoniseer.<sup>212</sup> Daar bestaan ook 'n aparte afdeling in die AEG-verdrag, naamlik *Industry, Science, Technology, Energy, Natural Resources and Environment*, wat bepaal dat lidstate hul beleide en programme wat oor natuurlike hulpbronne handel, harmoniseer en koördineer.<sup>213</sup> Verder bepaal die verdrag dat lidstate moet saamwerk – onder andere in die veld van minerale bronne.<sup>214</sup> Met ondertekening van die Verdrag onderneem lidstate om 'n 'gesonde' omgewing te bevorder.<sup>215</sup> Omdat die AU, volgens die AU-verdrag se aanhef, ooreenkomstig dieselfde voorwaardes as die AEG ingestel is,<sup>216</sup> kan die afleiding gemaak word dat die AU ook van lidstate verwag om hul beleide en programme te harmoniseer – iets wat mynbou en omgewingswetgewing sou insluit. Die belangrikste verdrag in die AU wat 'n invloed op mynbou sal hê, is die ACHPR – omdat die Verdrag 'n omgewingsregklousule bevat.

### 3.2.1. ACHPR

Die ACHPR maak in artikel 24 voorsiening vir 'n omgewingsreg.<sup>217</sup> Die ACHPR gaan verder as ander internasionale verdrae deur die reg op 'n bevredigende omgewing gunstig vir ontwikkeling, in te sluit.<sup>218</sup> Daar bestaan geen verduideliking van wat 'bevredigende', 'omgewing' of 'ontwikkeling' beteken nie.<sup>219</sup>

<sup>210</sup> Onderhoud Ferreira, Fakulteit Regte, NWU op 8 April 2010.

<sup>211</sup> Onderhoud Ferreira, Fakulteit Regte, NWU op 8 April 2010.

<sup>212</sup> A 4(1)(d) en a 4(2)(e).

<sup>213</sup> A 54.

<sup>214</sup> A55(1)(a).

<sup>215</sup> A 58.

<sup>216</sup> Isaksen 2002 <http://www.cmi.org>.

<sup>217</sup> All peoples shall have the right to a general satisfactory environment favorable to their development.

<sup>218</sup> Anon 2006 *A Guide to the African Charter* 45.

<sup>219</sup> Van der Linde en Basson *Environment* 5; Viljoen *International Human Rights Law in Africa* 287.

In die *Ogoni-saak*<sup>220</sup> het die Afrika-kommissie bevind dat die Nigeriese regering die reg het om olie te produseer solank dit nie die burgers se regte op, onder andere, lewe (artikel 4), gesondheid (artikel 16), die beskikking oor hul eie welstand en natuurlike hulpbronne (artikel 21) en om in 'n bevredigende omgewing (artikel 24) te woon, skend nie.<sup>221</sup> Die kommissie het die Nigeriese regering beveel om die besoedeling wat deur olieproduksie veroorsaak is, op te ruim en die beskadigde areas te herstel. Daar moes ook goed beplan word en 'n goeie moniteringsstelsel ontwikkel word sodat verdere agteruitgang voorkom kon word.<sup>222</sup> In die saak is bevind dat die reg op 'n bevredigende omgewing die staat verplig om:

- redelike stappe te neem om besoedeling en omgewingsagteruitgang te voorkom;<sup>223</sup>
- bewaring en ekologiese volhoubare ontwikkeling, sowel as die gebruik van natuurlike bronne, te bevorder en te verseker;<sup>224</sup>
- onafhanklike wetenskaplike monitering van bedreigde gebiede toe te laat;<sup>225</sup>
- voor industriële ontwikkeling omgewingsimpakstudies te doen en met die mense wat daardeur geraak word te konsulteer;<sup>226</sup>
- inligting beskikbaar te stel aan persone en gemeenskappe betrokke;<sup>227</sup> en om
- 'n geleentheid aan die partye wat deur die aktiwiteite beïnvloed word, te gee om gehoor te word en aan die ontwikkelingsproses deel te neem.<sup>228</sup>

---

<sup>220</sup> *Social and Economic Rights Action Centre (SERAC) and Another v Nigeria* 2001 AHRLR 60.

<sup>221</sup> Par 70; Coomans Datum onbekend <http://www.righttoenvironment.org>; Baldwin en Morel 'Group Rights' in Evans en Murray *The African Charter on Human and Peoples' Rights* 283; Viljoen *International Human Rights Law in Africa* 288.

<sup>222</sup> Par 70.

<sup>223</sup> Par 52.

<sup>224</sup> Par 52.

<sup>225</sup> Par 53.

<sup>226</sup> Par 53.

<sup>227</sup> Par 53.

<sup>228</sup> Par 53. Volgens Nmeihelle in *The African Human Rights System* 156 het die omgewingsreg soos wat dit in die ACHPR vervat is, ook verskillende dimensies. Die individuele dimensie is die reg wat enige slagoffer of potensiële slagoffer van omgewingskade het, om vergoed te word vir die skade wat hy gely het. Die kollektiewe dimensie behels die plig wat op State rus om met mekaar te kommunikeer en saam te werk om omgewingsprobleme op te los.

Volgens die ACHPR rus daar 'n plig op lidstate om die regte onder die ooreenkoms te erken en wetgewende of ander maatreëls in te stel om uitvoering daaraan te kan gee daaraan te gee, en die regte te bevorder en te respekteer.<sup>229</sup> Daar sal dus, in ooreenstemming met hierdie reg, 'n opweeg van belange moet plaasvind tussen die reg op 'n bevredigende omgewing en die reg op ontwikkeling. Byvoorbeeld, waar die mynbouaktiwiteit die gemeenskap se gesondheid en lewens op só manier aantas dat die ontwikkeling nie die moeite werd is nie, moet voorkeur aan die gemeenskap se belange gegee word. Maar wanneer die voordeel van die ontwikkeling groter is as die nadeel aan die gemeenskap, moet voorkeur aan die ontwikkeling gegee word. Dit is die staat se verantwoordelikheid om op te weeg hoeveel voordeel daar vir 'n gemeenskap in 'n ontwikkeling is, teenoor die hoeveelheid nadeel wat ontwikkeling vir 'n gemeenskap inhou.

Die ACHPR bepaal in artikel 21 dat:

All people shall freely dispose of their wealth and natural resources. This right shall be exercised in the exclusive interest of the people. In no case shall a people be deprived of it.<sup>230</sup>

Die artikel bepaal verder dat indien iemand van sy reg ontnem word, daar redelike vergoeding aan hom/haar toegestaan moet word.<sup>231</sup> Die vrye beskikking oor die natuurlike hulpbronne moet sonder vooroordeel uitgeoefen word. Daar rus 'n plig op die persoon wat oor die natuurlike hulpbronne beskik, om internasionale ekonomiese samewerking, gebaseer op wedersydse respek, gelyke uitruiling van inligting en die beginsels van internasionale reg, te bevorder.<sup>232</sup> Die partye tot die verdrag moet individueel en gesamentlik hierdie reg uitoefen met die oogmerk om eenheid en solidariteit in Afrika te bevorder.<sup>233</sup> Dit is 'n absolute reg<sup>234</sup> omdat die verdrag dit duidelik maak: "In no case shall a people be deprived of it." In die *Ogoni-saak* is bepaal

---

<sup>229</sup> Aa 1, 25 en 26.

<sup>230</sup> A 21(1).

<sup>231</sup> A 21(2).

<sup>232</sup> A 21(3).

<sup>233</sup> A 21(4).

<sup>234</sup> Baldwin en Morel 'Group Rights' in Evans en Murray *The African Charter on Human and Peoples' Rights* 263.

dat multinasionale maatskappye nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir ongereguleerde of skadelike ontginning van natuurlike hulpbronne nie, maar dat die regering van die staat, waar dit plaasgevind het, in só 'n geval artikel 21 oortree, omdat daar 'n plig<sup>235</sup> op state is om hul burgers te beskerm.<sup>236</sup> Hierdie artikel beklemtoon die belang van natuurlike hulpbronne vir Afrika lande en hul ekonomieë, maar bepaal terselfdertyd dat die verskillende state moet toesien dat die belange van hulle burgers of inwoners, nie deur die mynbou-aktiwiteite benadeel moet word nie.

Die reg op gesondheid<sup>237</sup> in die ACHPR word soms as die reg op 'n bevredigende omgewing geïnterpreteer. Die reg op gesondheid kan met die omgewingsreg verbind word op grond daarvan dat wanneer die water in die omgewing byvoorbeeld besoedel is, dit skadelik vir mense se gesondheid is.<sup>238</sup> Dit is die toepaslike staat se verantwoordelikheid om te sorg dat die myn nie die omgewing só besoedel dat dit nadelig vir menslike gesondheid is nie. Daar is reeds verwys na die opweeg van die reg op ontwikkeling en die reg op 'n omgewing<sup>239</sup> en dieselfde argument kan hier ook gebruik word, naamlik dat die staat moet toesien dat die gemeenskap nie meer benadeel, as wat hulle deur die mynaktiwiteite bevoordeel word, nie. Omdat alle state nie in staat is om die fisiese en geestesgesondheid van sy burgers te waarborg nie, rus daar 'n plig op die staat om te sorg dat die omgewing waarin sy burgers hulle bevind, nie nadelig vir hulle gesondheid is nie. As die omgewing 'n persoon se lewe bedreig, of in gevaar stel, maak dit inbreuk op hierdie reg en kan die persone verantwoordelik vir die omgewing, aanspreeklik gehou word.

---

<sup>235</sup> A 21(5).

<sup>236</sup> Baldwin en Morel "Group Rights" in Evans en Murray *The African Charter on Human and Peoples' Rights* 263.

<sup>237</sup> A 16(1) Every individual shall have the right to enjoy the best attainable state of physical and mental health.

A 16(2) State parties to the present Charter shall take the necessary measures to protect the health of their people and to ensure that they receive medical attention when they are sick.

<sup>238</sup> Lumina Datum onbekend <http://www.ggp.up.ac.za>.

<sup>239</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.1.1.1.2.

### 3.2.2 Omgewingsbeskerming onder die AU

Daar is ook ander verdrae wat die AU ingestel het en wat spesifiek op omgewingsbeskerming van toepassing is.

Die AU beskik nie oor verdrae wat spesifiek op mynbou gerig is nie. Die AU het wel die *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources*<sup>240</sup> opgestel. Dit is 'n gewysigde ooreenkoms van die OAU se *Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources*.<sup>241</sup>

Die OAU se *Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (hierna die OAU-konvensie) maak nie spesifiek vir mynbou voorsiening nie, maar verwys in sy aanhef dat natuurlike hulpbronne volgens die mens se behoeftes en die omgewing se drakrag, gebruik moet word.<sup>242</sup> Dit kom neer op volhoubare ontwikkeling. Daar word spesifiek vir grond<sup>243</sup> en water<sup>244</sup> voorsiening gemaak. Hiervolgens moet die kontraktuele state gronderosie en waterbesoedeling wat met mynbou gepaard gaan, voorkom. State binne die AU moet dus toesien dat myne nie wesentliche gronderosie en waterbesoedeling veroorsaak nie.

Die oogmerke van die *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (hierna die AU-konvensie)<sup>245</sup> is onder andere omgewingsbeskerming, die bevordering van die bewaring en volhoubare gebruik van natuurbronne, en om beleide in die onderskeie velde te harmoniseer en te koördineer. Daar word 'n plig op state geplaas om toe te sien dat ontwikkeling en omgewingsbehoefte op 'n volhoubare, regverdig en billike wyse geskied.<sup>246</sup> Die partye tot die konvensie moet effektiewe stappe neem om die agteruitgang van grond te voorkom; en daarom moet hulle langtermyn geïntegreerde strategieë aanvaar vir die beskerming en volhoubare bestuur van landelike hulpbronne – wat grond, bergplantegroei en verbandhoudende

---

<sup>240</sup> Die Konvensie is in Julie 2003 aanvaar, maar het nog nie in werking getree nie.

<sup>241</sup> 1968/1969.

<sup>242</sup> Sien ook Amechi *LEAD* 114-129.

<sup>243</sup> A IV.

<sup>244</sup> A V.

<sup>245</sup> A 2.

<sup>246</sup> A 3(3).

hidrologiese prosesse insluit.<sup>247</sup> Effektiewe maatstawwe sou byvoorbeeld wetgewing kan insluit. Die wetgewing wat in hierdie verhandeling van toepassing is, is daardie mynbouwetgewing wat byvoorbeeld voorsiening kan maak vir die behoefte aan ontwikkeling, terwyl dit terselfdertyd die omgewing beskerm.

### **3.2.3 Gevolgtrekking**

Die AU-verdrae maak voorsiening vir 'n omgewingsreg, die reg om oor natuurlike hulpbronne te beskik, die reg op gesondheid, die reg op lewe, en die reg op ontwikkeling. Alles aspekte wat teen mekaar opgeweeg kan word – soos wat die reg om oor natuurlike hulpbronne te beskik byvoorbeeld op só 'n wyse moet geskied dat die uitoefening van die reg nie die omgewing besoedel en 'n gevaar vir mense se gesondheid of lewe inhou nie. Die reg om oor natuurlike hulpbronne te beskik moet ook nie só gebruik word dat dit die ideaal van volhoubare ontwikkeling teenwerk nie.<sup>248</sup>

Die AU se beleid is dat lidstate hul wetgewing, beleide en programme moet harmoniseer. Die verdrae wat na harmonisering verwys maak dit egter nie duidelik watter vorm van harmonisering gebruik moet word en hoe harmonisering moet plaasvind nie. Die AU stel volhoubare ontwikkeling en die reg op 'n gebalanseerde omgewing as doelstelling. Daaruit kan afgelei word dat mynbouwetgewing op so 'n manier geharmoniseer sal moet word dat dit 'n reg op ontwikkeling, sowel as die reg van burgers om in 'n bevredigende omgewing te woon, moet kan akkommodeer. Die AU-verdrag maak duidelik melding van minerale bronne in die streek<sup>249</sup> wat gebruik moet word, maar nie ten koste van omgewingsbeskerming nie. Wanneer wetgewing geharmoniseer word, behoort die omgewingsreg, die reg om oor natuurlike hulpbronne te beskik, die reg op gesondheid, die reg op lewe, en ook die reg op ontwikkeling in ag geneem te word en 'n raamwerk moet in ooreenstemming daarmee opgestel word waaraan die verskillende state se wetgewing moet voldoen.

---

<sup>247</sup> A 6(1).

<sup>248</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.3 vir meer inligting oor volhoubare ontwikkeling.

<sup>249</sup> A 13(b).

State is nie alleen gebonde aan die Verdrae van die AU nie maar ook aan sub-regionale verdrae en protokols soos dié van die SAOG.

### 3.3 Sub-regionale omgewingsbeskerming: Die SAOG

#### 3.3.1 Agtergrond

Die SAOG<sup>250</sup> is 'n sub-regionale organisasie en word as 'n Regionale Ekonomiese Gemeenskap (REG) en een van vyf pilare, of boustene, van die Afrika Ekonomiese Gemeenskap (AEG) beskou.<sup>251</sup> Die SAOG en die ander regionale ekonomiese gemeenskappe het 'n sentrale rol in die oprigting van die AEG gespeel.<sup>252</sup> Die AEG-verdrag,<sup>253</sup> wat tot dusver deur twee-en-vyftig lande onderteken is, bepaal dat lidstate 'n gesonde omgewing moet bevorder.<sup>254</sup> Daar is egter geen beskrywing van wat 'n gesonde omgewing behels, of watter maatstawwe geneem moet word om dit te bevorder nie. Daar word wel bepaal dat die AEG onder andere ontwikkelingsmeganismes moet bevorder in samewerking met Afrika se vyf sub-regionale ekonomiese gemeenskappe. Die SAOG en die ander sub-regionale streke moet hul mandate met dié van die AU harmoniseer en daarom moet dit ook met die

---

<sup>250</sup> Volgens Akokpari *The African Union* 34 is die SAOG die plaasvervanger vir die Suider-Afrikaanse Ontwikkeling Gekoördineerde Konferensie (SAOGK) wat in 1980 tot stand gekom het en het Suid-Afrika in 1994 deel van die SAOG geword.

<sup>251</sup> Die ander vyf boustene van die AEG is: die Arabiese Maghreb Unie (AMU), die Ekonomiese Gemeenskap van die Sentraal Afrika State (EGSAS), die Ekonomiese Gemeenskap van die Wes-Afrika State (EGWAS) en die Algemene Mark van Oos en Suidelike-Afrika (AMOSA).

<sup>252</sup> *Treaty Establishing the African Economic Community*, geteken Junie 1991 en tree in werking op 12 Mei 1994; Anon datum onbekend <http://www.africa-union.org>; Isaksen 2009 <http://www.cmi.org>.

<sup>253</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.1.1

<sup>254</sup> A 58(1) Member States undertake to promote a healthy environment. To this end, they shall adopt national, regional and continental policies, strategies and programmes and establish appropriate institutions for the protection and enhancement of the environment.

A 58(2) For the purposes of this paragraph 1 of this Article, Member States shall take the necessary measures to accelerate the reform and innovation process leading to ecologically rational, economically sound and socially acceptable development policies and programmes.

verdrae van die AEG ooreenstem.<sup>255</sup> Soos vroeër aangedui, is die lede van die AU state en nie regionale organisasies nie.<sup>256</sup> Dit beteken egter nie dat die SAOG geen seggenskap in die AU se handeling het nie: die SAOG word deur sy staatshoofde verteenwoordig by die AU, en by die Regionale Ekonomiese Gemeenskap (REG).<sup>257</sup> deur twee kommissarisse wat die streek verteenwoordig.<sup>258</sup>

Die doelstellings van die SAOG is om samewerking tussen 'n wye reeks politieke, ekonomiese en sosiale sake, insluitende samewerking in areas waar dit nodig is om regionale ontwikkeling en integrasie te laat plaasvind, te fasiliteer.<sup>259</sup> Die SAOG-verdrag sit die basis vir samewerking tussen die lidstate uiteen,<sup>260</sup> maar bevat nie 'n omgewingsreg nie. Die SAOG-verdrag beveel harmonisering.<sup>261</sup> Pogings tot harmonisering is reeds aangewend, maar daar bestaan nog nie 'n raamwerk van hoe die harmonisering op die verskillende gebiede kan plaasvind nie. Tot op hede is die mees relevante poging wat mynbou betref, die regulerende raamwerk vir harmonisering in die SAOG, naamlik die *SADC Framework and Implementation Plan for Harmonization of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory Frameworks*.<sup>262</sup>

Die SAOG het verskeie verdrae<sup>263</sup> wat op omgewingsbeskerming gerig is, maar die enigste daarvan wat 'n direkte invloed op mynbou het, is die Mynbouprotokol – wat in die volgende paragraaf bespreek word.

---

<sup>255</sup> Akokpari *The African Union* 51.

<sup>256</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.1.

<sup>257</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.1.

<sup>258</sup> Isaksen 2002 <http://www.cmi.org>.

<sup>259</sup> Dugard *International Law* 439.

<sup>260</sup> Lubbe 2007 *Yearbook of International Environmental Law* 126-152.

<sup>261</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.1.

<sup>262</sup> Sien hoofstuk 3, par 3.2.4.

<sup>263</sup> Bosbouprotokol, Protokol oor Visserij, Energieprotokol, Protokol oor Gedeelde Waterbronne, en die Protokol op Wildbewing.

### 3.3.2 Die Mynbouprotokol

Mynbou dra nie net by tot die buitelandse wisselkoers en werkskepping in die SAOG nie, maar lewer 'n groot persentasie minerale aan die internasionale mark.<sup>264</sup> Die Mynbouprotokol se aanhef bepaal dat die lidstate die belang van 'n regionale strategie en plan vir ontwikkeling en groei in die mynbousektor besef, en dat mynbou gebruik moet word om die lewenstandaard van die onderskeie lande se burgers te verhoog en sodoende ook 'n toename in deelname aan internasionale markte te verseker. Mynbou moet bydra tot ekonomiese ontwikkeling, die teenwerk van armoede, en die lewenstandaard in die streek bevorder.<sup>265</sup> Een van die protokol se hooffokusareas is die harmonisering van nasionale beleide om te voldoen aan die doelstellings van regionale integrasie.<sup>266</sup> Ander belangrike aspekte waarop daar in die protokol klem val sluit in dat lidstate beleide, strategieë en programme wat betrokke is by ontwikkeling en die ontginning van minerale, moet harmoniseer;<sup>267</sup> histories benadeelde persone in die mynsektor moet bevorder;<sup>268</sup> kommunikasie tussen lidstate moet bevorder;<sup>269</sup> en dat lidstate moet onderneem om internasionaal aanvaarde standarde van gesondheid, mynveiligheid en omgewingsbeskerming te ontwikkel en toe te pas.<sup>270</sup> Artikel 5 bepaal dat lidstate moet poog om gemeenskaplike internasionale en regionale standarde te aanvaar en dat lidstate die ontwikkeling van internasionaal aanvaarbare standarde moet aanmoedig.<sup>271</sup> Die afleiding kan gemaak word dat die aanvaarding van gemeenskaplike standarde neerkom op harmonisering.<sup>272</sup>

---

<sup>264</sup> Chanda 2000 <http://www.unctad.org>. Volgens UNECA Datum onbekend <http://www.knowledge.uneca.org> produseer Afrika 77% van die wêreld se platinum, 62% aluminium silikaat, meer as 50% vanadium en vermikuliet, meer as 40% diamante, chroom, en palladium, en meer as 20% goud, kobalt, uraan, mangaan en fosfaat. Volgens Chanda het die SADC 'n aandeel van tussen 11% en 45% in die wêreld se chroom-, kobalt-, diamant-, goud-, mangaan-, koper-, platinum- en uraan-industrieë.

<sup>265</sup> A 2(1).

<sup>266</sup> SADC Datum onbekend [www.unctad.org](http://www.unctad.org).

<sup>267</sup> A 2(2).

<sup>268</sup> A 2(8). Vir die doeleindes van hierdie verhandeling, word hierdie onderwerp nie verder ondersoek of bespreek nie.

<sup>269</sup> A 2(9).

<sup>270</sup> A 2(10).

<sup>271</sup> A 5(1).

<sup>272</sup> Sien hoofstuk 2 par 2.1.

Met die Mynbouprotokol onderneem lidstate om die beskikbaarheid van inligting vanaf die openbare sektore aan die privaat sektore te bevorder.<sup>273</sup> Die verskillende state moet ook inligting aan mekaar beskikbaar stel<sup>274</sup> en met mekaar saamwerk in die ontwikkeling en verbetering van tegnologiese kapasiteit in die mynsektor, asook navorsing van toepassing op die mynsektor.<sup>275</sup>

Een van die Mynbouprotokol se hoofdoelstellings is om die volhoubaarheid van minerale bronne en die effektiewe beskerming van die omgewing te verseker.<sup>276</sup> Lidstate moet volhoubare ontwikkeling bevorder en verseker dat daar 'n balans tussen mineraalontwikkeling en omgewingsbeskerming bestaan,<sup>277</sup> lidstate moet mekaar aanmoedig om omgewingsimpakstudies (OIS) te doen<sup>278</sup> en moet inligting oor omgewingsbeskerming en omgewingsrehabilitering met mekaar deel.<sup>279</sup> Hierdie doelstellings kan, wanneer state later wel daarop besluit, moontlik tot harmonisering, en nie noodwendig integrering nie, lei. Daar word nie bepaal dat die lidstate eenvormige wetgewing rakende OIS en rehabilitasie moet opstel waaraan almal gebonde moet wees nie, maar wel dat lidstate inligting met mekaar moet kommunikeer.

Die Mynbouprotokol bepaal watter beleide, strategieë en planne die lidstate moet aanvaar en beveel dat lidstate gemeenskaplike standaarde moet aanvaar, maar dit stel nie 'n vaste standaard of raamwerk vir die gemeenskaplike standaarde daar nie. Artikel 6 bepaal byvoorbeeld dat lidstate kleinskaalse mynaktiwiteite moet bevorder, maar stel nie 'n standaard oor hoe dit bevorder moet word nie. Die protokol gee dus wel die basiese beginsels weer, maar dit wil voorkom asof internasionaal aanvaarde standaarde as riglyne gebruik sal moet word om die bepalings in die Mynbouprotokol te verwesenlik.<sup>280</sup> Hierdie siening word afgelei uit die aanhef van die protokol waar

---

<sup>273</sup> A 2(9).

<sup>274</sup> A 3.

<sup>275</sup> A 4.

<sup>276</sup> Chada 2000 <http://www.unctad.org>.

<sup>277</sup> A 8(1).

<sup>278</sup> A 8(2).

<sup>279</sup> A 8(4) en (3).

<sup>280</sup> Sien ook hoofstuk 1.3 vir die standaarde wat A 8 van die Mynbouprotokol vir Omgewingsbeskerming stel, naamlik:

bepaal word dat lidstate die beginsels van internasionale reg aanvaar; en uit artikel 2(10) wat bepaal dat lidstate gesamentlik standarde vir internasionale gesondheid, mynveiligheid en omgewingsbeskerming moet aanvaar en ontwikkel.

Die Mynbouprotokol maak verder voorsiening vir die stigting van verskeie komitees. 'n *Mining Coordinating Union* is opgerig wat die uitvoerende orgaan van die SAOG is.<sup>281</sup> Een van hierdie komitee se funksies is om te verseker dat die Mynbouprotokol geïmplementeer word.<sup>282</sup> Die aanname wat op grond hiervan gemaak kan word, is dat een van die komitee se funksies sou wees om te sorg dat eerstens gemeenskaplike standarde opgestel word waaraan wetgewing moet voldoen; waarna harmonisering van wetgewing sal kan plaasvind -- omdat die Mynbouprotokol harmonisering, onder andere, beveel.

Nog 'n komitee wat deur die Mynbouprotokol in die lewe geroep is, is die *Committee of Mining Ministers*.<sup>283</sup> Hierdie komitee se funksie is om die beleid en strategie vir die regionale mynsektor op te stel<sup>284</sup> en om ander organe te skep, soos nodig geag, om die protokol te implementeer.<sup>285</sup> Hieruit kan afgelei word dat indien die *Mining Coordinating Union* nie harmonisering begin implementeer nie, die *Committee of Mining Ministers* 'n orgaan in die lewe kan roep wat spesifiek op die harmonisering van mynbouwetgewing in die SAOG kan konsentreer en dit 'n werklikheid kan maak.

- 
- Lidstate moet volhoubare ontwikkeling bevorder deur te verseker dat 'n balans bestaan tussen mineraalontwikkeling en omgewingsbeskerming.
  - Lidstate moet omgewingsimpakstudies aanmoedig.
  - Lidstate moet saamwerk in die ontwikkeling van programme vir die opleiding van omgewingswetenskaplikes wat met die mynsektor saamwerk.
  - Lidstate moet inligting betreffende omgewingsbeskerming en -rehabilitasie met mekaar deel.

<sup>281</sup> A 10(4).

<sup>282</sup> A 10(4)(e)(i).

<sup>283</sup> A 10(1)(a).

<sup>284</sup> A 10(2)(b)(i).

<sup>285</sup> A 10(2)(b)(ix).

### **3.3.3 SADC Framework and Implementation Plan for Harmonization of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory Frameworks**

Die *SADC Framework and Implementation Plan for Harmonization of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory Frameworks* (hierna die SADC-raamwerk) is, op 20 Maart 2006, deur die SAOG Myn Ministers goedgekeur.<sup>286</sup> By die vergadering het die Adjunk Uitvoerende Sekretariaat van die SAOG, Mnr João Caholo, die belang van die implementering van die Mynbouprotokol beklemtoon.<sup>287</sup> Een van die doelstellings van die vergadering was om die harmonisering van mynboubeleide, standaarde, wetgewende en regulerende raamwerke in die SAOG te harmoniseer.<sup>288</sup> Die Ministers het voorstelle vir die harmonisering van mynbouwetgewing aanvaar, maar daar is nog nie op 'n vaste raamwerk vir die harmonisering besluit nie.<sup>289</sup> Daar is wel gepoog om 'n definisie vir harmonisering vas te stel. Volgens hierdie raamwerk behels harmonisering.<sup>290</sup>

To reduce differences in operating environments between countries as much as possible. The establishment of common arrangements, simplification of procedures and sharing of information are all at the core of any harmonization process.<sup>291</sup>

<sup>286</sup> Anon 2006 <http://www.sadc.int>. Die vergadering is gehou in Antananarivo in Madagaskar. Dit is deur 11 lidstate bygewoon, te wete: Angola, Botswana, Lesotho, Madagaskar, Malawi, Mosambiek, Suid-Afrika, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe. Die SAOG-sekretariaat, die Verenigde Nasies Ekonomiese Kommissie vir Afrika – Suider-Afrika Kantoor, en die Mynindustrie Assosiasie van Suider-Afrika is ook by die vergadering verteenwoordig.

<sup>287</sup> Anon 2006 <http://www.sadc.int>.

<sup>288</sup> Anon 2006 <http://www.sadc.int>. Volgens Isaksen 2002 <http://www.cmi.org> het die SAOG 'n Mynsektor Koördineringsseenheid gehad wat harmonisering van beleide, standaarde, inligting, kennis, en tegnologie ten doel gehad het. Die eenheid is op 2 Augustus 2002 ontbind sonder dat enige van die doelstellings bereik is.

<sup>289</sup> Anon 2006 <http://www.sadc.int>.

<sup>290</sup> *Harmonization of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory Frameworks in Southern Africa* 30 Desember 2004.

Hierdie harmoniseringsraamwerk maak nie net voorsiening vir mynbouwetgewing nie, maar ook vir ander gedeeltes van die reg wat met mynbou kan oorvleuel, soos byvoorbeeld Wetgewing wat met taksasie, geslag, algemene beleggings in die omgewing, navorsing en omgewingsontwikkeling, menslike hulpbronne en die ontwikkeling van vaardigheid, te make het.

Hierdie dokument beslaan 94 bladsye en kan daarom nie as aanhangsel aangeheg word nie.

In die raamwerk word genoem wat die gemeenskaplike probleme en/of verskille in die SAOG ten opsigte van minerale is, maar dit word nie noodwendig aangespreek nie.<sup>292</sup> Die raamwerk maak voorsiening vir standarde by die administrasie of magtigingsprosedures in die SAOG. Dit bepaal onder andere dat alle SAOG-lande verkennings- en mynlicensies moet hê. Verder is standarde gestel soos dat daar byvoorbeeld 'n bedrag betaal moet word vir magtiging, maar die betrokke staat moet self die bedrag vasstel. Die oppervlakte waarvoor verkenningslisensies toegeken word, mag wissel van 4 tot 10 000 000 ha; die duur van die verkenning kan van 24 tot 60 maande strek; en 'n mynlicensie kan geldig wees vir 'n tydperk tussen 21 en 30 jaar. Hierdie is slegs enkele voorbeelde van die standarde wat gestel word.<sup>293</sup> Die reëlings is wyd en die standarde vaag. Omdat die soorte minerale wat ontgin word van mekaar verskil, bestaan 'n behoefte aan verskillende tydperke en oppervlaktes. Sodoende word veroorsaak dat die indruk geskep word dat magtigings wel dieselfde benaming het, maar nie noodwendig dieselfde inhoud nie. 'n Verdere rede setel daarin dat myne nie dieselfde minerale myn nie en dus verskillende behoeftes het, sodat die standarde buigbaar moet wees.

Die Mynbouprotokol bepaal dat lidstate inligting met mekaar moet deel. Daar word ook voorgestel dat 'n formaat opgestel moet word wat bepaal op watter manier die inligting met mekaar gedeel moet word. Daar is egter geen bepalings oor die aard van die inligting wat gedeel moet word nie en die formaat is ook nog nie bepaal nie. Dit word genoem dat die staat 'n belangrike rol in omgewingsbeskerming speel, maar spesifieke melding van wat hierdie verantwoordelikhede is en wat dit behels, word nie gemaak nie.

In die raamwerk word wel voorstelle gemaak oor hoe om harmonie in die SAOG te bereik. Die voorstelle behels onder andere die volgende:

- lidstate moet elke aansoek op grond van die meriete daarvan afsonderlik oorweeg;

---

<sup>292</sup> Tabel 4 in die raamwerk.

<sup>293</sup> Tabel 4 in die raamwerk.

- magtigings moet slegs een maal, en vir korter periodes, hernubaar wees;
- lidstate moet dit verpligtend maak vir die houers van regte om gereeld geologiese inligting in 'n voorgeskrewe standaard aan die betrokke staat te stuur, sodat die inligting in 'n regionale inligtingsstelsel opgeneem kan word;
- state moet histories benadeelde persone ontwikkel;
- lidstate moet soortgelyke OIS regulasies ontwikkel;
- lidstate moet verseker dat finansiële voorsorg getref word;
- 'n mineraalontwikkelingsfonds, wat voorsiening maak vir rehabilitering ná omgewingsrampe wat as gevolg van mynbou ontstaan, moet deur alle lidstate ingestel word; en
- lidstate moet eenvormige riglyne vir gesondheid en veiligheid ontwikkel, aanneem en afdwing.

Hierdie is slegs 'n paar van die voorstelle. Van die voorstelle word meer as een maal genoem en ander weer is nie relevant vir die doeleindes van hierdie verhandeling nie. Die voorstelle is nie afdwingbaar nie en sal waarskynlik mettertyd verder uitgewerk moet word.

### **3.3.4 Gevolgtrekking**

Ontwikkeling in die SAOG is belangrik omdat dit armoede kan teenwerk. Mynbou kan die lewenstandaard en kwaliteit van die gemeenskappe wat rondom die gebied waar die mynaktiwiteite plaasvind, verhoog of verlaag. Die verhoging van 'n gemeenskap se lewenstandaard sal normaalweg plaasvind wanneer die omgewing ontwikkel word en besigheid daardeur gelok word – iets wat tot voordeel van die gemeenskap strek en werksgeleenthede vermeerder. Lewenstandaard sal normaalweg verlaag wanneer ernstige omgewingsagteruitgang en beskadiging met die aktiwiteite gepaard gaan. Mynbou het ontwikkeling tot gevolg, maar is nie altyd wesenlik nie omdat dit verskeie omgewings- en ander impakte inhou. As gevolg van hierdie impakte word daar gereeld in wetgewing en ander verdrae daarop gefokus om die agteruitgang van die omgewing

te voorkom, om die mens se gesondheid voorop te stel, en om volhoubare ontwikkeling te bevorder.

Die AEG wil 'n gesonde omgewing bevorder en streef daarna dat die SAOG hul beleide met dié van die AEG moet harmoniseer. Daarom behoort die SAOG se beleide en protokolle só opgestel te word dat dit sowel omgewingsbeskerming as ontwikkeling bevorder.<sup>294</sup> Die Mynbouprotokol ondersteun hierdie ideaal deurdat dit gerig is op ekonomiese ontwikkeling, die teenwerk van armoede, en die opbou van lewenstandaard in die bepaalde streek. Die Mynbouprotokol wil volhoubare gebruik van minerale verseker – met inagneming van die beskerming van die omgewing. Met die opstel van die SADC-raamwerk is daar reeds begin met die harmonisering van mynbouwetgewing in die SAOG. Die raamwerk behels egter slegs voorstelle en is nie afdwingbaar nie. Daar bestaan dus tans geen formele, vaste en afdwingbare standaard in die SAOG waarvolgens harmonisering kan plaasvind nie, al kan die riglyne wel gebruik word. Dit wil voorkom asof die SAOG-standaarde eerder neerkom op koördinerende en nie harmoniserende nie.<sup>295</sup>

### 3.4 Samevatting

Die verdrae wat bespreek is, het dit in gemeen dat dit aspekte van sowel omgewingsbeskerming as die behoefte aan ontwikkeling, betrek. Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië is gebonde aan hierdie ooreenkomste en moet dit in ag neem. Die behoefte aan harmonisering word al hoe meer beklemtoon en die afwesigheid van 'n raamwerk aan die hand waarvan harmonisering kan geskied, kan harmonisering bemoeilik. Dit is duidelik dat omgewingsbeskerming en ontwikkeling<sup>296</sup> in balans moet bly wanneer 'n raamwerk vir harmonisering opgestel moet word. Die AU se ACHPR bevat 'n reg op 'n bevredigende omgewing gunstig vir ontwikkeling. Hierdie

---

<sup>294</sup> Volgens Dugard *International Law* 439 is die doelstellings van die SAOG om samewerking te fasiliteer wat 'n wye reeks politieke, ekonomiese en sosiale sake betref – insluitende samewerking in areas waar dit nodig is om regionale ontwikkeling en integrasie te laat plaasvind.

<sup>295</sup> Sien hoofstuk 2.6.

<sup>296</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.

omgewingsreg moet beskerm word en nie die SAOG-protokols of die verskillende lande se wetgewing, mag in konflik met hierdie verdrag wees nie.

Die Mynbouprotokol se bepalings kan in die SAOG dien as riglyn aan die hand waarvan harmonisering kan plaasvind, omdat al die state reeds aan hierdie protokol gebonde is en hul wetgewing nie teen die protokol mag indruis nie. Kragtens die protokol kan standarde gestel word om harmonisering te vergemaklik. Die Mynbouprotokol is opgestel met die inagneming van die ander SOAG-protokols en die AU-verdrae wat met omgewingsbeskerming handel. Daar bestaan verskeie struikelblokke in die harmonisering van wetgewing in sowel die AU as die SAOG. Sodanige struikelblokke sluit onder andere in: die tekort aan hulpbronne, instellings se swak kapasiteit, te veel steun op eksterne finansiële ondersteuning, en die afwesigheid van gemeenskaplike waardes in 'n streek.<sup>297</sup> Gemeenskaplike regionale waardes kan gedeeltelik verwesenlik word deur die ontwikkeling van 'n omgewingsregtelike wil en bewustheid onder die regionale leiers, die tot stand bring van omgewingsregtelike solidariteit en die ontwikkeling van gemeenskaplike omgewingsregtelike waardes, sisteme en institusies.<sup>298</sup> Al hierdie komponente is noodsaaklik om regionale harmonisering te bewerkstellig.<sup>299</sup>

Aangesien daar tot dusver geen aanvaarde standarde vir harmonisering opgestel is nie, sal internasionale en nasionale hulpmiddels die beste manier wees om harmonisering te laat plaasvind.<sup>300</sup> Internasionale hulpmiddels hou onder andere die volgende in:

- Die hou van konferensies, van tyd tot tyd, waarby al die Afrika lande, sowel as die aandeelhouers in mynmaatskappye en die finansiers, betrokke is.<sup>301</sup>

---

<sup>297</sup> Makinda and Okumu *The African Union, Challenges of Globalization* 91.

<sup>298</sup> Makinda and Okumu *The African Union, Challenges of Globalization* 92.

<sup>299</sup> Ibid.

<sup>300</sup> Doek *In the Best Interest of the Child* 6.

<sup>301</sup> Akinbote 24 Februarie 2008 <http://meetings.abanet.org>.

- Die stigting van 'n komitee (bestaande uit lede van die lidstate en ander persone wat 'n moontlike belang in die mynaktiwiteite kan hê) met die volgende doel, om:<sup>302</sup>
  - omgewingswetgewing, beleide en programme, sowel as die impak daarvan op die harmonisering van omgewingsreg, oftewel mynreg, in Afrika sal hê, en tot dusver gehad het, te bestudeer;
  - die beste manier te vind waardeur harmonisering kan plaasvind;
  - die struikelblokke in die harmoniseringsproses, wat onder andere die taalverskille in die lande van die streek insluit, te oorkom; en om
  - krities te besluit hoe hierdie struikelblokke oorkom kan word.
- Die opstel van internasionale modelwetgewing, soos die *Model Law on Cross Border Insolvency United Nations Commission on International Trade (UNCITRAL)* wat 'n vaste raamwerk vir die aanvaarding van nasionale wetgewing stel en wat die samewerking tussen verskillende jurisdiksies insluit.<sup>303</sup>

Hierdie hulpmiddels, tesame met die SADC-raamwerk, sal gebruik kan word as 'n manier om harmonisering te laat plaasvind.

Vervolgens moet bepaal word of die grondwetlike raamwerke van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië wel met die bepalings van die AU en die SAOG ooreenstem.

---

<sup>302</sup> Akinbote 24 Februarie 2008 <http://meetings.abanet.org>.  
<sup>303</sup> Olivier *De Jure* 441.

## HOOFSTUK 4 GRONDWETLIKE RAAMWERKE

### 4.1 Inleiding

Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië en ook verskeie ander Afrika-lande sluit reeds 'n omgewingsreg of -plig in hul grondwette in.<sup>304</sup> Hierdie grondwette<sup>305</sup> bevat substantiewe bepalings, wat óf 'n omgewingsreg, óf 'die reg op lewe' insluit.<sup>306</sup> Die 'reg op lewe' word dikwels uitgelê as die reg om daardie lewe in 'n omgewing te leef wat nie 'n persoon se lewe bedreig nie.<sup>307</sup> Die grondwette van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië word vervolgens bespreek ten einde te bepaal wat die aard, omvang en toepassing van hierdie regte of pligte in die onderskeie lande is.

#### 4.1.1 Suid-Afrika

Artikel 24(a) van *Die Grondwet*<sup>308</sup> is 'n fundamentele reg wat daarvoor voorsiening maak dat elkeen die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir enige persoon se gesondheid of welstand is nie. Die gebruik van die woord "elkeen" dui aan dat artikel 24 afgestem is op alle individue<sup>309</sup> en regspersone.<sup>310</sup> Indien enige individu of regspersoon

---

<sup>304</sup> Van der Linde en Basson 'Environment' 8; Bruch, Coker and Van Arsdale 2001 *Columbia Journal of Environmental Law* 131.

<sup>305</sup> 'n *Grondwet* het 'n spesiale aansien in elke nasie: dit is die oppergesag in 'n land wat die Staat se basiese struktuur uiteensit – insluitende die uitoefening van politieke magte, en die verhouding tussen politieke entiteite en die staat en die mense (Hatchard, Ndulo en Slinn *Comparative Constitutionalism* 12). Indien 'n grondwet 'n omgewingsreg bevat, is dit 'n sterk en breë meganisme waardeur die omgewing beskerm kan word (Bruch, Coker and Van Arsdale 2001 *Columbia Journal of Environmental Law* 131). Wanneer 'n omgewingsreg in 'n grondwet ingesluit is, beteken dit dat alle staatsaksies en -wetgewing, asook individuele handeling wat 'n impak op die omgewing kan hê, in ooreenstemming met dié grondwetlike reg moet plaasvind (Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 522).

<sup>306</sup> Bruch, Coker and Van Arsdale 2001 *Columbia Journal of Environmental Law* 131.

<sup>307</sup> Bruch, Coker and Van Arsdale 2001 *Columbia Journal of Environmental Law* 131.

<sup>308</sup> *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

<sup>309</sup> Van der Linde en Basson 'Environment' 11; Kidd *Environmental Law* 20.

<sup>310</sup> A 8 van *Die Grondwet*; Van der Linde en Basson 'Environment' 41; Kidd *Environmental Law* 20; Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 522; Kotzé en Paterson 'South Africa' 557-601.

hierdie reg bedreig mag hulle krimineel vervolgt word<sup>311</sup> – met ander woorde: dit is 'n reg wat in 'n hof afdwingbaar is. Dit is belangrik dat die regte ook teen regs persone afgedwing kan word, omdat myne en fabriekse normaalweg bestuur en besit word deur regs persone soos maatskappye.<sup>312</sup> Die persoon wie die reg wil afdwing, kan dit doen in sy/haar eie belang,<sup>313</sup> in die belang van of namens 'n persoon wie nie self die vervolging kan instel nie,<sup>314</sup> in belang van 'n groep of klas persone,<sup>315</sup> in openbare belang,<sup>316</sup> of in belang van die beskerming van die omgewing.<sup>317</sup> Artikel 24(a) is negatief geskryf, deurdat dit 'n reg op 'n omgewing verseker wat “nie skadelik” is nie, teenoor 'n positiewe reg op 'n “gesonde omgewing”.<sup>318</sup> Hiervolgens mag mynaktiwiteite dus nie skadelik wees vir enige persoon se gesondheid of welstand nie.

In artikel 24(b) word bepaal dat die omgewing beskerm moet word tot voordeel van huidige en toekomstige generasies, deur redelike wetgewende en ander maatreëls in te stel wat besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom,<sup>319</sup> omgewingsbeskerming bevorder,<sup>320</sup> en ekologiese volhoubare ontwikkeling en die gebruik van natuurlike hulpbronne verseker; maar wat ook terselfdertyd regverdigbare ekonomiese en sosiale ontwikkeling bevorder.<sup>321</sup> Die MPRDA bepaal in sy aanhef dat die ontwikkeling en sosiale opheffing van gemeenskappe wat by mynbou betrokke is, belangrik is in Suid-Afrika. Artikel 24(b) plaas 'n positiewe plig op die staat om die regte van individue te beskerm deur redelike wetgewende en ander maatreëls.<sup>322</sup> Redelike stappe en

<sup>311</sup> Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 522; Kotzé en Patterson 'South Africa' 557-601.

<sup>312</sup> Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 524.

<sup>313</sup> A 32(1)(a) van NEMA en a 38(a) van *Die Grondwet*.

<sup>314</sup> A 32(1)(b) van NEMA en a 38(b) van *Die Grondwet*.

<sup>315</sup> A 32(1)(c) van NEMA en a 38(c) van *Die Grondwet*; sien bv *Permanent Secretary, Department of Welfare Eastern Cape v Ngxuza* 2001 4 SA 1184 (SCS).

<sup>316</sup> A 32(1)(d) van NEMA en a 38(d) van *Die Grondwet*.

<sup>317</sup> A 32(1)(e) van NEMA; sien bv *Earthlife Africa (Cape Town) v Director General: Department of Environmental Affairs and Tourism* 2005 3 SA 156 (C).

<sup>318</sup> Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 525; Glazewski *Journal of African Law* 177-180.

<sup>319</sup> A 24(b)(1) van *Die Grondwet*.

<sup>320</sup> A 24(b)(2).

<sup>321</sup> A 24(b)(3).

<sup>322</sup> Mahomed *Environmental Rights* 13; Van der Linde en Basson 'Environment' 11; Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 522; Kidd *Environmental Law* 20; Kotzé en

wetgewende maatreëls, beleide en programme beteken dat die stappe en wetgewende maatreëls, beleide en programme redelik en regverdig moet wees. Wetgewing, beleide en programme moet maklik verstaan kan word, daar moet toegang tot die beleide en programme wees en afdwingingsmeganismes moet bestaan.<sup>323</sup> Die redelike wetgewende en ander maatreëls moet besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom, die bewaring van natuurlike hulpbronne en die omgewing bevorder, en ekologiese volhoubare ontwikkeling verseker – sonder dat dit ekonomiese en sosiale ontwikkeling strem.<sup>324</sup> As artikel 24 op mynbou van toepassing gemaak word, beteken dit dat die staat verplig is om die gemeenskappe se belange op te weeg teenoor die ekonomiese belang van die myn.<sup>325</sup> Die staat is verantwoordelik daarvoor om ingeligte besluite te neem en alle faktore in ag te neem voordat 'n magtiging toegestaan behoort te word.<sup>326</sup>

Die Suid-Afrikaanse Grondwet se omgewingsregsbeplanning is een van die mees omvangryke grondwetlike bepalings in Afrika, aangesien daar 'n plig op sowel die staat<sup>327</sup> as die landsburgers<sup>328</sup> geplaas word om die omgewing te beskerm.<sup>329</sup> Hierdeur word individue toegelaat om die reg teen mekaar en die staat af te dwing.<sup>330</sup> Artikel 24(b)(iii) bepaal dat wetgewende maatreëls ingestel moet word om die volhoubare

---

<sup>323</sup> Paterson 'South Africa' 557-601; Barnard *Environmental Law* 51.  
*Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others* 2001 1 SA 46 42; *BP Southern Africa (Pty) Ltd v MEC for Agriculture, Conservation and Land Affairs* 2004 5 SA 124 (WLD) 142F; Van der Linde en Basson 'Environment' 23; Glazewski *Environmental Law* 79; Kidd *Environmental Law* 22.

<sup>324</sup> Sien die bespreking oor die *Fuel Retailer*-saak in hoofstuk 2, par 2.3; Van der Linde en Basson 'Environment' 43; Kidd *Environmental Law* 22; Die reg tot toegang tot informasie (artikel 32) en die reg tot regverdige administratiewe aksies (artikel 33) is ook van belang by die beskerming van die omgewing, maar vir doeleindes van hierdie studie word daar nie hierop gefokus nie.

<sup>325</sup> Bray 2008 *SAJELP* 1-22; sien hoofstuk 2, par 2.3.

<sup>326</sup> Bray 2008 *SAJELP* 1-22; sien hoofstuk 2, par 2.3 vir die bespreking oor die *Fuel Retailer*-Saak; sien ook hoofstuk 5, par 5.1.

<sup>327</sup> A 24(b).

<sup>328</sup> A 24(a).

<sup>329</sup> Bruch, Coker and Van Arsdale 2001 *Columbia Journal of Environmental Law* 159; Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 522; Du Plessis 'Understanding the Legal Context' 11-40.

<sup>330</sup> Bruch, Coker and Van Arsdale 2001 *Columbia Journal of Environmental Law* 159; Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 523.

ontwikkeling van natuurlike hulpbronne te verseker. Hierdie bepaling bring die Suid-Afrikaanse grondwet in lyn met internasionale standaarde deurdat dit 'n verband tussen menseregte, die omgewing en ontwikkeling lê.<sup>331</sup>

Die reg op lewe<sup>332</sup> in die *Grondwet* kan ook geïnterpreteer word as 'n reg op 'n omgewing wat nie mense se lewens in gevaar stel nie.<sup>333</sup> Dit sal byvoorbeeld wees wanneer 'n persoon se lewe in gevaar gestel word deur besoedelde water en lug. In die Suid-Afrikaanse saak *Woodcarb*<sup>334</sup> is die reg op lewe ook uitgelê as die reg op 'n nie skadelike omgewing.<sup>335</sup> Artikel 24 en alle ander grondwetlike regte kan beperk word sover dit redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gegrond op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.<sup>336</sup>

---

<sup>331</sup> Volgens Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 527, is die wyse waarop verseker word dat ontwikkeling plaasvind sonder dat (alle) menseregte geskaad word, dat die wetgewer moet bepaal dat omgewingsimpakstudies (OIS) by alle ontwikkelende projekte gedoen moet word. OIS word bespreek in hoofstuk 5, par 5.1.2.1.3, 5.1.2.2.3 en 5.1.2.3.3.

<sup>332</sup> A 11.

<sup>333</sup> Van der Linde en Basson 'Environment' 33; Glazewski *Environmental Law* 101.

<sup>334</sup> *Minister of Health and Welfare v Woodcarb (Pty) Ltd and other* 1996 3 SA 155 (N).

<sup>335</sup> Par 164.

<sup>336</sup> A 9.

#### 4.1.2 Mosambiek<sup>337</sup>

Artikel 45 van Mosambiek se grondwet plaas 'n plig op elke individu om sy en haar eie, asook ander se, gesondheid te beskerm en te bevorder,<sup>338</sup> die omgewing te beskerm en volhoubaar te gebruik,<sup>339</sup> en om publieke en gemeenskaplike goedere te verdedig en te beskerm.<sup>340</sup> Die artikel dui op volhoubare ontwikkeling.<sup>341</sup> Die Mosambiekse grondwet maak in afdeling 15 voorsiening vir fundamentele regte. Hierdie artikel val onder afdeling 15 van die grondwet. Artikel 89 van die grondwet bepaal dat alle burgers 'n plig het om openbare gesondheid te bevorder en te beskerm. Daarom sou mynaktiwiteite nie inbreuk mag maak op die publiek se gesondheid nie. Artikel 90 bevat 'n reg op 'n gebalanseerde omgewing. Hiervolgens het elkeen die reg om in 'n gebalanseerde omgewing te lewe. 'n Gebalanseerde omgewing word nie omskryf nie. Daar is 'n plig op elkeen om die omgewing te beskerm.<sup>342</sup> Hierdie bepaling is ook 'n fundamentele reg. Die staat en plaaslike owerhede moet beleide aanvaar om die omgewing te beskerm en moet die gebruik van natuurlike hulpbronne bevorder en reguleer.<sup>343</sup> Die staat moet bepaal onder watter voorwaardes die natuurlike hulpbronne

<sup>337</sup> Mosambiek was vir lank onder Portugese bewind. Gedurende hierdie tydperk was dieregstelsel Portugees in aard en toepassing. Mosambiek het eers in 1975 en ná meer as tien jaar se oorlog, onafhanklikheid verkry. Die gevolg hiervan was dat die regstelsel heel van vooraf opgebou moes word, en dit was as gevolg hiervan en tydens hierdie proses dat 'n *Grondwetlike Handves van Regte* met 'n Europees-liberalistiese uitkyk, ontwikkel het. Gevolglik is 'n grondwet geskryf wat geen menseregte bevat het nie. Oorlog het weer uitgebreek, dié keer 'n burgeroorlog. In 1987 is 'n grondwet wat op sosialisme gebaseer is, goedgekeur. Die President het egter hierdie grondwet afgekeur met die voorstel dat die grondwet 'n meer liberale, Westerse ideologie moet reflekteer. In 1990 is 'n grondwet aangeneem wat wel vir menseregte voorsiening maak. In 1994 is menseregte in Mosambiek bevorder. Dit het, ná onderhandelinge tussen Frelimo en Renamo, tot die beëindiging van die burgeroorlog gelei. Die partye het 'n algemene vredesverdrag onderteken wat beide partye ook verplig het om fundamentele menseregte te beoefen. Vandag is Mosambiek een van die armste lande, maar die land is potensieel baie ryk aan minerale. In 2004 is daar weer 'n nuwe grondwet aanvaar.

<sup>338</sup> A 45(e).

<sup>339</sup> A 45(f).

<sup>340</sup> A 45(g).

<sup>341</sup> A 45(a) Every individual shall have the duty to serve the national community, placing his or her physical and intellectual abilities at its service.

<sup>342</sup> A 90(1).

<sup>343</sup> A 90(2).

gebruik kan word,<sup>344</sup> ten einde 'n ekologiese balans te verseker deur die beskerming en die bewaring van die omgewing. Daar word geen melding in die grondwet gemaak van die reg op lewe nie, maar daar word in artikel 117 gesamentlik na die omgewing en lewenskwaliteit verwys. Die lewenskwaliteit van die burgers moet in ag geneem word.<sup>345</sup>

Indien daar op enige reg van 'n persoon inbreuk gemaak word, ook sy/haar omgewingsreg, het sy/hy die reg om 'n aksie in te stel.<sup>346</sup> In die lig daarvan dat die mense in Mosambiek 'n reg op 'n gebalanseerde omgewing het en dat volhoubare ontwikkeling moet plaasvind, moet die staat beleide aanneem wat gerig is op die volgende:

- Die voorkoming en beheer van besoedeling en erosie.<sup>347</sup>
- Die integrasie van omgewingsdoelstellings met provinsiale beleid.<sup>348</sup>
- Die bevordering van die integrasie van omgewingswaardes in opvoedkundige beleide en programme.<sup>349</sup>
- Die waarborg van volhoubare ontwikkeling.<sup>350</sup>
- Die bevordering van streekordonnansies om te verseker dat die regte aktiwiteite op die regte plekke plaasvind, ten einde gebalanseerde sosio-ekonomiese ontwikkeling in die gebiede te verseker.

Nie net behoort die natuurlike hulpbronne<sup>351</sup> in Mosambiek aan die staat nie, maar ook eienaarskap oor grond in Mosambiek vestig in die staat.<sup>352</sup> Die staat kan bepaal onder watter voorwaardes die grond aan iemand toegeken kan word.<sup>353</sup> Met ander woorde: die staat mag aan enige iemand wie hy goeddink en wie voldoen aan die vereistes

---

<sup>344</sup> A 110(1).  
<sup>345</sup> A 117(1).  
<sup>346</sup> A 81(2)(b).  
<sup>347</sup> A 117(2)(a).  
<sup>348</sup> A 117(2)(b).  
<sup>349</sup> A 117(2)(c).  
<sup>350</sup> A 117(2)(d).  
<sup>351</sup> A 98(1).  
<sup>352</sup> A 109(1) en (2).  
<sup>353</sup> A 110.

gestel in die mynwetgewing, grond toeken om op te myn onder die voorwaardes wat die staat vir die mynaktiwiteite stel.

#### 4.1.3 *Tanzanië*<sup>354</sup>

Alhoewel omgewingsreg 'n relatief nuwe term in Tanzanië is en nie in die grondwet vervat is nie, bestaan daar vele benaderinge tot omgewingsreg.<sup>355</sup> Dit wil voorkom asof Tanzanië die eerste Afrika-land is waar howe die konstitusionele reg op lewe binne die konteks van omgewingsbeskerming geïnterpreteer het.<sup>356</sup> Daarom stuit die afwesigheid van 'n omgewingsreg nie die Tanzaniese se owerhede om wel 'n omgewingsreg af te dwing nie. Alhoewel die Handves van Regte in Tanzanië nie omgewingskwessies en -regte direk aanspreek nie,<sup>357</sup> is daar wel 'n paar bepalings wat op omgewingsbeskerming dui, en ook die Omgewingsraamwerkwetgewing wat omgewingsreg as 'n afdwingbare reg klassifiseer. Artikel 14 van die Tanzaniese Grondwet, wat nie onder die afdeling fundamentele reg val nie maar onder die afdeling basiese regte en pligte, bepaal dat elkeen, in ooreenstemming met die reg, die reg het

---

<sup>354</sup> In 1962 het Tanganjika onafhanklikheid van Brittanje verkry. In 1964 het Tanganjika en Zanzibar saamgesmelt en Tanzanië gevorm. Dit was 'n sosialistiese staat met net een party. Gedurende die 1980's was daar geweldige druk op die regering omdat die ekonomie begin ineenstort het en dit het noodsaaklik geword om met die buiteland te begin handeldryf. Omdat die res van die wêreld nie Tanzanië se *de facto* regering erken het nie, was dit onmoontlik om met ander state handel te dryf. In 1992 is die grondwet gewysig en het Tanzanië 'n multi-party, demokratiese staat geword met 'n vrye mark ekonomie. Sedertdien het industrieë, mynaktiwiteite, en die onttrekking van olie, toegeneem. Vir meer inligting sien Anon Datum Onbekend <http://www.diplomathandbook.org>; Kipepeo Tours Datum Onbekend <http://www.tanzaniasafrica.com>; Anon Datum Onbekend <http://www.diplomatshandbook.org>.

<sup>355</sup> Pallangyo 2007 *Law Environment and Development Journal* 26-39.

<sup>356</sup> Soos aangehaal deur Bruch, Coker and Van Arsdale *Columbia Journal of Environmental Law*; 166 is in *Joseph D Kessy v Dar es Salaam City Council, Civil Case No. 299 of 1988* (High Court of Tanzanië by Dar es Salaam, 1991) beslis dat 'n vullishoop wat lugbesoedeling veroorsaak het, die oorsaak was van respiratoriese probleme by veral kinders, bejaardes en swanger vroue. Die hof het uitspraak in die inwoners se guns gegee en beslis dat die vullishoop die gesondheid en lewens van die inwoners in gevaar stel en dat die bedryf van 'n vullishoop op daardie spesifieke plek neerkom op die oortreding van artikel 14; kyk ook *Festo Balegele v dar es Salaam City Council* No. 90 van 1991 (High Court of Tanzania by Dar es Salaam).

<sup>357</sup> Pallangyo 2007 *Law Environment and Development Journal* 26-39.

om te bestaan en om beskerming vir sy lewe te ontvang. Artikel 9(i) bepaal dat die staat en sy organe verplig is om hul beleide en programme só op te stel om, onder andere, te verseker dat die gebruik van natuurlike hulpbronne en die ontwikkeling van die mense, spesifiek gemik op die opheffing van armoede, onkunde en siektes beklemtoon moet word. Op grond hiervan kan die afleiding gemaak word dat natuurlike hulpbronne, soos minerale, 'n belangrike rol in Tanzanië kan speel. Mynbou kan dus as 'n belangrike komponent in Tanzanië beskou word – omdat dit kan help om die doelstellings te bereik wat in artikel 9 gestel is, en om ontwikkeling aan te moedig.

Artikel 27(1) van die grondwet handel oor eiendomsreg. Hiervolgens het elke persoon 'n plig om natuurlike hulpbronne te beskerm, omdat dit die staat se eiendom is en deur al die burgers gesamentlik besit word.<sup>358</sup> Daar bestaan ook 'n plig op die staat om te sorg dat die mense in Tanzanië nie die reg oortree nie.<sup>359</sup> Elkeen is verplig om 'n ander se eiendom (dus ook natuurlike hulpbronne) te respekteer.

Artikel 30(1) bepaal dat niemand die menseregte en vryhede wat in die grondwet uiteengesit word, op só 'n manier mag uitoefen dat dit inbreuk op die regte van 'n ander, of op die openbare belang, maak nie. Artikel 30(2) plaas 'n beperking op artikel 30(1) deur te bepaal dat die basiese menseregte, vryhede en pligte wat in die grondwet uiteengesit is, nie bestaande wetgewing ongeldig maak, of die uitvaardiging van enige nuwe wetgewing of enige regsgeldige handeling verbied nie – solank as wat die doel daarvan is om, onder andere, openbare veiligheid, openbare gesondheid, landelike en stedelike ontwikkeling, die ontginning van minerale, en die bevordering van openbare voordeel te verseker en te verdedig.<sup>360</sup> Hieruit is dit duidelik hoe belangrik ontwikkeling vir Tanzanië is, en ook dat minerale 'n primêre rol in ontwikkeling speel – mits dit nie publieke gesondheid en openbare veiligheid bedreig nie. Indien openbare veiligheid, gesondheid en moraal bedreig word, mag daar 'n aksie in die Hoë Hof ingestel word, of ook indien 'n persoon se aktiwiteite ontwikkeling, dus ook mynbou, belemmer.<sup>361</sup>

---

<sup>358</sup> A 6 van die *Environmental Management Act*.

<sup>359</sup> A 5(3).

<sup>360</sup> A 30(2)(b).

<sup>361</sup> A 30(3).

## 4.2 Samevatting

Die grondwette van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië bevat bepalings wat op omgewingsregte en volhoubare ontwikkeling dui. Die omgewingsregte in die drie lande is nie almal fundamentele regte nie. Suid-Afrika se omgewingsreg is 'n fundamentele reg wat positief en negatief geïnterpreteer kan word. Mosambiek se grondwetlike omgewingsreg is 'n fundamentele reg wat aan burgers die reg op 'n "gebalanseerde omgewing" gee, en ook 'n plig op die burgers en die staat plaas om natuurlike hulpbronne, onder andere, te beskerm. Die Mosambiekse grondwet maak melding van die reg op 'n "gebalanseerde omgewing" wat deur die burgers en die owerhede beskerm moet word. Die Tanzaniese omgewingsreg is nie 'n fundamentele reg nie maar val onder die afdeling "basiese regte en verpligtings". In Tanzanië se Omgewingsraamwetgewing word die omgewingsreg as 'n afdwingbare reg geklassifiseer.<sup>362</sup> Daar bestaan in al drie die grondwette 'n plig op die burgers en die staat om die omgewing te beskerm, al val al drie lande se bepalings nie onder fundamentele regte nie. Die verskil tussen fundamentele regte en gewone regte wat in 'n grondwet uiteengesit word, is daarin geleë dat dit nie net staatsmag beperk nie, maar ook dat 'n gemeenskap hul regte kan geniet en daaraan kan deelneem.<sup>363</sup>

In al drie lande moet die natuurlike hulpbronne aangewend word om ontwikkeling te bevorder. Maar daar bestaan beperkings op die grondwetlike bepalings in al drie die lande. 'n Omgewing wat nie skadelik is vir iemand se gesondheid, welstand en lewe nie, sal voorkeur kry bo ontwikkeling. Indien die ontwikkeling gunstig blyk te wees en nie 'n wesenlike gevaar vir gesondheid, welstand of lewe inhou nie, moet die ontwikkeling volhoubaar geskied. In al drie die lande is daar 'n plig op die staat om die omgewing te beskerm en hulpbronbestuur te reguleer. Die drie lande se grondwette maak ook voorsiening vir die afdwing van regte teen persone wat ander se omgewingsreg en reg op lewe bedreig.

<sup>362</sup> *Environmental Management Act 20 of 2004, a 4.*

<sup>363</sup> Currie en De Waal *The New Constitutional and Administrative Law* 30.

Al kom die bepalings, wat op omgewingsregte van toepassing is, in hierdie grondwette onder verskillende afdelings voor, kan die afleiding gemaak word dat die grondwette van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië dieselfde belang heg aan 'n omgewing wat nie skadelik is vir mense se gesondheid, welstand en lewe nie. Daarom moet alle mynbou-aktiwiteite op só 'n manier uitgeoefen word dat dit nie hierdie regte bedreig nie.

### 4.3 Toepassing van die internasionale reg in munisipale reg

Die grondwet van 'n land bepaal gewoonlik hoe internasionale reg deel van munisipale reg word. Soos voorheen aangedui is, reël die Mynbouprotokol byvoorbeeld die harmonisering van mynbouwetgewing.<sup>364</sup> Dit is dus belangrik om te weet hoe state te werk moet gaan om die verdrae en protokols van die AU en die SAOG te implementeer of toe te pas. Die manier waarop state verdrae of protokols in nasionale reg implementeer, mag 'n uitwerking hê op die harmonisering van wetgewing in die onderskeie lande.

Die *Grondwet* van Suid-Afrika bepaal in artikel 39:

By die uitleg van die Handves van Regte

(b) moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg<sup>365</sup> in ag neem; en

(c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg<sup>366</sup> in ag neem.

Dit beteken dat die regsprekende gesag in Suid-Afrika verplig is om die internasionale reg in ag te neem wanneer 'n fundamentele reg geïnterpreteer word. Die bepaling bepaal nie dat internasionale reg te alle tye toegepas behoort te word nie, maar wel dat 'n hof verplig is om te oorweeg of die Suid-Afrikaanse reg wat toegepas word, in ooreenstemming met die internasionale reg is ten opsigte van dieselfde punt.<sup>367</sup>

<sup>364</sup> A 2(2); sien hoofstuk 3.2.3.

<sup>365</sup> Byvoorbeeld verdrae wat state onderteken; Currie en De Waal *The Bill of Rights* 160.

<sup>366</sup> Dit is wetgewing van ander lande; Currie en De Waal *The Bill of Rights* 160; Du Plessis 'Understanding the Legal Context' 11-40.

<sup>367</sup> *Fuel Retailers Association of Southern Africa v Director-General: Environmental Management, Department of Agriculture, Conservation and Environment, Mpumalanga Province and Others* 2007 6 SA 4 CC 7 June 2007 par 50 en 51; Currie en De Waal *The Bill of Rights* 159.

Artikel 231 van *Die Grondwet* bepaal dat internasionale ooreenkomste eers die Republiek sal bind nadat die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies dit by wyse van Regulasies aanvaar het.<sup>368</sup> Die verdrae en protokols verkry eers regs krag in Suid-Afrika nadat dit as nasionale wetgewing gepromulgeer is.<sup>369</sup> Wanneer Suid-Afrika dus 'n verdrag onderteken, bind dit die land op internasionale vlak, maar nie op nasionale vlak nie. Die Suid-Afrikaanse howe mag eers internasionale verdrae toepas wanneer dit as nasionale wetgewing gepromulgeer is.<sup>370</sup> Wanneer wetgewing deur 'n hof uitgelê word, bepaal artikel 233 dat die hof voorkeur moet gee aan enige redelike interpretasie van die toepaslike wetgewing wat verenigbaar is met internasionale reg bo enige alternatiewe interpretasie wat teenstrydig is met die internasionale reg.<sup>371</sup> Die bepalings van die Mynbouprotokol sal dus in Suid-Afrikaanse wetgewing opgeneem moet word alvolgens dit regs krag kan verkry. Die howe kan egter die interpretasie van mynbouwetgewing, byvoorbeeld die Mynbouprotokol, in ag neem.

Die Mosambiekse *Grondwet* erken die bestaan van die Verenigde Nasies se verdrae sowel as die Afrika Unie se stigtingsverdrag en beveel dat die beginsels in die verdrae aangeneem, gerespekteer en toegepas moet word.<sup>372</sup> Dit wil voorkom asof die beginsels in die verdrae in wetgewing geïnkorporeer moet word sodat dit toepassing in Mosambiek se reg kan vind. Artikel 18 van die *Grondwet* van Mosambiek bepaal dat internasionale verdrae en ooreenkomste bindend is op Mosambiek se regstelsel, sodra dit geratifiseer, goedgekeur en amtelik gepubliseer is. Die bepalings is soortgelyk aan dié van die Suid-Afrikaanse reg.<sup>373</sup>

<sup>368</sup> A 231(2).

<sup>369</sup> A 231(4).

<sup>370</sup> Kotzé en Paterson 'South Africa' 557-601; Du Plessis 'Understanding the Legal Context' 11-40.

<sup>371</sup> Sien ook Aa 25, 26 en 27 van NEMA wat ook na internasionale omgewingsreg verwys. In A 25(2) word verwys na, en bevestig, wat in artikel 231(2) en (3) van *Die Grondwet* staan.

<sup>372</sup> A 17(2).

<sup>373</sup> Sien hoofstuk 4, par 4.1.2.

Tanzanië se grondwet maak geen melding van hoe internasionale reg of buitelandse reg toepassing in die land se regstelsel moet vind nie. In die *Environmental Management Act* word daar wel bepaal dat waar Tanzanië 'n party tot 'n internasionale of streeksverdrag is, die betrokke ministers wetgewing vir oorweging moet voorberei met die doel om die ooreenkoms te implementeer.<sup>374</sup> Dit wil dus voorkom asof verdrae en protokols ook in Tanzanië eers afdwingbaar word nadat dit in wetgewing gepromulgeer is.

#### **4.4 Samevatting**

Die grondwette van sowel Suid-Afrika as Mosambiek gee beide erkenning aan internasionale reg, maar daar word slegs in Suid-Afrika se grondwet verwys na die gebruik van buitelandse reg. In Tanzanië se grondwet word daar nie melding van internasionale reg gemaak nie, en ook nie aangedui hoe internasionale reg in die nasionale regstelsel toepassing vind nie. Daar word wel na internasionale reg verwys in die *Environmental Management Act*. Suid-Afrika se omgewingsraamwerkwetgewing maak ook melding van die afdwinging van internasionale reg in die munisipale regstelsel.

Internasionale reg moet in al drie die lande as wetgewing gepromulgeer word. 'n Verdrag of protokol wat onderteken is, hoef nie net so in nasionale wetgewing gepromulgeer te word nie. Die lande het 'n keuse om die bepalings van die ooreenkoms aan te pas soos wat dit die beste van toepassing sal wees in die spesifieke land se regstelsel. Indien die bepalings onmiddelik van toepassing sou wees en die owerhede nie die ooreenkomste se bepalings kon aanpas sodat dit gunstig vir die land se regstelsel is nie, sou dit nie nodig gewees het om wetgewing op te stel nie, en sou die ooreenkoms as wetgewing kon dien vir al die lande wat dit onderteken het –

---

<sup>374</sup> A 179(1)(a).

en dit sou in teenstelling met die beginsel van staatsoewereiniteit wees.<sup>375</sup> Indien lande 'n keuse het oor hoe hulle 'n verdrag of protokol wil implementeer, sou dit beteken dat die bepalings geïntegreer word, in plaas daarvan dat die reg geharmoniseer word. Omdat die bepalings ten opsigte van internasionale ooreenkomste in al drie die lande nie bepaal dat dit onmiddelik, of binne 'n sekere tydperk, in munisipale reg van toepassing sal wees of gepromulgeer moet word nie, kan dit beskou word as 'n manier waardeur harmonisering bewerkstellig kan word.<sup>376</sup> Hierdie afleiding kan gemaak word omdat harmonisering nie beteken dat 'n standaard, wat byvoorbeeld deur 'n verdrag of protokol gestel word, onmiddelik die kontrakterende lande se nasionale wetgewing beïnvloed of verander nie. Die staat kan self besluit wanneer dit nodig sal wees om die verdrag of protokol in nasionale wetgewing te promulgeer – solank die nasionale wetgewing se huidige bepalings nie in stryd is met dié van die verdrag of protokol nie. Die standaard hoef ook nie net soos dit in die verdrag of protokol uiteengesit word, tot nasionale wetgewing omgeskakel te word nie: die state kan die standaard op só 'n manier in wetgewing opgeneem dat dit aan hul behoeftes voldoen.

#### **4.5 Gevolgtrekking**

Omgewingsbeskerming, en ook volhoubare ontwikkeling, is belangrik in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië. Die feit dat al drie die lande se omgewingsregtelike bepalings nie 'n fundamentele reg is nie, maak nie 'n relevante impak op harmonisering nie, op grond daarvan dat indien die reg wel bestaan, dit beteken dat die staat steeds 'n belang aan hierdie reg heg. Die belang van die reg kan ook afgelei word uit die gegewe dat die verskillende lande 'n plig plaas op die staat, sowel as die mense in die land – wat natuurlike en regspersone insluit – van die staat om die omgewing te beskerm.

Ontwikkeling in Afrika is belangrik. Dit blyk onder andere duidelik omdat al drie die lande ter sprake ontwikkeling beveel – soos uitgewys in die bespreking van die

---

<sup>375</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.

<sup>376</sup> Sien hoofstuk 2.

onderskeie grondwette. Omdat ontwikkeling in die mynsektor gepaardgaan met omgewingskade, moet die ontwikkeling so volhoubaar moontlik geskied.<sup>377</sup> Indien die regte oortree word, al is dit nie 'n grondwetlike reg nie, kan die persoon wat die skade veroorsaak, regsaksie in die gesig staar. Volhoubare ontwikkeling speel dus in 'n mindere of meerdere mate, 'n rol in al drie die lande. Die formulering van mynbouwetgewing sal die verskillende omgewingsregte en -pligte, asook volhoubaarheid, moet reflekteer. Sodanige regte, pligte en beginsels moet nie net in die mynbouwetgewing opgeneem word nie, maar moet ook afdwing kan word.

Al drie lande gee in hulle grondwette of nasionale wetgewing erkenning aan die internasionale reg. Omdat internasionale reg die partye daartoe bind, kan dit standarde stel waarvolgens harmonisering kan plaasvind. Die Mynbouprotokol sal in al drie lande in nasionale wetgewing vervat moet word, ten einde afdwingbaar te wees.<sup>378</sup> In die volgende hoofstukke sal die mynsiklus bespreek word tesame met die verskillende wetgewing in die verskillende lande wat die prosesse, onder daardie siklus, reël.

---

<sup>377</sup>

Sien hoofstuk 2, par 2.4.

<sup>378</sup>

Sien hoofstuk 3, par 3.2.3.

## HOOFSTUK 5 DIE MYNLEWENSIKLUS

### 5.1 Inleiding

Die lewensiklus van 'n myn bestaan hoofsaaklik uit drie fases, naamlik die ontwerpfase (aansoeke vir lisensies, permitte en regte), die implementerings- of operasionele fase (die ontginning van die mineraal) en die sluitingsfase – wat normaalweg met rehabilitasie gepaardgaan.<sup>379</sup> Die eerste fase behels die identifisering van die plek waar gemyn gaan word, die mineraal wat ontgin gaan word en die administrasie om die myn te mag begin.<sup>380</sup> Die tweede fase behels die werklike mynproses volgens 'n koste effektiewe plan.<sup>381</sup> Die derde en laaste fase sluit rehabilitasie in.<sup>382</sup>

Vervolgens word die beste praktyke vir die verskillende fases in samehang met die onderskeie lande se wetgewing bespreek ten einde vas te stel of die lande se wetgewing aan die beste praktyke voldoen, en of, die wetgewing geharmoniseer kan word ten opsigte van die verskillende fases in die mynbouproses en die belangrikste komponente daarvan. En indien harmonisering wel moontlik is, word ondersoek ingestel na hoe dit gerealiseer kan word. Daarna word die wetgewing aan die SAOG Mynbouprotokol gemeet. Elke land se wetgewing word afsonderlik bespreek binne die drie fases van mynbou, en wel ten aansien van die volgende punte:

- Soorte vergunnings, oppervlaktes en tydperke.
- Aansoekprosedure.
- Omgewingsbestuursprogram en omgewingsimpakstudies.
- Konsultasie.
- Volhoubare ontwikkeling aangespreek deur die wetgewing.
- Besoedeling en omgewingsagteruitgang.

<sup>379</sup> Sassoon 'Effective Environmental Impact Assessment' 101-116; Morrey 'Integrated Planning for Economic Environmental Management During Mining Operations and Mine Closure' 243-256; Mitchell 'The Role of Waste Management and Prevention in Planning for Closure' 257-281; IFC World Bank 10 Des 2007 <http://www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf>.

<sup>380</sup> Sassoon 'Effective Environmental Impact Assessment' 101-116.

<sup>381</sup> Sassoon 'Effective Environmental Impact Assessment' 101-116.

<sup>382</sup> Sassoon 'Effective Environmental Impact Assessment' 101-116.

- Boetes en die terugtrek van magtigings.
- Omgewingsoudits en -inspeksies.
- Rehabilitering.
- Finansiële voorsorg.
- Aansoeke vir sluiting.

## 5.2 Mynlisensies, permitte en regte

Voordat elke land se wetgewing ten opsigte van permitte, regte en toestemming bestudeer word, is dit raadsaam om eerstens te bepaal wie die eienaars van die onderskeie lande se minerale is. In Suid-Afrika is die staat die trustee<sup>383</sup> van minerale bronne in die Republiek en die nasie die houer daarvan.<sup>384</sup> Volgens Dale is hierdie terme in die wet verkeerd, omdat 'n nasie nie regspersoonlikheid het of 'n regsobjek is nie.<sup>385</sup> Daarom bestaan daar geen eienaarskap oor minerale in Suid-Afrika nie. 'n Persoon kan 'n beperkte saaklike reg<sup>386</sup> ten opsigte van minerale verkry, wat die houer daarvan toelaat om op 'n spesifieke stuk grond te prospekter, te delf en minerale te verwyder.<sup>387</sup> Die reg is onderhewig aan die mineraal en grond waarvoor dit toegeken is.<sup>388</sup> Die mineraal behoort aan niemand terwyl dit nog in die grond is nie, maar sodra die mineraal ontgin en uit die grond verwyder is, word dit die eiendom van die mineraalreghouer. Voordat die mineraal ontgin is, is dit die eiendom van die staat –

<sup>383</sup> Sien hieroor Barnard *Environmental Law* 41; Van der Schyff *TSAR* 757-768; Lomborg 2009 <http://landlawwach.co.za>. Dus geld die Romeins-Hollandse-beginsel, naamlik dat 'n eenaar van grond op die grond met die stuk grond mag handel soos hy wil, nie meer in die Suid-Afrikaanse reg nie. Die eenaar moet nou die grond gebruik ten bate van toekomstige generasies en die staat moet toesien dat dit gebeur.

<sup>384</sup> In die aanhef van die MPRDA word bepaal dat "South Africa's mineral and petroleum resources belong to the nation and the state is the custodian thereof." Dit word bevestig in aa 2(a)-(b) en 3(1) sowel as a 2(o) van NEMA. Volgens Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 13-3 is minerale in Suid-Afrika *res publica*; Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 670.

<sup>385</sup> Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 4.

<sup>386</sup> A 5(1) van die MPRDA; Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 13-19; Badenhorst 2005 *Obiter* 517; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 133-134.

<sup>387</sup> Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 341; Badenhorst, Pienaar en Mostert *The Law of Property* 672; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 10 en 120.

<sup>388</sup> A 5(1) van die MPRDA.

as trustee van die mineraal.<sup>389</sup> In Mosambiek behoort alle minerale aan die staat.<sup>390</sup> Anders as in Suid-Afrika bestaan daar eiendomsreg oor minerale in Mosambiek en die eienaarskap daarvan vestig in die staat. In Tanzanië behoort alle minerale aan die Verenigde Republiek van Tanzanië, aan die staat dus.<sup>391</sup> Dit is dieselfde situasie as in Mosambiek.

In al drie hierdie lande mag daar nie enige mynaktiwiteit uitgevoer word sonder die staat se magtiging nie, selfs al is die persoon wat die aktiwiteit uitvoer die eenaar van die grond.

### **5.2.1 Minimum standaarde by aansoeke vir mineraalregte**

Voordat daar enige mynaktiwiteite begin kan, moet daar eers 'n gedetailleerde omgewingsimpakstudie (OIS)<sup>392</sup> gedoen word. Die hoofdoel van 'n OIS is om te verseker dat beduidende omgewingsimpakte aan die begin van die proses in oorweging geneem word, en om dit deur middel van 'n konsultasieproses ook so aan alle belanghebbendes oor te dra.<sup>393</sup> 'n Volledige OIS moet só opgestel word dat die impakte tydens en ná die myn se lewensiklus vasgestel kan word, byvoorbeeld: gronderosie, versakking van grond as gevolg van ondergrondse mynaktiwiteite, besoedeling van oppervlak- en grondwater die soliede afval en mynhoop verwante

---

<sup>389</sup> Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 340; Badenhorst, Pienaar en Mostert *The Law of Property* 675. Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 10 is van mening dat dit die eiendom van die grondeenaar behoort te wees.

<sup>390</sup> A 4 van die *Mining Law* 14 / 2002 of 26 June.

<sup>391</sup> A 5 van die *Minerals Act* 5 van 1998.

<sup>392</sup> Sands *Principles of International Environmental Law* 799; Kidd *Environmental Law* 195, OIS het ná die *Stockholm Konvensie* in 1972 internasionaal bekend geword en kom voor in internasionale dokumente soos die Rio-beginsels en die 1991 *Espoo Konvensie*. Beginsel 17 van die *Rio Konvensie* bepaal dat "environmental impact assesment, as a national instrument, shall be undertaken for proposed activities that are likely to have a significant adverse impact on the environment and are subject to a decision of a competent authority". In die *Ekspoor Konvensie* word OIS gedefinieer as "a national procedure for evaluation of the likely impact of a proposed activity on the environment".

<sup>393</sup> Singh, Saxena en Ghosh *Environmental Management in Mining Areas* 28.

impakte, en kwessies betreffende die veiligheid van die terrein.<sup>394</sup> Die OIS moet onder andere die volgende aanspreek:<sup>395</sup>

- 'n Beskrywing van die voorgenome aktiwiteite en alternatiewe;
- 'n Voorspelling van die aard en omvang van die myn se aktiwiteite en die impak daarvan op die omgewing;
- 'n Beskrywing van die relevante besware wat deur die proses van publieke deelname aan die lig gekom het.
- 'n Lys van aksies wat die impakte gaan beheer.
- 'n Bepaling van die impakte en hoe dit opweeg teen die omgewing;
- Voorstelle vir die voorgenome projek en rehabilitasie, asook 'n lys van die voor- en nadele van die voorgenome aktiwiteit;
- Voorstelle vir inspeksieprosedures.

Die hoofdeelnemers aan mynbou-aktiwiteite is die mynmaatskappy, die staat, die finansiers en versekeraars, asook die plaaslike gemeenskap.<sup>396</sup> Sedert 1993 stel die Wêreldbank openbare konsultasie en inligting wat aan die publiek<sup>397</sup> beskikbaar gestel moet word, as vereiste vir finansiers.<sup>398</sup> Om te verseker dat die mynproses tot almal se voordeel is, moet daar met alle partye gekonsulteer word. As daar met die plaaslike gemeenskap gekonsulteer word en hulle vanaf die beplanningsfase betrek word van die rehabilitasiebeplanning en die OIS-fase, sal daar vir die duur van die myn se bestaan minder konflik tussen die myn en die gemeenskap wees.<sup>399</sup> Gedurende die operasionele fase moet alle personelede by 'n myn ook betrokke wees by die

---

<sup>394</sup> Warhurst and Noronha 'Integrated Environmental Management' 13-32.

<sup>395</sup> Sassoon 'Effective Environmental Impact Assessment' 101-116; IFC 10 Des 2007  
<http://www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf>.

<sup>396</sup> Warhurst and Noronha 'Integrated Environmental Management' 13-32; Singh, Saxena en Ghosh *Environmental Management* 28.

<sup>397</sup> Volgens IFC *Doing better Business through Effective Public Consultation and Disclosure* 3 is die publiek persone wie direk of indirek deur die projek geaffekteer word, of daardie persone wie 'n positiewe of negatiewe bydrae tot die resultate van die projek kan maak.

<sup>398</sup> IFC *Doing better Business through Effective Public Consultation and Disclosure* 2.

<sup>399</sup> Warhurst and Noronha 'Integrated Environmental Management' 13-32.

rehabilitasieproses, nie net die bestuur nie. Personeel moet deurlopend van die omgewing en die impak wat die mynaktiwiteite daarop het, bewus gemaak word.<sup>400</sup>

Voorsiening moet onder alle omstandighede gemaak word vir die bestuur van water.<sup>401</sup> Voorsiening vir waterbestuur vorm deel van die OIS en OBP (omgewingsbestuursprogram) asook die omgewingsbestuursplan. Die myn sal byvoorbeeld moet aansoek doen vir waterregte. Vanweë die omvang van hierdie studie, word hierdie aspek egter nie verder bespreek nie.<sup>402</sup> Die myn moet sorg dat nie die grondwater nie en ook nie die oppervlakwater besoedel word nie. Alle water moet chemies behandel word voordat dit weer in die natuur vrygestel mag word, sodat dit nie omgewingskade veroorsaak nie.

Daar moet reeds vanaf die begin van 'n myn beplan word vir die sluiting van die myn, want in die afwesigheid van 'n beplande sluitingsproses sal plaaslike gemeenskappe en die omgewing skade ly.<sup>403</sup> As daar deeglik beplan word hoe rehabilitasie deurentyd gaan plaasvind, kan die grond weer gebruik word en sal dit nie ná die sluiting net 'n verlate myn wees en die spasie daarvan verlore gaan nie.<sup>404</sup> Die grootste voordeel van 'n vooruit beplande sluiting, is dat die mynmaatskappy voorsiening kan maak vir die koste verbonde aan die rehabilitasie.<sup>405</sup>

### **5.2.2 Aansoeke in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië**

Elke land het verskillende magtigings- en aansoekprosedures. Suid-Afrika het vyf verskillende magtigings, terwyl Mosambiek en Tanzanië ses verskillende soorte aansoeke het. Die aansoeke verskil in verskeie opsigte van mekaar en word vervolgens afsonderlik bespreek.

<sup>400</sup> Warhurst and Noronha 'Integrated Environmental Management' 13-32.

<sup>401</sup> IFC World Bank [www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf](http://www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf) 14 Okt.

<sup>402</sup> Sien in hierdie verband, wat Suid-Afrika betref: die *Nasionale Waterwet* 36 van 1998; wat Mosambiek betref: die *Water Act, Law* 16/1991; en wat Tanzanië betref: die *Water Resource Management Act* 11 van 2009.

<sup>403</sup> Warhurst and Noronha 'Integrated Environmental Management' 13-32.

<sup>404</sup> Warhurst and Noronha 'Integrated Environmental Management' 13-32.

<sup>405</sup> Sien die hoofstuk oor rehabilitasie en sluiting, Hoofstuk 4.3.

### 5.2.2.1 Suid-Afrika

#### a) Soorte vergunnings, oppervlaktes en tydperke

In Suid-Afrika maak die MPRDA voorsiening vir verkenningsprospekteertoestemmings, prospekteregte,<sup>406</sup> mynregte, mynpermitte en retensiepermitte.<sup>407</sup> Verkenningsprospekteertoestemmings is geldig vir twee jaar en is nie hernubaar<sup>408</sup> of oordraagbaar nie.<sup>409</sup> Toestemming magtig nie die houer van die reg om met mynaktiwiteite te begin nie<sup>410</sup> en die houer sal ook nie voorkeur kry wanneer hy/sy aansoek doen vir 'n myn, of om prospektereg, nie.<sup>411</sup> Prospekteregte is geldig vir nie langer as vyf jaar nie<sup>412</sup> en mag slegs een maal vir 'n periode van drie jaar hernu word.<sup>413</sup> By die aansoek om hernuwing vir 'n prospektereg, moet die applikant redes vir sy aansoek,<sup>414</sup> die uitslag van sy prospekteraktiwiteite,<sup>415</sup> die rehabilitasieplan<sup>416</sup> en die prospekterwerksprogram vir die hernuwingstydperk,<sup>417</sup> verskaf. Die houer van 'n prospektereg het die eksklusiewe reg om aansoek te doen vir 'n mynreg.<sup>418</sup> 'n Mynreg is geldig vir nie meer as dertig jaar<sup>419</sup> nie en mag telkens hernu word vir periodes wat nie dertig jaar oorskry nie.<sup>420</sup> By 'n aansoek om hernuwing moet die

<sup>406</sup> Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 229.

<sup>407</sup> Volgens a 32(2) skort 'n retensiereg die terme en voorwaardes van 'n prospektereg op, maar as die prospektereg nog nie verval het nie, duur dit voort ooreenkomstig die retensiepermit. Sien ook Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 148.

<sup>408</sup> A 14(4); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 218.

<sup>409</sup> A 14(5); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 218.

<sup>410</sup> A15(2)(a).

<sup>411</sup> A 15(2)(b).

<sup>412</sup> A 17(6); Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 679; Badenhorst 2005 *Obiter* 511.

<sup>413</sup> A 18(4); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 245; Badenhorst 2005 *Obiter* 511.

<sup>414</sup> A 18(2)(a).

<sup>415</sup> A 18(2)(b).

<sup>416</sup> A 18(2)(c).

<sup>417</sup> A 18(2)(d).

<sup>418</sup> A 19(1)(b).

<sup>419</sup> A 23(6); Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 686-687; Badenhorst 2005 *Obiter* 514; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 133.

<sup>420</sup> A 24(4); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 258.

redes en die tydperk waarvoor hernuwing gevra word, verskaf word.<sup>421</sup> 'n Mynpermit is geldig vir twee jaar en mag drie maal hernu word vir 'n periode van een jaar.<sup>422</sup> Die area waarin gemyn mag word, mag nie groter as 1,5 ha wees nie.<sup>423</sup> 'n Mynpermit is nie oordraagbaar of sedgeerbaar nie, maar mag met die Minister se toestemming met 'n verband beswaar word as sekuriteit vir die mynprojek.<sup>424</sup>

'n Retensiepermit<sup>425</sup> is geldig vir nie meer as drie jaar<sup>426</sup> nie en mag een maal vir 'n periode van twee jaar hernu word.<sup>427</sup> By die aansoek om hernuwing moet 'n verslag ingedien word waarin die omstandighede wat tydens die oorspronklike permit bestaan het, weergegee word,<sup>428</sup> asook die tydperk en redes vir die hernuwingsaansoek.<sup>429</sup> 'n Retensiepermit is nie gelys onder die beperkte regte in artikel 5(1) van die MPRDA nie. Dit is 'n persoonlike reg<sup>430</sup> en is nie oordraagbaar, sedgeerbaar of beswaarbaar nie.<sup>431</sup> By aansoeke om hernuwing bly 'n reg geldig totdat die aansoek om hernuwing afgekeur word.<sup>432</sup> 'n Retensiereghouer het die eksklusiewe reg om 'n mynreg te bekom ten opsigte van die area en mineraal ter sprake.<sup>433</sup>

#### b) Aansoekprosedure

By 'n verkenningsprospekteerreg moet die aansoek toegestaan word indien die tegniese moontlikheid bestaan om die verkenning in ooreenstemming met die

---

<sup>421</sup> A 24(2); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 266.

<sup>422</sup> A 27(8)(a); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 282.

<sup>423</sup> A 27(1)(b).

<sup>424</sup> A 27(8)(b).

<sup>425</sup> Sien Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 15-19.

<sup>426</sup> A 32(4).

<sup>427</sup> A 34(3); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 311.

<sup>428</sup> A 34(1)(a).

<sup>429</sup> A 34(1)(b).

<sup>430</sup> Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 15-20; Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 676; Badenhorst 2005 *Obiter* 510; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 133-134.

<sup>431</sup> A36.

<sup>432</sup> Aa 18(5) en 24(5).

<sup>433</sup> A 35(1); sien ook Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 15-20.

verkenningwerksprogram uit te voer<sup>434</sup> en die verwagte uitgawes met die voorgestelde verkenning en die duur van die program versoenbaar is.<sup>435</sup> 'n Aansoek vir 'n prospekterreg moet goedgekeur word as daar nie reeds 'n prospekterreg, mynreg, mynpermit of retensiereg op dieselfde grond is nie.<sup>436</sup> By 'n mynpermit mag daar nie reeds 'n ander magtiging op dieselfde grond ten opsigte van dieselfde mineraal wees nie.<sup>437</sup> 'n Mynreg en mynpermit moet toegestaan word indien die mineraal optimaal gemyn kan word soos in ooreenstemming met die werksprogram.<sup>438</sup> By 'n prospekter- en mynreg moet die applikant bewys dat hy/sy toegang tot finansiële bronne en tegniese bekwaamheid het om die voorgenome aktiwiteite optimaal te kan uitvoer in die lig van die werksprogram,<sup>439</sup> en ook dat die aktiwiteite nie in onaanvaarbare besoedeling, ekologiese agteruitgang en skade sal ontaard nie.<sup>440</sup> Die aansoek moet ook voldoen aan die vereistes gestel in die *Wet op Myngesondheid en Veiligheid* 29 van 1996.<sup>441</sup> By 'n prospekterreg moet die applikant bewys dat die duur van die operasionele fase en die koste verbonde aan rehabilitasie, ook aanvaarbaar is.<sup>442</sup> By 'n retensiepermit moet die redes vir die aansoek en die tydperk waarvoor die permit benodig word, vermeld word.<sup>443</sup> Daar moet reeds op die grond geprospekter gewees het,<sup>444</sup> prospektering moet voltooi wees, en 'n uitvoerbaarheid-<sup>445</sup> en markstudie moet reeds afgehandel wees en aandui dat vasgestel is dat die mineraal, as gevolg van die markomstandighede, nie vir drie jaar lank ekonomies gemyn kan word nie.<sup>446</sup> 'n Vorderingverslag moet elke ses maande aan die Streeksbestuurder van Myne gestuur word, waarin die heersende markomstandighede, die invloed van die

---

<sup>434</sup> A 14(1)(a).

<sup>435</sup> A 14(1)(b).

<sup>436</sup> A 16(2)(b).

<sup>437</sup> A 27(3)(a).

<sup>438</sup> Aa 23(a) en 27(1)(a).

<sup>439</sup> Aa 17(1)(a) en 23(b).

<sup>440</sup> Aa 17(1)(c) en 23(d).

<sup>441</sup> A 23(f).

<sup>442</sup> A 17(1)(b).

<sup>443</sup> A 31(1)(d).

<sup>444</sup> A 32(1)(a).

<sup>445</sup> A 32(1)(b).

<sup>446</sup> A 32(1)(d); sien ook Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 15-20.

markomstandighede op die permit,<sup>447</sup> asook pogings wat die houer onderneem het om die mynaktiwiteite voort te sit, uiteengesit word.<sup>448</sup>

Sodra 'n verkenningsprospekteertoestemming, 'n mynreg, 'n prospekterreg en 'n mynpermit goedgekeur is, moet die houer van die reg met die eienaar of wettige okkupeerder en ander belanghebbende partye konsulteer.<sup>449</sup> Die konsultasie moet binne dertig dae nadat die applikant kennis daarvan gekry het dat die verkenningsprospekteertoestemming<sup>450</sup> en prospekterreg aanvaar is, plaasvind. Wat 'n mynreg en 'n mynpermit betref, moet dit binne 180 dae plaasvind.<sup>451</sup> Hierna mag die houer van die reg die betrokke perseel betree en met sy aktiwiteite begin.

Alle vergunnings, behalwe 'n verkenningsprospekteertoestemming, moet, binne dertig dae na goedkeuring of hernuwing by die Myntitelkantoor geregistreer word.<sup>452</sup> Nadat 'n prospekterreg goedgekeur is moet die prospekter aktiwiteite binne 120 dae 'n aanvang neem.<sup>453</sup> Mynaktiwiteite moet binne een jaar nadat die mynreg goedgekeur is, begin.<sup>454</sup>

### c) Omgewingsbestuursprogramme (OBP) en omgewingsimpakstudies (OIS)

Applikante vir sekere regte<sup>455</sup> moet 'n OBP opstel. Daar word ook onderskei tussen 'n OBP en 'n omgewingsbestuursplan. Volgens die definisies in die MPRDA is 'n omgewingsbestuursplan 'n plan om die impak op die omgewing te bestuur en te rehabiliteer, terwyl die applikant by 'n OBP die impak van sy voorgenome aktiwiteite, op onder andere die omgewing,<sup>456</sup> asook die sosio-ekonomiese omstandighede van enige

---

<sup>447</sup> A 35(2)(b).

<sup>448</sup> A 35(2)(b).

<sup>449</sup> Aa 15(1), 16(4)(b), 22(4)(b) en 27(5)(b).

<sup>450</sup> Aa 15(1) en 16(4)(b).

<sup>451</sup> Aa 22(4)(b) en 27(5)(b).

<sup>452</sup> Aa 19(2)(a)(i)-(iii), 25(2)(a)(i), 24(5).

<sup>453</sup> A 19(b).

<sup>454</sup> A 25(b).

<sup>455</sup> Verkenningsprospekteertoestemming, prospekterreg en 'n mynreg.

<sup>456</sup> A 39(3)(b)(i).

persoon wat direk geraak kan word, in ag moet neem. 'n Omgewingsbestuursplan<sup>457</sup> moet voorberei word wanneer 'n applikant aansoek doen vir 'n verkenningsprospekteerpermit, 'n prospekteerpermit of 'n mynpermit.<sup>458</sup> Die plan moet onder andere inligting bevat oor die persoon wat die plan voorberei,<sup>459</sup> asook die moontlikheid om 'n OBP op te stel.<sup>460</sup> Die applikant moet ook 'n OBP voorberei om die werknemers in te lig omtrent omgewingsrisiko's wat uit hulle aktiwiteite kan voortspruit, terwyl ook die wyse waarop dit hanteer moet word, daarin beskryf moet word.<sup>461</sup> Die applikant moet beskryf op watter manier hy/sy enige aktiwiteit wat besoedeling veroorsaak, sal voorkom of beheer.<sup>462</sup>

By 'n verkenningsprospekteertoestemming,<sup>463</sup> 'n prospekteerreg<sup>464</sup> en 'n mynreg<sup>465</sup> moet 'n OBP opgetrek word en saam met die aansoek ingegee word. Nadat die aansoek om 'n prospekteerreg,<sup>466</sup> mynreg<sup>467</sup> en mynpermit<sup>468</sup> goedgekeur is, moet die applikant binne veertien dae 'n omgewingsbestuursplan aan die Streeksbestuurder stuur. Die mynreg en prospekteerreg word effektief op die dag wat die OBP goedgekeur is.<sup>469</sup> Maar die applikant vir 'n mynreg moet, nadat die reg goedgekeur is, weer 'n OBP aan die Streeksbestuurder stuur. Dit moet binne 180 dae nadat die Streeksbestuurder dit aangevra het, gebeur.<sup>470</sup> Wanneer 'n aansoek vir 'n mynreg goedgekeur word, moet die Streeksbestuurder die applikant in kennis stel dat hy binne

---

<sup>457</sup> Vir meer inligting oor omgewingsbestuursplanne, sien Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 17-6; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 148. Die vorm en inhoud van die aansoek word voorgeskryf deur *Mineral and Petroleum Resources Decelopment Regulations* GK R527 in SK 26275 van 1 May 2004; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 352.

<sup>459</sup> Reg 34(a)(i).

<sup>460</sup> Reg 34(a)(ii).

<sup>461</sup> A 39(3)(c).

<sup>462</sup> A 39(3)(d)(i).

<sup>463</sup> A 14(1)(a) en (b).

<sup>464</sup> A 17(1)(a) en (b).

<sup>465</sup> A 23(1)(a); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 348.

<sup>466</sup> A 16(4)(a).

<sup>467</sup> A 39(2).

<sup>468</sup> A 27(5)(a).

<sup>469</sup> A 23(5).

<sup>470</sup> A 39(1); Kidd *Environmental Law* 189.

180 dae 'n OIS moet inhandig.<sup>471</sup> 'n OBP sluit, in alle gevalle, die noodsaaklikheid om 'n OIS te doen, in.<sup>472</sup> Daar is nie 'n definisie vir 'n OIS in die MPRDA of in NEMA nie, en ook geen beskrywing van wat daarin vervat moet wees nie. Volgens NEMA sal mynaktiwiteite egter in die toekoms aan omgewingsimpakstudies onderworpe wees.<sup>473</sup> OIS word hoofsaaklik deur die OIS Regulasies gereël.<sup>474</sup> Volgens hierdie regulasies is die definisie van OIS: "in relation to an application to which scoping must be applied, means the process of collecting, organising, analysing, interpreting and communicating information that is relevant to the consideration of that application".

Die persoon wat die OIS uitvoer, word 'n omgewingswaarderingspraktisyn (OWP) genoem. Voordat 'n applikant aansoek doen vir die magtiging van 'n aktiwiteit, moet hy/sy 'n OWP op eie onkoste aanstel om die aansoek te hanteer.<sup>475</sup> Die OWP moet objektief wees<sup>476</sup> en indien die owerheid aan wie die aansoek gestuur word op enige stadium vermoed dat die OWP nie objektief is nie, moet die OWP daarvan ingelig word tesame met redes vir die vermoede.<sup>477</sup> Die OWP moet bewys dat hy objektief is.<sup>478</sup> Indien die OWP nie daarin slaag om die owerheid te oortuig dat hy objektief is nie, moet die owerheid die OWP en die applikant hieromtrent inlig.<sup>479</sup> Die applikant moet daarna weier om enige verdere verslae of insette van die OWP te aanvaar<sup>480</sup> en hy/sy kan die verslae wat tot dusver gelewer is laat hersien deur 'n ander onafhanklike persoon.<sup>481</sup> Die owerheidsgesag moet aan die applikant die geleentheid gun om op sy eie onkoste 'n nuwe OWP aan te stel.<sup>482</sup>

---

471

A 22(4)(a).

472

Wells *ea* 'Terrestrial Minerals' 513-578.

473

Kidd *Environmental Law* 187.

474

*Omgewingsimpakstudieregulasies* GK R547 in SK 33306 van 18 Junie 2010.

475

Reg 17(1).

476

Reg 18(a).

477

Reg 19(1)(a).

478

Reg 19(1)(b).

479

Reg 19(2).

480

Reg 19(2)(a).

481

Reg 19(2)(b).

482

Reg 19(2)(c).

'n Basiese verslag moet al die inligting bevat wat nodig is vir die owerheidsgesag om die aansoek te oorweeg en tot 'n besluit te kom.<sup>483</sup> Sodanige inligting sluit onder andere in:

- Besonderhede van die OWP wie die verslag voorberei het.<sup>484</sup>
- 'n Beskrywing van die voorgename aktiwiteite.<sup>485</sup>
- 'n Beskrywing van die grond waarop die aktiwiteit gaan plaasvind.<sup>486</sup>
- 'n Beskrywing van die omgewing wat moontlik deur die voorgename aktiwiteit beïnvloed kan word en die invloed daarvan op die fisiese, biologiese, sosiale, ekonomiese en kulturele aspekte van die omgewing.<sup>487</sup>
- Die wetgewing wat in ag geneem is tydens die voorbereiding van verslag.<sup>488</sup>
- 'n Beskrywing van die proses van openbare deelname wat plaasgevind het.<sup>489</sup>

Sodra die basiese verslag deur die owerheidsgesag goedgekeur is, moet die owerheidsgesag aan die OWP kennis gee dat hy kan voortgaan met die OIS.<sup>490</sup> Die OIS bevat dieselfde inligting as 'n basiese verslag<sup>491</sup> en die volgende moet by die OIS aangeheg word:<sup>492</sup>

- Kopieë van enige besware en opmerkings deur partye wat deur die aktiwiteite geraak word.<sup>493</sup>
- 'n Beskrywing van sowel die noodsaaklikheid van die voorgename aktiwiteit as die alternatiewe daarvoor, tesame met die voor- en nadele betrokke by die voorgename en alternatiewe aktiwiteite.<sup>494</sup>
- 'n Beskrywing van alle besware betreffende die omgewing en ook hoe dit aangespreek kan word.<sup>495</sup>

---

483 Reg 23(2).

484 Reg 23(2)(a)(i).

485 Reg 23(2)(b).

486 Reg 23(2)(c).

487 Reg 23(2)(d).

488 Reg 23(2)(e).

489 Reg 23(2)(f).

490 Reg 32(1).

491 Reg 32(2)(a) – (d).

492 Sien ook Glazewski *Environmental Law* 477.

493 Reg 32(2)(d)(iv).

494 Reg 32(2)(f).

- 'n Opinie dat die aktiwiteit gemagtig moet word, al dan nie – en indien dit gemagtig moet word, die voorwaardes wat gestel moet word.<sup>496</sup>

Die applikant of OWP moet spesialiste aanstel om verslae saam te stel.<sup>497</sup> Die OIS moet binne sestig dae goedgekeur,<sup>498</sup> of aan die applikant teruggestuur, word sodat hy/sy veranderinge kan aanbring.<sup>499</sup>

#### d) Konsultasie

Wanneer aansoek gedoen word vir 'n reg, permit of toestemming moet daar met die grondeienaar, wettige okkupeerder, en belanghebbende partye gekonsulteer word.<sup>500</sup> By alle aansoeke moet die konsultasie plaasvind voordat die reg toegestaan mag word, behalwe in die geval van 'n verkenningprospekteertoestemming waar konsultasie eers plaasvind nadat die reg toegeken is.<sup>501</sup> As die eienaar of wettige okkupeerder nie opgespoor kan word nie, moet 'n versoek, tesame met 'n betaling, aan die Streekbestuurder gestuur word sodat 'n kennisgewing op 'n sigbare plek geplaas kan word en die grond betree kan word.<sup>502</sup> Indien 'n botsing van belange bestaan tussen die grondeienaar of wettige okkupeerder, en die houer van die regte wat toegeken is, moet die Streekbestuurder die okkupeerder en die applikant daaroor raadpleeg. Sodanige botsing van belange kan byvoorbeeld voorkom ten opsigte van toegang tot die grond, onredelike eise in ruil vir die gebruik van die grond, of 'n geval van die eienaar wat bloot nie opgespoor kan word nie. Indien dit vir die Streekbestuurder blyk dat die grondeienaar of wettige okkupeerder moontlik skade kan ly as gevolg van die voorgenome aktiwiteite op die grond, moet die Streekbestuurder die partye beveel om te onderhandel en 'n ooreenkoms te sluit vir die vergoeding vir skade of verlies.<sup>503</sup>

---

<sup>495</sup> Reg 32(2)(j).

<sup>496</sup> Reg 32(2)(m)

<sup>497</sup> Reg 33(1).

<sup>498</sup> Reg 35(1).

<sup>499</sup> Reg 35(2)(a).

<sup>500</sup> Reg 56 (b); Barnard *Environmental Law* 111.

<sup>501</sup> Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 148 en 160.

<sup>502</sup> A 105(1)(a)-(b) en (2)(a).

<sup>503</sup> A 54(3).

Indien daar nie tot 'n ooreenkoms gekom kan word nie, moet vergoeding deur arbitrasie of die hof bepaal word.<sup>504</sup>

### 5.2.2.2 Mosambiek

#### a) Soorte vergunnings, oppervlaktes en tydperke

In Mosambiek is daar ses verskillende vergunnings wat toegeken kan word, naamlik: verkenningsprospekteerlisensies, ontginningslisensies, mynvergunnings, mynsertifikate, mynpasse en lisensies vir die ontginning van minerale bronne vir boumateriaal. Daar word ook onderskei tussen verskillende vlakke van mynbou.<sup>505</sup> Vlak 1 is kleinskaalse mynbou wat aktiwiteite deur individue of koöperasies, sowel as verkenningsaktiwiteite, prospektering en navorsing wat nie met masjinerie gedoen word nie, insluit.<sup>506</sup> Vlak 2 is mynbou, uitgrawings, die ontdekking en ontginning van minerale bronne vir konstruksie, prospektering, navorsing, en mynaktiwiteite wat die gebruik van meganiese toerusting insluit.<sup>507</sup> Vlak 3-mynaktiwiteite is aktiwiteite wat nie by vlak een of twee ingesluit is nie, maar steeds meganiese toerusting vereis.<sup>508</sup>

'n Verkenningsprospekteerlisensie magtig die houer daarvan om, onder andere, voorbeelde en monsters uit die grond te verwyder en in sy besit te hê.<sup>509</sup> Dit is geldig vir twee jaar en nie hernu-<sup>510</sup> of oordraagbaar nie.<sup>511</sup> Die area waarop die aktiwiteite plaasvind mag nie 100 000 ha oorskry nie.<sup>512</sup> Die uitgrawings mag nie meer as een meter diep wees nie en daar mag nie meer as drie vierkante meter se materiaal

---

<sup>504</sup> A 54(4).

<sup>505</sup> A 37(1) van *Law no 20/97* van 1 Oktober.

<sup>506</sup> A 1(1)-(3) Decree 26/2004 van 20 Augustus en a 37(2) van die *Mining Law no 14/2002* van 26 Junie.

<sup>507</sup> A 1(1)-(3) Decree 26/2004 van 20 Augustus en a 37(2) van die *Mining Law no 14/2002* van 26 Junie.

<sup>508</sup> A 1(1)-(3) Decree 26/2004 van 20 Augustus en a 37(2) van die *Mining Law no 14/2002* van 26 Junie.

<sup>509</sup> A 8(b) en (d).

<sup>510</sup> A 7(5) en reg 23(2) van die Regulasies.

<sup>511</sup> A 7(6).

<sup>512</sup> A 24(1) van die Regulasies.

verwyder word nie.<sup>513</sup> Daar mag nie meer as 12 m<sup>2</sup> se uitgrawings op een hektaar gedoen word nie<sup>514</sup> en daar mag nie meer as vier keer op een hektaar geboor word nie.<sup>515</sup>

'n Ontginningslisensie magtig die houer om deur die nodige aktiwiteite op 'n eksklusiewe basis minerale te ontdek en te ontgin om sy doel te bereik,<sup>516</sup> voorbeelde en monsters te versamel<sup>517</sup> en te verkoop, en water<sup>518</sup> te gebruik in ooreenstemming met die bepalings van die toepaslike wetgewing<sup>519</sup> op 'n oppervlak wat nie groter as 25 000 ha is nie.<sup>520</sup> Hy/sy mag binne perke voorbeelde en monsters bymekaar maak, verwyder<sup>521</sup> en met toestemming verkoop.<sup>522</sup> Die lisensie is geldig vir vyf jaar en kan weer vir vyf jaar hernu word.<sup>523</sup> Die lisensie is oordraagbaar.<sup>524</sup>

'n Mynvergunning magtig die houer daarvan om installasies en infrastruktuur aan te bring en te verwyder met die doel om te myn,<sup>525</sup> water te gebruik in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing,<sup>526</sup> en minerale te verkoop.<sup>527</sup> Die geldigheid van 'n mynvergunning hang af van die ekonomiese leeftyd van die myn en sal vir 'n maksimum tydperk van vyf-en-twintig jaar uitgereik word, waarna dit hernubaar sal wees vir dieselfde periode.<sup>528</sup> Die vergunning is oordraagbaar.<sup>529</sup> Die area waarop die

---

513 A 25(a) van die Regulasies.

514 A 25(b) van die Regulasies.

515 A 25(d) van die Regulasies.

516 A 11(b).

517 A 11(d).

518 Volgens a 15(1)-(3) word die watergebruikregte vir mynaktiwiteite gereguleer deur die *Water Act, Law 16/1991* en die regulasies daarvan, maar vir doeleindes van hierdie studie word daar nie op die gebruik van water gefokus nie.

519 A 11(h).

520 A 34 van die Regulasies.

521 A 11(d).

522 A 11(f).

523 A 10(7).

524 A 10(5).

525 A 14(1)(b).

526 A 14(1)(c).

527 A 14(f).

528 A 13(5).

529 A 13(6).

aktiwiteite plaasvind mag nie groter wees as wat redelik nodig is vir die aktiwiteite nie.<sup>530</sup>

'n Mynsertifikaat word uitgereik vir kleinskaalse mynaktiwiteite.<sup>531</sup> Die houer mag die minerale wat hy of sy myn verkoop.<sup>532</sup> Dit magtig die houer om aansoek te doen vir 'n mynvergunning<sup>533</sup> en hy/sy het die eksklusiewe reg om aansoek te doen vir 'n grondgebruiktitel.<sup>534</sup> Die sertifikaat is geldig vir twee jaar en hernubaar vir solank as die mynaktiwiteite geregverdig kan word<sup>535</sup> en is oordraagbaar.<sup>536</sup> Die area mag nie groter as vyfhonderd hektaar wees nie, en die titelhouer mag nie meer as vier titels oor verskillende areas hê nie.<sup>537</sup>

'n Mynpas word net uitgereik in gebiede wat spesiaal daarvoor gereserveer is.<sup>538</sup> Soos byvoorbeeld enige plek waar, met verwysing na die omgewing, ongesofistikeerde mynaktiwiteite en prospekteermetodes kan plaasvind en gebruik word.<sup>539</sup> Die vergunning gee aan die houer die eksklusiewe reg om op 'n nie-eksklusiewe basis, en binne 'n gespesifiseerde area, enige kleinskaalse mynaktiwiteite uit te voer,<sup>540</sup> die minerale te verkoop, te berg, of oor te dra.<sup>541</sup> Die mynpas is vir twaalf maande geldig,

---

<sup>530</sup> A 13(7).

<sup>531</sup> A 16(6). Volgens reg 58 van die Regulasies is kleinskaalse mynaktiwiteite daardie aktiwiteite waar ontginning meestal uit alluviale afsetting plaasvind en nie meer as 60 000 kubieke meter beslaan nie. By 'n oopskagmyn waar aktiwiteite plaasvind en daar nie alluviale afsetting is nie, moet die aktiwiteite nie 'n area van 10 000 kubieke meter oorskry nie. By ondergrondse myne mag die skagte nie dieper as 20 meter wees nie en die gange nie langer as 10 meter nie. Kleinskaalse myne moet ook nie intensiewe en gereelde toksiese chemikalieë veroorsaak nie.

<sup>532</sup> A 17(1)(e).

<sup>533</sup> A 17(1)(f).

<sup>534</sup> A 17(3).

<sup>535</sup> A 16(4).

<sup>536</sup> A 16(5).

<sup>537</sup> A 16(6).

<sup>538</sup> A 19(1).

<sup>539</sup> A 19(2).

<sup>540</sup> A 21 en reg 72(1) van die *Mining Law Regulations* 28 van 17 Junie 2003. Reg 72(2) beskryf kleinskaalse mynaktiwiteite as aktiwiteite waar eenvoudige toerusting gebruik word.

<sup>541</sup> A 21.

mag vir dieselfde periode hernu word<sup>542</sup> en is onoordraagbaar.<sup>543</sup> Die houër van die pas moet te alle tye tydens aktiwiteite sy magtiging by hom/haar hê.<sup>544</sup>

#### b) Aansoekprosedure

Verkenningprospekteerlisensies, ontginninglisensies en mynvergunnings word deur die Minister uitgereik,<sup>545</sup> maar die Minister mag sy magte delegeer.<sup>546</sup> Mynsertifikate en mynpasse word uitgereik deur die Nasionale Direkteur van Myne wat jurisdiksie oor daardie gebied het waarvoor die aansoek gebring word.<sup>547</sup> Alle vergunnings moet uitgereik word, behalwe as daar reeds 'n ander mynpermit of titel vir die area uitgereik is, of as mynaktiwiteite in die area verbied word.<sup>548</sup> 'n Applikant moet 'n nïerugbetaalbare fooi betaal.<sup>549</sup> Indien 'n aansoek vir 'n mynsertifikaat goedgekeur word moet die applikant binne dertig dae 'n sertifikaat by die Nasionale Direkteur van Myne gaan afhaal, anders word dit geag dat hy die aansoek kanselleer en dan mag hy nie myn nie.<sup>550</sup> Wanneer 'n aansoek afgekeur word, moet die Mynminister of Direkteur die applikant daaroor inlig en ook skriftelike redes verskaf.<sup>551</sup> Voordat aktiwiteite onder 'n mynvergunning mag begin, moet die houër 'n omgewingslisensie en grondgebruikpermit kry.<sup>552</sup> Dit moet binne drie jaar nadat die vergunning toegestaan is, gebeur.<sup>553</sup> Dit is nie nodig om enige magtiging te ontvang om boumateriaal te ontgin nie, maar die aktiwiteite moet deur 'n Mosambiekse burger en op 'n aanvaarbare manier verrig word.<sup>554</sup>

#### c) Omgewingsbestuursprogramme (OBP) en omgewingsimpakstudies (OIS)

- 
- <sup>542</sup> A 20(2).  
<sup>543</sup> A 20(3).  
<sup>544</sup> A 22(1)(a).  
<sup>545</sup> A 3(1).  
<sup>546</sup> A 3(3).  
<sup>547</sup> A 3(2).  
<sup>548</sup> Aa 7(2), 10(2), 13(3).  
<sup>549</sup> Aa 7(1), 10(1), 13(1), 16(1), 20(1).  
<sup>550</sup> A 62(6).  
<sup>551</sup> Reg 38(2), 46(2) en 62(4).  
<sup>552</sup> A 15(1).  
<sup>553</sup> A 15(2).  
<sup>554</sup> A 40(2)(a).

'n OBP moet onder andere 'n moniteringsprogram,<sup>555</sup> asook 'n risiko- en noodkontroleprogram<sup>556</sup> bevat. Die moniteringsprogram moet alle impakte op die omgewing identifiseer: voor, tydens en nadat die aktiwiteite plaasgevind het.<sup>557</sup> Die risiko- en noodkontroleprogram moet die risiko van ongelukke en noodplanne weergee.<sup>558</sup> Die applikant moet die impak van sy aktiwiteite op die omgewing en sosio-ekonomiese omstandighede ondersoek en evalueer.<sup>559</sup> 'n OBP moet minstens 'n periode van 5 jaar lank dek en moet daarna opgradeer en hernu word.<sup>560</sup> 'n OIS moet die volgende minimum inligting verskaf:

- 'n Nie-tegniese opsomming van die projek.<sup>561</sup>
- 'n Beskrywing van die aktiwiteite.<sup>562</sup>
- Die toestand van die omgewing voordat die aktiwiteite plaasvind.<sup>563</sup>
- Die veranderinge van die natuurlike elemente wat binne daardie spesifieke gebied bestaan.<sup>564</sup>
- Die maatreëls wat geneem gaan word om negatiewe impak te verminder of te elimineer.<sup>565</sup>
- Die sisteme wat geïmplementeer gaan word om die aktiwiteite te monitor en te kontroleer.<sup>566</sup>

'n OIS moet in Portugees gedoen word.<sup>567</sup> 'n OIS bestaan uit drie gedeeltes, naamlik die uitvoerende opsomming, hoofverslag en die verslag van openbare deelname.<sup>568</sup> Vir

<sup>555</sup> A IX 1 van die *General Directive for EIA – Ministerial Diploma 129/2006* van 19 Julie.

<sup>556</sup> A IX 2.

<sup>557</sup> A IX 1.

<sup>558</sup> A IX 2.

<sup>559</sup> Basic Principals 3 van *Law 129/2006*.

<sup>560</sup> A 10 van die *Environmental Regulations for Mining Activities, Ministerial Decree 26/2004* van 20 Augustus.

<sup>561</sup> A 17(a) van Mosambiek se *Environmental Law 20/97* van 1 Oktober; Basic Principles in Ministerial Diploma 129/1006.

<sup>562</sup> A 17(b) van *Law 20/97*; Basic Principles in Ministerial Diploma 129/2006.

<sup>563</sup> A 17(c) van *Law 20/97*.

<sup>564</sup> A 17(d) van *Law 20/97*.

<sup>565</sup> A 17(e) van *Law 20/97*.

<sup>566</sup> A 17(f) van *Law 20/97*.

<sup>567</sup> A IV *Law 129/2006*

alle vlak 2- en 3-aktiwiteite moet 'n omgewingsbestuursplan vir goedkeuring gestuur word en vir vlak 3-aktiwiteite moet sowel 'n OIS as 'n omgewingsbestuursplan vir goedkeuring gestuur word.<sup>569</sup>

#### d) Konsultasie

Tydens die opstel van 'n OBP moet daar deurlopend met die wettige okkupeerder en belanghebbende partye gekonsulteer word..

### 5.2.2.3 Tanzanië

#### a) Soorte vergunnings, oppervlaktes en tydperke

In Tanzanië is daar ses verskillende vergunnings wat uitgereik word, naamlik, prospekteerlisensies, retensielisensies, spesiale mynlisensies en mynlisensies vir edelstene, mynlisensies, en primêre lisensies.<sup>570</sup> 'n Prospekteerlisensie word vir 'n voorbereidingstydperk vir twee jaar<sup>571</sup> verleen, waarna die prospekteertydperk nie drie jaar mag oorskry nie.<sup>572</sup> Die lisensie kan twee maal aaneenlopend vir twee jaar hernu word.<sup>573</sup> Ná die tweede periode moet 'n uitvoerbaarheidstudie gedoen word indien 'n verdere verlenging van die tydperk verlang word. Indien dit lonend blyk te wees, kan

---

<sup>568</sup> A IV1 Law 129/2006. Volgens a IV 2 moet die uitvoerende opsomming 'n kaart bevat, wat volgens skaal geteken is en wat die ligging van waar die aktiwiteit gaan plaasvind, aandui. Dit moet inligting op só 'n manier verskaf dat dit vir die algemene leser verstaanbaar is. Die hoofverslag moet objektief wees en sowel die bevindinge van gespesialiseerde studies weergee, as die definisie van die aktiwiteit, alternatiewe tot nie-aktiwiteit, hulpbronne wat benodig gaan word, 'n beskrywing van die gasse, vloeistowwe en soliede stowwe wat geproduseer gaan word, die streek se omgewingsituasie??, hoe die aktiwiteit die ekonomiese en sosiale omgewing kan beïnvloed, asook positiewe en negatiewe impak op die omgewing.

<sup>569</sup> Anon Datum Onbekend <http://www.un.org>.

<sup>570</sup> Die wet maak ook voorsiening vir lisensies vir handel in minerale, maar vir die doeleindes van hierdie studie word dit nie bespreeknie, omdat Suid-Afrika en Mosambiek aparte wette het wat daarvoor voorsiening maak. Sien ook Mutagabwa 2006 *Journal of Cleaner Production* 398.

<sup>571</sup> Aa 25 en 29(1)(a).

<sup>572</sup> A 29(1)(b).

<sup>573</sup> A 29(1)(c).

die periode solank dit redelikerwys benodig word, verleng word.<sup>574</sup> Die maksimum area waarop geprospekteer mag word, is 200 km<sup>2</sup>. Die houer mag aansoek doen dat die gebied waarop die aktiwiteite plaasvind, vergroot mag word.<sup>575</sup> 'n Retensielisensie magtig die houer om aansoek te doen vir 'n spesiale myn-lisensie oor dieselfde gebied.<sup>576</sup> 'n Retensielisensie is geldig vir vyf jaar<sup>577</sup> en mag een maal vir vyf jaar henu word nadat 'n studie en waardasie gedoen is en aan die Adviserende Mynkomitee gestuur is.<sup>578</sup> 'n Spesiale myn-lisensie en is geldig vir vir 25 jaar.<sup>579</sup> 'n Jaar voordat die lisensie verval, moet die houer aansoek om hernuwing doen<sup>580</sup> en dit kan vir 25 jaar henu word.<sup>581</sup> Aansoeke vir hernuwing moet aan die Adviserende Mynkomitee gerig word.<sup>582</sup> Die houer mag aansoek doen dat die gebied waarop die aktiwiteite plaasvind, vergroot mag word.<sup>583</sup> 'n Myn-lisensie en 'n myn-lisensie vir edelstene is vir 10 jaar lank geldig en kan weer, indien die mineraal winsgewend ontgin is,<sup>584</sup> vir 10 jaar henu word.<sup>585</sup> Die maksimum oppervlak vir 'n edelsteenmyn-lisensie is 10 km<sup>2</sup>.

Die houer van 'n prospekteer- of retensielisensie is geregtig daarop om vir 'n spesiale myn-lisensie of 'n myn-lisensie aansoek te doen vir die oppervlak waaroor die prospekteer- of retensielisensie van toepassing is.<sup>586</sup>

Die houer van 'n primêre lisensie mag enige tyd voordat die lisensie verval, aansoek doen vir 'n myn-lisensie of edelsteenmyn-lisensie.<sup>587</sup> 'n Primêre lisensie is vir 3 jaar lank

---

574 A 8(4)(1).  
 575 A 59(1).  
 576 A 35(3).  
 577 A 35(3).  
 578 A 35(4).  
 579 A 40(a).  
 580 A 41(2)(1).  
 581 A 41(2)(a) en (4).  
 582 A 42(3).  
 583 A 59(1).  
 584 Aa 50(2)(a) en 55(3).  
 585 A 50(2).  
 586 A 36(1).  
 587 A 71(1).

geldig<sup>588</sup> en kan onbepaald hernu word. Drie maande voordat die lisensie verval, moet daar om hernuwing aansoek gedoen word.<sup>589</sup> Alle vergunnings is geheel en gedeeltelik oordraagbaar<sup>590</sup> - sonder dat die lisensie-owerheid skriftelik daarvoor ingelig hoof te word.<sup>591</sup> Voorts kan daar ook 'n verband oor enige mineraalreg geregistreer word.<sup>592</sup>

Spesiale mynlisensies, mynlisensies en mynlisensies vir edelstene skort prospekteerlisensies vir dertig dae op.<sup>593</sup>

#### b) Aansoekprosedure

Daar bestaan algemene uitsluitingsgronde vir mineraalregte in Tanzanië,<sup>594</sup> naamlik dat die applikant ouer as 18 jaar moet wees,<sup>595</sup> en nie insolvent<sup>596</sup> of gelikwieder mag wees nie.<sup>597</sup> Enige iemand kan aansoek doen om minerale, wat nie edelstene of boumateriaal is nie, te myn. Edelstene en boumateriaal word vir Tanzaniese burgers gereserveer.<sup>598</sup> So mag ook slegs Tanzaniese burgers myn- en primêre lisensies ontvang.<sup>599</sup>

Alle aansoeke moet, tesame met die voorgeskrewe fooi,<sup>600</sup> aan die Minister gerig word. Die uitsondering is aansoeke vir 'n primêre lisensie – wat aan die Kommissaris gerig word.<sup>601</sup> Alle aansoeke word na die Adviserende Mynkomitee verwys, waarna die Minister alle aansoeke oorweeg en die een kies wat na sy mening, en met verwysing

---

<sup>588</sup> A 68(2). Volgens a 65(7) is 'n primêre prospekteerlisensie geldig vir 'n jaar en kan dit onbepaald hernu word.

<sup>589</sup> A 69(1).

<sup>590</sup> A 8(4)(1).

<sup>591</sup> A 8(4)(2).

<sup>592</sup> A 8(4)(3)(a) en (b).

<sup>593</sup> A 36(3) en 37(1).

<sup>594</sup> A 7(a)(i)-7(c)(2).

<sup>595</sup> A 8(1)(a)(i).

<sup>596</sup> A 8(1)(a)(ii).

<sup>597</sup> A 8(b)(i).

<sup>598</sup> A 36(2).

<sup>599</sup> Aa 8(2)(a), 8(2)(b) en 8(2)(c)(i)-(iii).

<sup>600</sup> Aa 24(2), 38(1), 47(1), 51(2), 65(2) en 66(a).

<sup>601</sup> A 66.

na die prospekteerprogram of mynaktiwiteite,<sup>602</sup> die finansiële en tegniese bronne tot die applikant se beskikking,<sup>603</sup> en die applikant se vorige ondervinding, die meeste voordeel vir die omgewing en die gemeenskappe daarrondom inhou.<sup>604</sup> Indien 'n aansoek afgekeur word, moet die applikant oor die besluit ingelig word, en ook oor die redes vir die besluit.<sup>605</sup>

Buiten aansoeke vir edelgesteentes of boumateriaal, kan daar verder aansoek gedoen word vir 'n retensielisensie op grond van minerale met potensiële kommersiële waarde wat binne die area ontdek is,<sup>606</sup> maar wat nie dadelik ontwikkel kan word nie as gevolg van tegniese beperkings, markomstandighede of ander tydelike faktore.<sup>607</sup> Die mineraal moet egter binne 10 jaar ekonomies ontgin kan word.<sup>608</sup> Die Minister mag die houër van die retensielisensie beveel om binne 'n redelike tyd redes te verskaf waarom hy/sy nog nie vir 'n spesiale mynlisensie aansoek gedoen het nie en indien hy/sy nie reageer nie, kan die Minister hom/haar beveel om binne 60 dae aansoek te doen of die retensielisensie op te gee.<sup>609</sup> 'n Retensielisensie magtig die houër om aansoek te doen vir 'n spesiale mynlisensie oor dieselfde area.<sup>610</sup>

Aansoeke vir 'n prospekteerlisensie, retensielisensie, spesiale-mynlisensie, en ook mynlisensies vir edelstene, moet die applikant se volle name en nasionaliteit bevat<sup>611</sup> en in die geval van 'n regs persoon moet sy plek van registrasie ook gemeld word.<sup>612</sup>

Aansoeke vir prospekteerlisensies moet vir enige minerale, behalwe edelgesteentes en boumateriaal,<sup>613</sup> gedoen word en moet geregistreer word.<sup>614</sup> Aansoeke vir retensielisensies moet ook geregistreer word.<sup>615</sup>

---

<sup>602</sup> A 62(3)(c).  
<sup>603</sup> A 62(3)(b).  
<sup>604</sup> A 62(3)(c).  
<sup>605</sup> A 39(3).  
<sup>606</sup> A 34(1)(a).  
<sup>607</sup> A 34(1)(b).  
<sup>608</sup> A 35(1).  
<sup>609</sup> A 35(5)(a) en (b).  
<sup>610</sup> A 35(4).  
<sup>611</sup> A 24(3)(a)(i).  
<sup>612</sup> A 24(3)(a)(ii).

By 'n aansoek vir 'n myn-lisensie moet die applikant meld dat hy/sy die houer van 'n prospekter-lisensie is,<sup>616</sup> asook die area<sup>617</sup> en mineraal<sup>618</sup> waarvoor aansoek gedoen word, aandui. Die applikant moet 'n uitvoerbaarheidstudie aanheg en 'n beskrywing van hoe daar met afval te werk gegaan sal word, asook 'n skatting gee van die omvang van die minerale wat ontgin gaan word.<sup>619</sup> Indien daar reeds 'n ander mineraalreg, anders as 'n prospekter-lisensie vir edelstene en boumateriaal, op die grond geregistreer is, moet die Minister die aansoek afkeur.<sup>620</sup>

Aansoeke vir edelsteenmyn-lisensies moet besonderhede verskaf oor die soort edelsteen wat gemyn gaan word,<sup>621</sup> 'n beskrywing gee van die area,<sup>622</sup> die voorgenome prospekter- en mynplan vir die eerste twee jaar insluit,<sup>623</sup> aandui wat die maatreëls is waardeur omgewingskade geminimaliseer<sup>624</sup> word, asook 'n OBP en OIS<sup>625</sup> verskaf. Indien die mineraal kommersieel regverdigbaar gemyn kan word,<sup>626</sup> moet die Minister die aansoek goedkeur; maar dit afkeur indien daar 'n ander mineraalreg op die grond geregistreer is.<sup>627</sup> Wanneer 'n lisensie vir edelstene of 'n spesiale myn-lisensie se aansoek goedgekeur word, verskaf die Minister voorwaardes waarop hy die lisensie goedkeur<sup>628</sup> en hierop moet die applikant die Minister binne 60 dae laat weet of hy die voorwaardes aanvaar.<sup>629</sup> Aansoeke vir 'n primêre lisensie moet die area waarvoor

- 
- 613 A 24(1)(a).  
614 A 24(4).  
615 A 24(4).  
616 A 47(2)(a).  
617 A 47(2)(c).  
618 A 47(2)(b).  
619 A 47(2)(e)(i)-(iii).  
620 A 48(d).  
621 A 51(3)(a).  
622 A 51(3)(b).  
623 A 51(3)(d).  
624 A 51(3)(e).  
625 Aa 51(3)(f) en 38(4)(a) en (c).  
626 A 39(1)(a).  
627 A 52(1)(c).  
628 A 39(5).  
629 A 39(6).

aansoek gedoen word, beskryf<sup>630</sup> Die Minister moet die aansoek afkeur indien daar reeds 'n ander mineraalreg oor die grond geregistreer is.<sup>631</sup> Indien 'n aansoek afgekeur word, moet die lisensiegesag die applikant skriftelik, en met redes, in kennis stel.<sup>632</sup>

c) Omgewingsbestuursprogramme (OBP) en omgewingsimpakstudies (OIS)

Tanzanië het die *Environmental Impact Assessment and Audit Regulations*.<sup>633</sup> Hierdie regulasies beskryf 'n OIS as: "a systematic examination conducted to determine whether or not a program, act or project will have any adverse impacts on the environment". Dieselfde Regulasies beskryf 'n omgewingsbestuursplan as:

all details of a project's impacts, mitigation measures, time schedule of activities including monitoring and environmental audits, implementation and decommission phases of a project.

Die regulasies bied nie 'n definisie vir 'n OBP nie.

'n OBP en 'n OIS moet aangeheg word by aansoeke om 'n mynlisensie vir edelstene,<sup>634</sup> en aan die Minister<sup>635</sup> en Adviserende Mynkomitee<sup>636</sup> gestuur word. Daar mag ook wysigings aan die mynprogram,<sup>637</sup> die OBP<sup>638</sup> en die diensprogram<sup>639</sup> aangeheg word en aan die Adviserende Mynkomitee voorgelê word.<sup>640</sup> Daar was nog nooit omvangryke omgewingswetgewing met verpligtende vereistes vir 'n OIS nie.<sup>641</sup> Dit is as gevolg van die behoefte om 'n 'bevorderlike omgewing' vir beleggers te skep en die beheer oor die omgewing deur ander wetgewing wat byvoorbeeld beleggings

---

<sup>630</sup> A 66(b).  
<sup>631</sup> A 68(1)(b).  
<sup>632</sup> A 30(1)(b).  
<sup>633</sup> GK 349 in SK 4 Januarie 2004.  
<sup>634</sup> A 51(3)(f) van die *Mining Law*.  
<sup>635</sup> A 38(5).  
<sup>636</sup> A 38(6).  
<sup>637</sup> A 45(1)(a).  
<sup>638</sup> A 45(1)(b).  
<sup>639</sup> A 45(1)(c).  
<sup>640</sup> A 45(3).  
<sup>641</sup> LEAT 2010 <http://leat.or.tz>.

kontroleer.<sup>642</sup> Dit maak beleggings in Tanzanië makliker. Die *Environmental Management Act* maak daarvan melding dat elke persoon 'n OIS op eie onkoste<sup>643</sup> 'n studie moet laat doen deur 'n professionele persoon wat by die Mynkomitee geregistreer is.<sup>644</sup> Die studie moet die volgend aspekte aanspreek wees:

- Balans tussen die kort- en langtermyn sosio-ekonomiese voordeel van die projek;<sup>645</sup>
- aard van die projek en hoe dit aan die omgewingstandaarde voldoen;<sup>646</sup>
- moontlike remediërende maatreëls;<sup>647</sup> en
- besware wat tydens openbare deelname deur geaffekteerde partye geopper is.<sup>648</sup>

#### d) Konsultasie

Die enigste inligting oor konsultasie wat opgespoor kon word, is die aanduiding dat by al die aansoeke waar 'n OIS gedoen word,<sup>649</sup> die applikant met die grondeienaar, die wettige okkuperder en alle belanghebbende partye moet konsulteer.

### 5.2.3 Samevatting

In Suid-Afrika is daar geen eienaarskap oor minerale nie, maar omdat die staat die trustee daarvan is, mag hy daarmee handel volgens die magte wat aan hom as trustee toegeken is. In Mosambiek en Tanzanië is die staat die eienaar van die minerale en mag daarmee handel na goeddunke. Daar bestaan dus nie 'n wesenlike verskil tussen die drie lande se hantering van die eienaarskap oor minerale nie. Die belang ten opsigte van die eienaarskap oor minerale, is daarin geleë dat indien die minerale aan

<sup>642</sup> LEAT 2010 <http://leat.or.tz>.

<sup>643</sup> A 81(1) van die *Environmental Management Act*.

<sup>644</sup> A 83(1).

<sup>645</sup> A 88(2)(a).

<sup>646</sup> A 88(2)(b).

<sup>647</sup> A 88(2)(c).

<sup>648</sup> A 88(2)(d).

<sup>649</sup> Spesiale mynlisensies en mynlisensies vir edelstene volgens die *Mining Law* en *EIA and audit Regulations*.

die grondeienaar behoort het, daardie eienaar die seggenskap oor die minerale sou gehad het en sou hy/sy dit kon verkoop het aan wie hy dink die ontginnaar moet wees. Só 'n situasie sou moontlik ontwikkeling kon belemmer, omdat minerale dan nie noodwendig ontgin sal word nie.

Die lande het verskillende soorte vergunnings en hul administrasie van die aansoeke verskil.<sup>650</sup> Die oppervlaktes waarop, volgens die verskillende magtigings, geprospekteer of gemyn mag word, verskil ook van mekaar.

OBP, omgewingsbestuursplanne en OIS in die drie lande verskil nie aansienlik van mekaar nie.<sup>651</sup> 'n OBP word gedoen as die vergunning groter impakte op die omgewing sal hê, en gaan altyd met konsultasies gepaard. Die OIS vorm normaalweg deel van die OBP en hoort gewoonlik tuis in die operasionele fase. Omgewingsbestuursplanne word opgestel by kleinskaalse aktiwiteite, al word daar nie in al die lande spesifiek voorsiening gemaak vir die onderskeie vlakke van mynbou nie. Dit word nie outomaties van die applikant verwag om 'n OIS te doen nie. Verskille bestaan oor wat die inhoud van 'n OIS moet bied.<sup>652</sup>

Al drie die lande vereis openbare deelname en konsultasie met belanghebbende partye. Suid-Afrika het meer volledige bepalings oor die proses van openbare deelname, as wat Mosambiek en Tanzanië het.

### 5.3 Operasionele fase

Die operasionele fase, of mynproses, is die eerste proses in die kommersiële ontginning van 'n minerale bron.<sup>653</sup> Dit kan ook gedefinieer word as die grondversteuring of delf – op, of onder, die aarde se oppervlak – met die doel om

---

<sup>650</sup> Vir 'n meer volledige uiteensetting van die verskille, sien, hoofstuk 6, par 6.3.1, tabel 6.2.

<sup>651</sup> Sien hoofstuk 6, par 6.3.2, tabel 6.3.

<sup>652</sup> Vir 'n meer volledige bespreking hiervan, sien hoofstuk 6, par 6.3.2, tabel 6.3.

<sup>653</sup> Warhurst "Mining, Mineral Processing and Extractive Metallurgy" 33-56.

minerale te ontdek, of om minerale van die aarde te skei.<sup>654</sup> Daar bestaan vereistes waaraan vir die duur van die myn se bestaan, voldoen moet word.

### 5.3.1 *Minimum standaarde*

Tydens die ontginningsfase, of te wel die mynproses, moet die myn voortdurend rehabiliteer en die impak wat die myn het, moet bestuur en opgevolg word – ten einde die duur uitgawes van uiteindelijke rehabilitasie, te verklein.<sup>655</sup>

Aan die ander kant moet die staat die omgewing beskerm en terselfdertyd sorg dat ontwikkeling plaasvind. Daarom behoort die staat beheer oor die minerale uit te oefen deur middel van boetes of die terugtrek van magtigings wanneer magtigingsvoorwaardes nie nagekom word nie. Wanneer 'n hof, tribunaal of forum op 'n remedie besluit, moet hulle die finansiële las vir korrektiewe stappe op die besoedelaar plaas.<sup>656</sup> Die beginsel van 'die besoedelaar betaal,' beter bekend as die *Polluter Pays Principle* (PPP)<sup>657</sup> vereis dat die party wat besoedel, verplig is om 'n nuwe habitat te vestig, of die een wat beskadig is te rehabiliteer.<sup>658</sup> Daar bestaan verskillende remedies teen besoedelaars. Remedies in omgewingsreg is dikwels kompleks omdat dit dikwels moeilik is om die persoon verantwoordelik vir die besoedeling te identifiseer en op te spoor. Besoedeling kan nie noodwendig op die dag wat dit ontstaan geïdentifiseer word nie en word soms eers lank nadat die besoedeling plaasgevind het, ontdek.

---

<sup>654</sup> Warhurst "Mining, Mineral Processing and Extractive Metallurgy" 33-56.

<sup>655</sup> Warhurst and Norona "Integrated Environmental Management" 13-32; vir rehabilitasie, sien hoofstuk 5, par 5.3.

<sup>656</sup> Van der Linde en Basson 'Environment' 44.

<sup>657</sup> Beginsel 16 van die Rio Deklarasie? bepaal:

"National authorities should endeavour to promote the internalisation of environmental cost and the use of economic instruments, taking into account the approach that the polluter should, in principle, bear the costs of pollution, with due regard to the public interests, and without distorting international trade and investment."

<sup>658</sup> Van der Linde en Basson 'Environment' 44; Kidd *Environmental Law* 7; Glazewski *Environmental Law* 19.

Die doel van remedies wat die staat of privaatspersone teen die myn kan instel, behoort die volgende te wees:<sup>659</sup>

- Om oortredings en die moontlikheid van besoedeling, of gesondheids- of omgewingsgevaar, te voorkom en reg te stel deur die opskort van aktiwiteite, noodopruiming en die rehabilitasie of herstel van die omgewing te beveel;
- Om langtermyn omgewingskade en die gevolge van besoedeling aan te spreek. Die remedies vereis normaalweg studies en tegniese bystand wat die aard van die besoedeling en die koste van die opruiming en rehabilitasie sal aandui. Tipiese remedies gedurende hierdie fase sluit onder andere die volgende in: die rehabilitering van grond, water en oppervlak, of die behandeling van besoedelde grondwater;
- Om die besoedelaar doeltreffende en geskikte skadevergoeding te laat betaal. Die vergoeding vir skade moet op dieselfde wyse geskied as wanneer skade aan 'n persoon se eiendom of gesondheid aangerig is.
- Om oortreders te straf en verdere oortredings te voorkom. Dit kan bereik word deur 'n kombinasie van kriminele sanksies, geldelike boetes en siviele strawwe.

'n Omgewingsoudit is 'n proses waarby 'n organisasie se omgewingsprestasie teen omgewingsbeleide en doelstellings gemeet word.<sup>660</sup> Minimum standaarde wat pertinent bepaal dat omgewingsoudits of inspeksies gedoen moet word, bestaan nie. 'n Oudit se hoofdoel kan onder andere byvoorbeeld die volgende insluit:<sup>661</sup>

- Om die bestuur van 'n myn te adviseer oor die stand van die myn se omgewingsvoldoening. (Na aanleiding van die oudit kan regstellende stappe geformuleer en geïmplementeer word.)
- Om te verseker dat alle veiligheidsregulasies nagekom word en om te bepaal of die gesondheid en omgewingsvriendelikheid van die aktiwiteite ooreenstem met vorige voorstelle.

<sup>659</sup> Van der Linde en Basson 'Environment' 45; Kidd *Environmental Law* 7.

<sup>660</sup> DEAT *Environmental Auditing* 2004 gevind op [www.environment.gov.za](http://www.environment.gov.za).

<sup>661</sup> Barbour 'Environmental Management' 39.

- Om sover moontlik die potensiële gevaar van ongelukke wat tydens die aktiwiteite kan plaasvind, te verminder.

'n Omgewingsoudit moet verkieslik deur 'n onafhanklike persoon gedoen word.<sup>662</sup>

### **5.3.2 Mynprosesse in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië**

#### **5.3.2.1 Suid-Afrika**

##### **a) Volhoubare ontwikkeling**

In NEMA word bepaal dat volhoubare ontwikkeling bevorder moet word.<sup>663</sup> In mynbou is dit egter nie altyd moontlik om die beginsels van volhoubare ontwikkeling toe te pas nie, omdat dit nie altyd moontlik is om die aarde te herstel tot die posisie waarin dit verkeer het voordat die aktiwiteite 'n aanvang geneem het nie.<sup>664</sup> Die MPRDA bepaal in artikel 37 dat alle mynbou-aktiwiteite in ooreenstemming met die beginsels van volhoubare ontwikkeling uitgeoefen moet word.<sup>665</sup>

##### **b) Besoedeling, omgewingsagteruitgang en die PPP**

Redelike stappe moet geneem word om besoedeling en omgewingsagteruitgang tydens die mynbouproses te voorkom. Indien besoedeling en omgewingsagteruitgang nie voorkom kan word nie, moet dit so laag as moontlik gehou word, en ook herstel word.<sup>666</sup> Die houer van 'n magtiging moet die aktiwiteite streng volgens sy OBP uitvoer<sup>667</sup> en rekord hou van die aktiwiteite en finansies.<sup>668</sup> Die beginsels wat in artikel

---

<sup>662</sup> Barbour 'Environmental Management' 40.  
<sup>663</sup> A 2(4)(a); Kidd *Environmental Law* 187; Oke 2008 *SAJELP* 183-216; Swart 2003 *Journal of the South African Institute of Mining and Metallurgy* 489-492.  
<sup>664</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.  
<sup>665</sup> Sien Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 100 en 321.  
<sup>666</sup> A 28(1) van die MPRDA.  
<sup>667</sup> A 25(2)(c).  
<sup>668</sup> A 28(1).

2 van NEMA<sup>669</sup> uiteengesit word, is van toepassing op alle prospekter- en mynaktiwiteite<sup>670</sup> en dien as riglyn vir die interpretasie, administrasie en implementering van die omgewingsvereistes.<sup>671</sup> Die *White Paper on a Minerals and Mining Policy for South Africa*<sup>672</sup> het reeds voorsien dat die PPP 'n sentrale rol in die mynindustrie speel:

673

669

- A 2(2) Omgewingsbestuur moet mense en hul behoeftes vooropstel, en hul fisiese, sielkundige, ontwikkelings-, kulturele en maatskaplike belange billik dien.
- (3) Ontwikkeling moet maatskaplik, omgewingskundig en ekonomies volhoubaar wees.
- (4) Volhoubare ontwikkeling vereis die oorweging van alle tersake faktore met inbegrip van die volgende:
- (i) dat die versteuring van ekosisteme en die verlies aan biologiese verskeidenheid vermy word, of waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou of reggestel word;
  - (ii) dat die versteuring van landskappe en terreine wat die nasie se kulturele erfenis daarstel vermy word, of waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou en reggestel word;
  - (iii) dat die versteuring van landskappe en terreine wat die nasie se kulturele erfenis daarstel vermy word, of waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou en reggestel word;
  - (iv) dat afval vermy word, of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit waar moontlik, so klein moontlik gehou word en waar moontlik hergebruik of herwin word, of andersins op 'n verantwoordelike wyse verwyder word;
  - (v) dat die gebruik en ontginning van die nie-herwinbare natuurlike hulpbronne verantwoordelik en billik geskied, en die gevolge van die uitputting van die hulpbron in ag geneem word;
  - (vi) dat die ontwikkeling, gebruik en ontginning van herwinbare hulpbronne en die ekosisteme waarvan dit deel is, nie bo die vlak styg waardeur hul integriteit in gevaar gestel word nie;
  - (vii) dat 'n risiko-negatiewe en versigtighedsbenadering gevolg word, wat die perke van huidige kennis betreffende die gevolge van besluite en optredes in ag neem; en
  - (viii) dat negatiewe inwerkings op die omgewing en op die mense se omgewingsregte geantisipeer en verhoed word, en waar dit nie geheel en al verhoed kan word nie, dit so klein moontlik gehou of reggestel word.

670

A 37(1)(a).

671

A 37(1)(b).

672

GK 2359/1998 SK 19344 van 20 Oktober 1998; Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 20-5; sien ook Swart 'The South African Legislative Framework for Mine Closure' 489; sien ook *Minister of Water Affairs and Forestry v Stilfontein Gold Mining Company Ltd and Others* 2006 JOL 516 (W) en *Bareki NO and Another v Gencor Ltd and Others* 2006 1 SA 432 (T).

673

Op 58 par 4.4(iii).

The mining entrepreneur will be responsible for all costs pertaining to the impact of the operation on the environment. Where for reasons such as the demise or incapacity of a mining entrepreneur, no responsible person exists or can be identified to address the pollution emanating from past mining operations, the State may accept responsibility or co-responsibility for the rehabilitation required. Government may require that any person benefiting from such rehabilitation should contribute to the cost involved in such proportions as may be negotiated.

NEMA bepaal ook dat die PPP van toepassing moet wees<sup>674</sup> en die MPRDA bepaal dat al NEMA se beginsels, wat die PPP insluit, op mynbou van toepassing sal wees.<sup>675</sup>

#### c) Boetes en terugtrek van magtigings

Enige party wat aktiwiteite onderneem sonder 'n goedgekeurde OBP, 'n geldige permit of reg, wat nie met die betrokke partye gekonsulteer het nie, en sonder die Minister se skriftelike toestemming minerale verwyder, of nie behoorlik van sy aktiwiteite en finansies rekord hou nie, kan gestraf word met 'n boete van nie meer nie as R100 000, of gevangenisstraf van nie meer as twee jaar nie, of beide.<sup>676</sup> Wanneer 'n party nie die omgewingsimpak volgens die OBP bestuur nie, kan 'n boete van nie meer nie as R500 000, of gevangenisstraf van nie meer as tien jaar nie, of beide, opgelê word.<sup>677</sup> Voordat 'n party met mynaktiwiteite buite die Republiek begin, moet hy 'n skriftelike kennisgewing aan die Minister stuur en met die Minister konsulteer. Indien die kennisgewing of konsultasie ontbreek, is die applikant strafbaar met 'n boete van nie meer nie as R500 000 vir elke dag wat hy die bepalings van die Wet oortree.<sup>678</sup> Indien die MPRDA nie spesifieke strawwe vir 'n oortreding neerlê nie, sal die straf 6 maande gevangenisstraf, of 'n boete soos die hof dit goedvind, of beide, wees.<sup>679</sup>

---

<sup>674</sup> A 2(4)(p); sien ook Glazewski *Environmental Law* 142 en 480.

<sup>675</sup> A 37.

<sup>676</sup> A 99(1)(a); sien ook Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 15-14; Glazewski *Environmental Law* 479.

<sup>677</sup> A 99(1)(c).

<sup>678</sup> A 99(1)(f).

<sup>679</sup> A 99(1)(g).

Indien vermoed word dat die houer van 'n reg die wet oortree, mag die Minister enige beampte die bevoegdheid gee om 'n prospekter- of myngebied binne te gaan ten einde bewyse te kry<sup>680</sup> – mits 'n lasbrief deur 'n landdros uitgevaardig is.<sup>681</sup> Die beampte mag boeke, rekords en ander dokumente nagaan en afskrifte daarvan maak.<sup>682</sup> As daar tot die gevolgtrekking gekom word dat daar nie volgens die wet of die voorwaardes in die OBP opgetree is nie, kan die houer van die reg die persoon in beheer van die gebied, of die persoon wat die handeling uitvoer, die keuse gee om remediërende stappe te neem, óf dat die reg getermineer of opgeskort kan word.<sup>683</sup> Dit bly steeds die houer van die reg se verantwoordelikheid om toe te sien dat daar binne die perke van die wet opgetree word – selfs al het hy/sy iemand aangestel, of selfs in die geval waar 'n kontrakteur namens hom/haar binne die bepaalde grense die werk verrig.<sup>684</sup> Die Minister mag enige regte of toestemming kanselleer of opskort<sup>685</sup> wanneer die houer van 'n reg die volgende doen:<sup>686</sup>

- Die besigheid wat met die myn of prospektering te doen het, teenstrydig met die wet uitvoer;
- enige materiële terme of voorwaarde van sodanige reg, permit of toestemming breek;
- in stryd met die OBP optree; of
- onakkurate, verkeerde of misleidende inligting wat verband met enige saak onder hierdie wet hou, voorgelê het.

Voordat die Minister 'n reg mag kanselleer of opskort moet hy skriftelik kennis van die bedoeling en die moontlikheid dat die reg gekanselleer of opgeskort kan word, aan die houer gee.<sup>687</sup> Saam met die kennisgewing moet redes vir die besluit verskaf word.<sup>688</sup> Die houer van die reg moet 'n redelike geleentheid gegun word om te bewys waarom

---

<sup>680</sup> A 91(1) en (4)(a).

<sup>681</sup> A 55(4)(5).

<sup>682</sup> A 91(4)(c).

<sup>683</sup> A 93(1)(a) en (b)(i)-(iii).

<sup>684</sup> Aa 31B en 101.

<sup>685</sup> A 90.

<sup>686</sup> A 47(1)(a)-(d); sien ook Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 15-22.

<sup>687</sup> A 47(2)(a).

<sup>688</sup> A 47(2)(b).

die reg nie gekanselleer of opgeskort moet word nie.<sup>689</sup> Enige reg, permit, toestemming of lisensie verleen of uitgereik onder die wet sal gekanselleer word wanneer dit verval of teruggetrek word, wanneer die houer van die reg oorlede is en daar geen opvolgers in titel is nie, of as dit 'n maatskappy of beslote korporasie is en geen aansoek in terme van artikel 11<sup>690</sup> gedoen is nie, as toestemming geweier is, as die houer gelikwideer of gesekwestreer is soos artikel 11(3) bepaal, of as dit in terme van artikel 47 gekanselleer is, of wanneer die reg opgegee is.<sup>691</sup>

#### d) Omgewingsoudits en inspeksies

Die eerste erkende omgewingsoudits in Suid-Afrika is in 1989<sup>692</sup> uitgevoer, maar tot dusver is daar geen spesifieke bepalings vir omgewingsoudits in Suid-Afrika

---

<sup>689</sup> A 47(2)(c).

<sup>690</sup> A11(1) A prospecting right or mining right or an interest in any such right, or a controlling interest in a company or close corporation, may not be ceded, transferred, let, sublet, assigned, alienated or otherwise disposed of without the written consent of the Minister, except in the case of change of controlling interest in listed companies.

- (2) The consent referred to in subsection (1) must be granted if the cessionary, transferee, lessee, sub lessee, assignee or the person to whom the right will be alienated or disposed of -
- (a) is capable of carrying out and complying with the obligations and the terms and conditions of the right in question; and
  - (b) satisfies the requirements contemplated in section 17 or 23, as the case may be.
- (3) The consent contemplated in subsection (1) is not required in respect of the encumbrance by mortgage contemplated in subsection (1) of right or interest as security to obtain a loan or guarantee for the purpose of funding or financing a prospecting or mining project by -
- (a) any bank, as defined in the Banks Act, 1990 (Act No. 49 of 1990); or
  - (b) any other financial institution approved for that purpose by the Registrar of Banks referred to in the Banks Act, on request by the Minister, if the bank or financial institution in question undertakes in writing that any sale in execution or any other disposal pursuant to the foreclosure of the mortgage will be subject to the consent in terms of subsection (1).
- (4) Any transfer, cession, letting, subletting, alienation, encumbrance by mortgage or variation of a prospecting right or mining right, as the case may be, contemplated in this section must be lodged for registration at the Mining Titles Office within 30 days of the relevant action.

Sien ook Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law* 15-14.

<sup>691</sup> A 56(a)-(f).

<sup>692</sup> DEAT *Environmental Auditing* 2004 <http://www.environment.gov.za>.

neergelê nie.<sup>693</sup> Daar word ook nie na omgewingsoudits in die mynwetgewing verwys nie. Soms sal 'n OBP of direktief omgewingsoudits beveel, maar dit is nie 'n wetsbepaling nie. Al hoewel dit nie dieselfde is nie, word daar wel in NEMA<sup>694</sup> en die die MPRDA<sup>695</sup> vir omgewingsinspeksies voorsiening gemaak. Die Minister of LUR kan 'n inspekteur aanstel.<sup>696</sup> Die MPRDA maak net melding daarvan dat die bevoegde inspekteur die perseel mag betree en ondersoek. Geen verdere besonderhede word oor omgewingsinspeksies gegee nie. Wat NEMA betref is die inspekteur se bevoegdhede meer uitgebreid.

### 5.3.2.2 Mosambiek

#### a) Volhoubare ontwikkeling

Al is volhoubare ontwikkeling 'n relatiewe nuwe konsep in Mosambiek,<sup>697</sup> rus daar 'n plig en verantwoordelikheid op alle persone om ander persone aan te moedig om natuurlike hulpbronne op 'n verantwoordelike en volhoubare manier te gebruik.<sup>698</sup>

#### b) Besoedeling, omgewingsagteruitgang en die PPP

Mynbou moet ooreenkomstig goeie mynpraktyke plaasvind om sodoende besoedeling en die verlies van natuurlike hulpbronne te minimaliseer en die omgewing te beskerm teen onnodige skade.<sup>699</sup> In die *Environmental Regulations* word norme gestel om die negatiewe impak van mynbou op die omgewing te reguleer.<sup>700</sup> Die omgewing moet deurentyd beskerm word.<sup>701</sup>

---

<sup>693</sup> DEAT *Environmental Auditing* 2004 <http://www.environment.gov.za>.

<sup>694</sup> A 31.

<sup>695</sup> A 92.

<sup>696</sup> Aa 31B en 31C.

<sup>697</sup> Manuel and Muacanhia 'Alluvial Gold Mining Constraints' 371- 382.

<sup>698</sup> A 24 van *Law* no 20/97 van 1 Oktober; sien ook hoofstuk 4, par 4.1.2 vir volhoubare ontwikkeling en die *Grondwet*.

<sup>699</sup> A 35(b).

<sup>700</sup> A 2.

<sup>701</sup> A 15(6)(h).

Sowel die mynbouproses as die ontginning is verder onderhewig aan bepalings wat lugbesoedeling en kwaliteitstandaarde ten opsigte van giftige stowwe reguleer.<sup>702</sup> Mynaktiwiteite moet verder ook aan die nasionale en internasionale standaarde ten opsigte van die vermindering van klank en vibrasie voldoen.<sup>703</sup> Doeltreffende maatreëls moet getref word vir die afsetting en behandeling van afval wat die omgewing kan beskadig.<sup>704</sup> Dit is verbode om enige giftige afval op die grond te stort, asook om aktiwiteite te beoefen wat erosie kan veroorsaak en nie deur die reg of OBP gemagtig word nie.<sup>705</sup> Mynvergunninge mag hersien word wanneer die myn se handelinge omgewingskade tot gevolg het.<sup>706</sup>

Die PPP is 'n fundamentele beginsel wat in die *Environmental Law* ingesluit is, en bepaal dat daar 'n verantwoordelikheid op 'n besoedelaar rus om die omgewing te herstel, of om diegene wat skade gely het as gevolg van die besoedeling te vergoed.<sup>707</sup>

#### c) Boetes en die terugtrek van magtigings

Die houër van 'n magtiging moet vergoeding betaal vir skade aan grond en besittings wat uit sy aktiwiteite voortvloei.<sup>708</sup> Die houër van die magtigings mag slegs in ooreenstemming met die terme wat in die regulasies bepaal word, boor en delf.<sup>709</sup> Indien die houër nie die bepalings nakom nie en nie oppervlakbelasting betaal nie, mag die lisensie teruggetrek word.<sup>710</sup>

#### d) Omgewingsoudits en inspeksies

---

702 A 16 (1)(2).  
703 A 17  
704 A 18.  
705 A 18.  
706 A 21.  
707 A 4(7).  
708 Aa 9(1)(c), 15(6)(k), 18(2)(g).  
709 A 9(2).  
710 Aa 9(3), 12(2), 18(3).

Die *Environmental Law* definieer 'n omgewingsoudit as 'n “documented and objective instrument for the management and the systematic evaluation of the operation of the management system and of the environmental control and protection processes”.

In terme van die *Environmental Law*, is aktiwiteite wat moontlik omgewingskade kan veroorsaak, aan 'n oudit onderhewig<sup>711</sup> en is die persoon wat die aktiwiteit onderneem verantwoordelik vir die ouditeur se koste.<sup>712</sup> Die oudit moet nie net op die algemene impak van die aktiwiteit konsentreer nie, maar ook 'n evaluering gee van die voldoening aan en ooreenstemming met die magtiging en ander wetgewing, die omstandighede waaronder die aktiwiteit plaasvind, die maatreëls wat geneem is om die omgewing te rehabiliteer, asook die maatreëls getref om mense se gesondheid te bevorder.<sup>713</sup> Die ouditeur moet geregistreer wees en word strafregtelik aanspreeklik gehou as hy/sy verkeerde inligting weergee.<sup>714</sup> Die aanbevelings wat 'n ouditeur in sy/haar verslag maak is bindend en indien dit nie nagekom word nie is dit 'n oortreding.<sup>715</sup>

Die oudit moet voorts ook voldoen aan die vereistes gestel in die *Environmental Audit Process Decree*.<sup>716</sup> Die *Decree* bepaal dat die doel van 'n omgewingsoudit onder andere is om die volgende te evalueer, die:

- impak op die omgewing wat deur roetine-aktiwiteite veroorsaak word;<sup>717</sup>
- risiko's betrokke by ongelukke en gevalle waar planne vir ontruiming bestaan;<sup>718</sup>
- grade van voldoening aan die omgewingslisensie wat van toepassing is;<sup>719</sup>
- grade van potensiële bronne van besoedeling, of omgewingsagteruitgang, as gevolg van die aktiwiteite;<sup>720</sup>

---

<sup>711</sup> A 18(1).

<sup>712</sup> A 18(2).

<sup>713</sup> A 4; Van der Berg *An Environmental Law Framework* 28; Du Plessis *Environmental Regulation* 22.

<sup>714</sup> A 13; Van der Berg *An Environmental Law Framework* 28; Du Plessis *Environmental Regulation* 22.

<sup>715</sup> Van der Berg *An Environmental Law Framework* 28; Du Plessis *Environmental Regulation* 22.

<sup>716</sup> *Environmental Audit Process, Ministerial Decree 32/2003* of 12 Augustus.

<sup>717</sup> A 4(a).

<sup>718</sup> A 4(b).

<sup>719</sup> A 4(c).

- bestuur en instandhouding van energiebronne, rou materiaal en water;<sup>721</sup>
- keuse van nuwe produksiemetodes om vlakke van besoedeling te verminder;<sup>722</sup>  
en
- maatreëls om omgewingsongelukke te voorkom en te beperk.<sup>723</sup>

Die ouditverslag moet die volgende insluit:

- Inleiding en agtergrond;<sup>724</sup>
- Metodologie en ooreenkomste tussen die aandeelhouders;<sup>725</sup>
- Uitvoerende opsomming: Voldoening aan die OBP;<sup>726</sup>
- Analise van die uitslag van die aksies wat by vorige oudits voorgestel is;<sup>727</sup>
- Verslag oor bevindings van nie-voldoening;<sup>728</sup>
- Gevolgtrekking en voorstelle.<sup>729</sup>

Die ouditeur mag nie toegang tot die terrein of inligting geweier word nie.<sup>730</sup> Die mynwetgewing maak geen melding van omgewingsoudits nie.

Inspekteurs wat deur die staat gestuur word, moet periodieke inspeksies by die mynaktiwiteite doen, om toe te sien dat die aktiwiteite plaasvind in ooreenstemming met die regsraamwerk wat op myne van toepassing is, naamlik die kwessies van: arbeid, gesondheid, veiligheid en die omgewing.<sup>731</sup>

720

A 4(d).

721

A 4(h).

722

A 4(j).

723

A 4(k).

724

A 10(1).

725

A 10(2).

728

A 10(3).

727

A 10(4).

728

A 10(5).

729

A 10(6).

730

A 8.

731

Anon Datum onbekend <http://www.un.org>.

### 5.3.2.3 Tanzanië

#### a) Volhoubare ontwikkeling

Die *Environmental Management Act* bepaal dat die omgewing die gemene erfenis van huidige en toekomstige generasies is.<sup>732</sup> Hierdie wet bevat ook die beginsels van volhoubare ontwikkeling en howe moet dit in ag neem.<sup>733</sup> Die beginsels sluit van die internasionale beginsels van volhoubare ontwikkeling in,<sup>734</sup> naamlik OIS, omgewingswetgewing, ekonomiese instrumente, omgewingsaanwysers en -standaarde, en publieke deelname.<sup>735</sup> Tanzanië poog om volhoubare ontwikkeling te bereik en het die *National Conservation Strategy for Sustainable Development* in 1995<sup>736</sup> opgestel wat uiteindelik in die *Environmental Management Act 20* van 2004 verorden is.<sup>737</sup>

#### b) Besoedeling, omgewingsagteruitgang en die PPP

'n Komitee wat in terme van die *Environmental Management Act* ingestel is, mag enige persoon wat met omgewingsbeskerming te doen het, beveel om die omgewing te rehabiliteer.<sup>738</sup> Die omgewingsrehabiliteringsbevel kan uitgereik word aan die persoon of persone wie verplig is om die omgewing so na as moontlik te herstel na hoe dit was voordat die handeling plaasgevind het,<sup>739</sup> of wie skadevergoeding moet betaal aan die persone wie se omgewing skade gely het.<sup>740</sup> Die bevel mag 'n persoon aan wie dit uitgereik is beveel om besoedeling te voorkom,<sup>741</sup> die grond te herstel (met insluiting

---

<sup>732</sup> Aa 6(3)(a) en 72.

<sup>733</sup> A 5(3)

<sup>734</sup> A 5(3)(a)-(h).

<sup>735</sup> Pallangyo 2007 LEAD 28-39.

<sup>736</sup> Die doelstelling van hierdie strategie is onder andere om die nasie by te staan in die poging om ontwikkeling te laat plaasvind deur middel van ontwikkelingsstrategieë en om die publiek bewus te maak van byvoorbeeld sake betreffende omgewingsbeheer.

<sup>737</sup> Pallangyo 2007 LEAD 28-39.

<sup>738</sup> A 151(1).

<sup>739</sup> A 151(2)(1).

<sup>740</sup> A 151(2)(c).

<sup>741</sup> A 151(4)(a).

van die vervanging van grond, die plant van bome en ander flora, ensovoort)<sup>742</sup> die ergste nadeel aan die omgewing te verwyder,<sup>743</sup> om enige besoedeling te verminder,<sup>744</sup> en om die benadeelde partye te vergoed.<sup>745</sup>

In die *Environmental Management Act* word die PPP spesifiek genoem.<sup>746</sup> Hiervolgens moet enige persoon wie se aktiwiteite 'n nadelige effek op die omgewing het, die volle koste betaal sodat die nadeel vermy, verminder of herstel kan word.

### c) Boetes en die terugtrek van magtigings

Die *Environmental Management Act* bepaal dat enige persoon 'n aksie teen 'n ander kan instel indien sy/haar handeling moontlik skade aan menslike gesondheid of die omgewing kan veroorsaak.<sup>747</sup> Die aksie sal daarop gerig wees om die aktiwiteite te voorkom of stop te sit,<sup>748</sup> om te versoek dat die aktiwiteite onderwerp word aan 'n omgewingsoudit of monitering,<sup>749</sup> en om die persoon wie se aktiwiteit moontlik skade aan die omgewing of menslike gesondheid kan veroorsaak, te verplig om maatreëls in te stel om die omgewing, en ander se gesondheid, te beskerm.<sup>750</sup> Indien die houer van 'n lisensie<sup>751</sup> of sertifikaat,<sup>752</sup> nie volgens hierdie wet optree nie,<sup>753</sup> en nie die bedrag wat hy/sy skuld binne 'n maand betaal nie,<sup>754</sup> kan die magtiging gekanselleer word. 'n Lisensie kan ook gekanselleer word as die bedrywighede nie lonend genoeg na die Minister en die Adviserende Komitee se sin is nie.<sup>755</sup> Die Minister mag die reg net opskort of kanselleer as hy aan die houer 'n skriftelike kennisgewing gee waarin hy die

---

<sup>742</sup> A 151(4)(b).  
<sup>743</sup> A 151(4)(e).  
<sup>744</sup> A 151(4)(g).  
<sup>745</sup> A 151(4)(h).  
<sup>746</sup> A 7(3)(d).  
<sup>747</sup> Aa 4(2)(f) en 5(1).  
<sup>748</sup> A 5(2)(a).  
<sup>749</sup> A 5(2)(c).  
<sup>750</sup> A 5(2)(d).  
<sup>751</sup> A 57(1)(b) en (d).  
<sup>752</sup> A 57(1)(c).  
<sup>753</sup> A 57(1)(a) van die *Mining Law*.  
<sup>754</sup> A 57(1)(e).  
<sup>755</sup> A 63(c).

redes uiteensit van sy voorneme om die reg te kanselleer.<sup>756</sup> As die houer nie binne sestig dae nadat die kennisgewing ontvang is, die probleme regstel of vergoeding betaal nie, mag die reg gekanselleer of opgeskort word.<sup>757</sup>

Die houer van 'n spesiale mynlisensie, 'n mynlisensie, of 'n edelsteenmynlisensie moet die owerheid daarvan in kennis stel indien hy/sy die bedoeling het om die produksie van die myngebied te staak of te kanselleer.<sup>758</sup> Hy/sy moet ook redes gee waarom die mynbedrywigheid gestaak gaan word.<sup>759</sup>

'n Ontginningslisensie en 'n mynvergunning mag opgehef word deur kennisgewing aan die titelhouer. Dit mag gebeur wanneer 'n titelhouer insolvent verklaar word of 'n ooreenkoms of vergunning met sy krediteure aangaan – tensy daar 'n geregistreerde verband oor die myninstallasies is, of wanneer 'n maatskappy ontbind of hervorm word, of wanneer daar vooraf goedkeuring daarvoor gekry is, of as die persoon nie die oppervlakbelasting betaal nie.<sup>760</sup> 'n Ontginningslisensie en 'n mynvergunning sal nie opgehef word wanneer oppervlakbelasting nie betaal word nie, mits die titelhouer die verskuldigde bedrag, plus rente of boetes, inbetaal wanneer hy kennis daarvan kry en binne die periode vasgestel in die regulasies.<sup>761</sup>

#### d) Omgewingsoudits en inspeksies

Volgens Tanzanië se *Environmental Management Act* is 'n omgewingsoudit “the systematic, documented periodic and objective evaluation of how well environment organization, management, and equipment are performing in conserving or preserving the environment”. Volgens hierdie Wet is die Adviserende Mynkomitee<sup>762</sup> daarvoor verantwoordelik om 'n oudit te doen vir enige projek wat 'n wesenlike impak op die

---

<sup>756</sup> A 57(2)(a).

<sup>757</sup> A 57(2)(b).

<sup>758</sup> A 60(1).

<sup>759</sup> A 60(2).

<sup>760</sup> A 24(1)(a)-(c).

<sup>761</sup> A 24(2).

<sup>762</sup> Waarna verwys is in hoofstuk 5, par 5.2.2.3.

omgewing kan hê.<sup>763</sup> Volgens die *Environmental Impact Assessment and Audit Regulations* behels dit die:

systematic evaluation of activities and processes of a project to determine how far these activities and programs conform with the approved environmental management practices and applicable environmental standards.

Die OIS is die riglyn waarteen die oudit gedoen word.<sup>764</sup> Volgens die Regulasies is die doel van 'n omgewingsoudit onder meer om vas te stel of die aktiwiteite aan die goedgekeurde omgewing bestuur plan voldoen.<sup>765</sup> Die oudit moet deur 'n gekwalifiseerde en gemagtigde omgewingsouditeur of omgewingsinspekteur gedoen word.<sup>766</sup> Die omgewingsoudit verslag moet die volgende bevat:

- Die projek se impakte in die verlede en die huidige impakte daarvan;<sup>767</sup>
- Die verantwoordelikheid en bekwaamheid van die projek se bestuurders;<sup>768</sup>
- Negatiewe impakte, van die projek, op die omgewing; en<sup>769</sup>
- Die huidige beheer meganismes wat bestaan om werkers se gesondheid en veiligheid te verseker.<sup>770</sup>

Daar moet elke vyf jaar 'n omgewingsoudit gedoen word.<sup>771</sup>

### **5.3.3 Samevatting**

Tydens die operasionele fase moet daar voortdurend gerehabiliteer word. Ten spyte daarvan dat volhoubare ontwikkeling nooit by mynbou bereik kan word nie, is volhoubare ontwikkeling 'n belangrike doelstelling vir die drie betrokke lande. Al drie

---

<sup>763</sup> A 101(1).

<sup>764</sup> A 101(3).

<sup>765</sup> Reg 44(1)(a).

<sup>766</sup> Reg 46(3).

<sup>767</sup> Reg 46(9)(a).

<sup>768</sup> Reg 46(9)(b).

<sup>769</sup> Reg 46(9)(c).

<sup>770</sup> Reg 46(9)(d).

<sup>771</sup> Reg 49(3).

lande bepaal dat omgewingskade vermy moet word, en wanneer dit nie moontlik is nie moet dit so klein as moontlik gehou en ook reggestel word.

Die PPP-beginsel is veral belangrik in ontwikkelende lande, omdat die staat soms nie in die finansiële posisie is om die rehabilitasiekoste van privaatinstansies te betaal nie.

In al drie die betrokke lande is die PPP van toepassing en bestaan daar remedies vir die benadeelde partye om vergoed te word wanneer skade gely is as gevolg van besoedeling of omgewingsagteruitgang. Die drie lande se remedies verskil, maar behoort steeds dieselfde doel en oogmerk te hê – soos deur die minimum standaard bepaal.<sup>772</sup>

In Suid-Afrika word omgewingsoudits soms as 'n voorwaarde in 'n direktief uitgereik, of by 'n OBP ingesluit. In Tanzanië In Tanzanië en Mosambiek word oudits volledig beskryf.

In Suid-Afrika se MPRDA word daar wel na omgewingsinspeksies verwys, maar wat Tanzanië betref word daar nie na inspeksies verwys nie. In Mosambiek word inspeksies beveel, maar daar word ook nie 'n verduideliking in die wet gegee van wat 'n inspeksie moet behels nie.

#### **5.4 Sluiting en rehabilitasiefase**

Mynbou is die tydelike gebruik van die grond en na afloop van die mynaktiwiteite moet die grond weer herstel word tot 'n stabiele, self-draende kondisie. Verskeie impakte op die omgewing is te sien voor, tydens en ná mynbou-aktiwiteite.<sup>773</sup> Myne het groot volumes afval tot gevolg – onder andere afvalhope, slikdamme, en ander vorme van besoedeling.<sup>774</sup> Selfs nadat die mynbou-aktiwiteite gestaak is, kan die agteruitgang

---

<sup>772</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.2.1

<sup>773</sup> Lottermoser *Mine Wastes* 13.

<sup>774</sup> IFC World Bank 10 Des 2007 <http://www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf>; Lottermoser *Mine Waste* 13, 24.

van die omgewing steeds voortgaan.<sup>775</sup> Daarom is rehabilitasie 'n onafskeidbare komponent van mynbou: vanaf die beplanning en ontginning, tot en met die sluiting van die myn.<sup>776</sup> Mynsluiting word tans nie slegs gesien as die einde van die myn nie, maar as nog 'n stap in 'n groot proses om die omgewing te herstel. Die herstelproses kan lank voortduur – selfs nadat die spesifieke myn sy aktiwiteite gestaak het.<sup>777</sup> Die meeste lande en maatskappye erken dat sluiting meer behels as net om die myn se produktiwiteit te stop en die myn buite diens te stel.<sup>778</sup> Sluiting vereis dat die grond herstel moet word na 'n kondisie waar dit weer bruikbaar vir ander sal wees.<sup>779</sup> Die uitkoms van behoorlike sluiting is dat toekomstige generasies en huidige myngemeenskappe ook voordeel sal kan trek uit die konsep van volhoubare ontwikkeling.<sup>780</sup> Myne moet gedurende die tydperk wat die myn in werking is, toenemend of progressief gerehabiliteer word.<sup>781</sup>

Verlate myne kan groot verantwoordelikheid en onkoste vir die staat beteken wanneer die korrekte raamwerke vir rehabilitasie en finansiële voorsiening nie daargestel word nie. Omgewingsbestuur behoort 'n prioriteit gedurende die leeftyd van die myn te wees, sodat die sluiting van die myn meer koste-effektief gemaak kan word.<sup>782</sup>

Verantwoordelike mynsluiting sluit onder andere in: die verwydering van toerusting en gevaarlike materiale, die beveiliging van slote en gebiede van afvalafsetting, en die neem van alle nodige stappe om moontlike toekomstige grondwaterbesoedeling te vermy. Die koste verbonde aan sluiting varieer in ooreenstemming met die ouderdom, grootte, ligging, infrastruktuur, soort myn, die geskiedenis van die myn se

---

<sup>775</sup> Wells 'Terrestrial Minerals' 513-578; *Bareki NO v Gencor Ltd* 2006 1 SA 432 (T)

<sup>776</sup> Benbow Datum Onbekend <http://www.nswmin.com>.

<sup>777</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>; Morrey 'Integrated Planning for Economic Environmental Management During Mining Operations and Mine Closure' 243-256.

<sup>778</sup> IFC World Bank 10 Des 2007 <http://www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf>.

<sup>779</sup> IFC World Bank 10 Des 2007 <http://www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf>.

<sup>780</sup> IFC World Bank 10 Des 2007 <http://www.ifc.org/ifcext/enviro.nsf>.

<sup>781</sup> IFC World Bank 2002 <http://www.siteresources.worldbank.gov>.

<sup>782</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.2.

omgewingsbestuur, die volume afval, en die geologiese eienskappe van die omgewing waar die myn geleë is.

Die koste vir mynsluiting behoort minder te wees indien die mynoperateur in beheer is van die verrigtinge omdat hy vertrouwd is met die gebied. Voorts sal die toerusting wat gebruik word in die proses dan nie noodwendig nuwe toerusting wees nie, maar wel toerusting wat tydens die mynproses gebruik is en die mense wat die verrigtinge ten tye van die sluiting hanteer, sal dan ook arbeiders wees wat op die myn gewerk het. Deur die loop van die afgelope twee dekades is internasionaal al hoe meer gefokus op omgewingsbeskermingstandaarde, wat veroorsaak het dat moderne rehabilitasietegnieke al hoe meer toeganklik en rehabilitasie al hoe meer haalbaar geraak het.<sup>783</sup> Daarom kom dit ook meer algemeen voor dat myne nie hul magtiging geweier behoort te word op grond daarvan dat hul mynplan onvoldoende voorsiening vir die rehabilitasie van die omgewing maak nie.<sup>784</sup>

#### **5.4.1 Minimum standaard**

'n Goeie sluitingsplan moet vroeg in die mynfasie begin word, by die hoofmynprosedure ingesluit word, en minstens die volgende agt elemente bevat:

- Tydsverloop en koste verbonde aan rehabilitasie;<sup>785</sup>
- Spesifikasies vir die verwagte finale toestand van grondgebruik en oppervlakrehabilitasie – insluitende die verwydering van toerusting en die stabilisering en rehabilitasie van mynhope en sliksdamme;<sup>786</sup>

---

<sup>783</sup> Johnson, Cooke and Stevenson "Revegetation of Metalliferous Waste and Land" 31-47.  
<sup>784</sup> Johnson, Cooke and Stevenson "Revegetation of Metalliferous Waste and Land" 31-47; Die SAOG Mynbouprotokol bepaal in a 8(4) dat lidstate inligting betreffende omgewingsbeskerming en omgewingsrehabilitasie met mekaar moet deel, sien hoofstuk 3, par 3.2.3.

<sup>785</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

<sup>786</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>; Warhust and Noronha "Integrated Environmental Management" 13-32.

- Aanduidings van hoe die agteruitgang van die omgewing voorkom kan word, asook wanneer probleme aangespreek moet word ten einde die mees effektiewe resultate tot gevolg te hê;<sup>787</sup>
- Risikobepalings om die prioriteite vir voorbereiding te stel;<sup>788</sup>
- Kostevoordeel-analises vir verskillende opsies soos wat die plan voorberei, hersien en opgradeer word;<sup>789</sup>
- 'n Bestuursplan om te bepaal hoe sluiting geïmplementeer sal word;<sup>790</sup>
- Moniteringsvoorstelle wanneer voorsluiting ter sprake kom, naamlik: wie monitor, vir hoe lank, wie betaal, ensovoort;<sup>791</sup>
- 'n Aanduiding van wie betrokke sal wees by die beplanning en die proses vir sluiting;<sup>792</sup>

Goeie praktykbeginsels vir rehabilitasie vereis dat ongewenste toerusting verwyder moet word, afvalhope en damme gestabiliseer en onskadelik gemaak moet word, grondwater beskerm moet word, en dat rehabilitasie ondergaan moet word. Hierdie omgewingsbeskerming, die skoonmaak en die rehabilitering, geld nie net vir die omgewing waar die myn geleë is nie, maar ook ander gebiede wat daardeur geïmpak is.<sup>793</sup>

Sonder 'n goeie regsreguleringsraamwerk vir mynsluiting, kan mynmaatskappye hul verantwoordelikheid om finansiële voorsorg te tref, ontglip en gemeenskappe benadeel.<sup>794</sup> 'n Regsregulerende raamwerk vir mynsluiting moet die volgende bepaal:

- Die sluitingsplan moet deel vorm van die aansoek van die magtiging

<sup>787</sup> Warhust and Noronha "Integrated Environmental Management" 13-32.

<sup>788</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

<sup>789</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

<sup>790</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

<sup>791</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

<sup>792</sup> Warhust and Noronha "Integrated Environmental Management" 13-32.

<sup>793</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

<sup>794</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

- Die sluitingsprosedures, omgewingsvereistes en -standaarde, en verantwoordelikhede moet gespesifiseer word – insluitende die vereistes en prosedures wat verseker dat effektiewe en betekenisvolle konsultasies met plaaslike gemeenskappe plaasvind as deel van die sluitingsvoorbereiding en beplanningsverantwoordelikheid vir die monitering en bestuur, en verantwoordelikheid rus, wanneer omgewingsnadeel voorkom moet gespesifiseer word;
- Dit moet gestipuleer word dat die sluitingsplan gereeld opgradeer moet word.
- Die myn se verantwoordelikhede ten opsigte van finansiële voorsorg, moet uiteengesit word.<sup>795</sup>

#### **5.4.2 Sluiting en rehabilitasie in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië**

##### **5.4.2.1 Suid-Afrika**

###### **a) Rehabilitasie**

Artikel 38 van die MPRDA plaas 'n plig op die houer van 'n erkende vergunning om so ver as wat dit redelik prakties is, die geaffekteerde omgewing te rehabiliteer na die natuurlike, vooraf vasgestelde toestand, of na 'n oppervlak wat gebruik is in ooreenstemming met die beginsels van volhoubare ontwikkeling.<sup>796</sup> Die persoon is ook verantwoordelik vir enige omgewingskade, besoedeling of ekologiese degradering wat binne en buite die area wat volgens die vergunning toegelaat is, deur die mynaktiwiteite veroorsaak is.<sup>797</sup> In geval van 'n maatskappy of beslote koöperasie geld bogenoemde ook, maar die direkteure van 'n maatskappy en die lede van 'n beslote koöperasie sal gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die skade.<sup>798</sup> Indien 'n persoon wat verantwoordelik was vir die rehabilitasie oorlede is, of nie opgespoor kan word nie, of waar 'n regs persoon nie bestaan het nie, of wanneer die persoon gelikwideer is, of nie

<sup>795</sup> Bond, Mining Department World Bank Group 2002 <http://www.ifc.org/mining>.

<sup>796</sup> A 38(1)(d); Barnard *Environmental Law* 97.

<sup>797</sup> A 38(1)(e).

<sup>798</sup> A 38(2).

opgespoor kan word nie, mag die Minister die betrokke Streekbestuurder beveel om die nodige voorsorg te tref vir die voorkoming van verdere besoedeling of degradering, of om die omgewing veilig te maak.<sup>799</sup>

NEMA bepaal dat waar afval nie vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou moet word en waar moontlik herbruik of herwin moet word, of op 'n verantwoordelike wyse verwyder moet word.<sup>800</sup> Volgens artikel 28 van NEMA moet enige iemand wat besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak, veroorsaak het, of moontlik kan veroorsaak, redelike stappe neem om dit te voorkom, en indien dit regtens gemagtig word of nie redelikerwys vermy of gestop kan word nie, moet dit so min moontlik gehou of herstel word.<sup>801</sup> Die redelike stappe waarna hier verwys word, is om onder andere die gevolge van besoedeling of agteruitgang reg te stel.<sup>802</sup> Hierdie plig rus op die eienaar van die grond, die persoon in beheer van die grond, of 'n persoon wat die reg het om die grond te gebruik, of waarop 'n bedrywigheid of proses plaasgevind het, verrig word of verrig is.<sup>803</sup>

#### b) Finansiële voorsorg

As die houer van 'n vergunning nie die omgewing? rehabiliteer nie, of nie in staat is om dit te rehabiliteer nie, of die negatiewe impak op die omgewing nie behoorlik bestuur nie, kan die Minister 'n geskrewe kennisgewing aan die houer rig en die finansiële voorsorg wat gemaak is vir die rehabilitasie, aangeheg.<sup>804</sup> Die finansiële voorsorg word gewoonlik by die omgewingsbestuursplan geheg om te verseker dat rehabilitasie plaasvind en om die negatiewe impak te bestuur.<sup>805</sup> Die houer moet ook van tyd tot tyd die finansiële voorsorg aanpas – soos die Minister dit goeddink.<sup>806</sup> Hierdie vereiste om

---

<sup>799</sup> A 46(1).

<sup>800</sup> A 4(a)(iv); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 390.

<sup>801</sup> A 28(1).

<sup>802</sup> A 28(3)(f).

<sup>803</sup> A 28(2)(a).

<sup>804</sup> A 41(1); Kidd *Environmental Law* 190; Wells 'Terrestrial Minerals' 513-578; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 384.

<sup>805</sup> A 41(2); Kidd *Environmental Law* 190.

<sup>806</sup> A 41(3); Kidd *Environmental Law* 190; Dale *South African Mineral and Petroleum Law*

finansiële voorsorg te tref en dit aan te pas, bly in werking totdat die Minister 'n sluitingsertifikaat in terme van artikel 43 uitreik – maar die Minister kan steeds in besit bly van die finansiële voorsorg soos wat benodig word om die gesluite myn te rehabiliteer, of die skade te herstel.<sup>807</sup> Die houer van die genoemde reg bly ook verantwoordelik vir die bestuur van enige besoedeling en agteruitgang van die omgewing en die bestuur daarvan totdat die Minister die sluitingsertifikaat uitgereik het.<sup>808</sup> Wanneer die Minister die sertifikaat uitreik, moet hy 'n gedeelte van die finansiële voorsorg aan die houer van die reg terugbesorg, maar hy mag na goeddunke 'n gedeelte van die voorsorg terughou – vir latere en of oorblywende omgewingsimpakte wat in die toekoms mag voorkom.<sup>809</sup> Wanneer die voorsorg wat getref is, onvoldoende blyk, moet die Parlement fondse beskikbaar stel sodat rehabilitasie kan plaasvind.<sup>810</sup>

#### c) Aansoeke vir sluiting

Daar word onder die volgende omstandighede vir 'n sluitingsertifikaat aansoek gedoen:<sup>811</sup>

- Wanneer die reg of permit verval, opgegee of gekanselleer word;<sup>812</sup>
- by sessie van die reg;<sup>813</sup>
- by die afstanddoening van enige deel van die geprospekteerde grond waarop daar 'n reg, permit of toestemming rus;<sup>814</sup> en
- wanneer die voorgeskrewe sluitingsplan wat aan die reg, permit of toestemming geassosieer word, voltooi is.<sup>815</sup>

---

<sup>807</sup> 390.  
A 41(5); Kidd *Environmental Law* 190; Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 390.

<sup>808</sup> A 43(1); Kidd *Environmental Law* 190.

<sup>809</sup> A43(6); Wells *ea* 'Terrestrial Minerals' 513-578.

<sup>810</sup> A 46(2).

<sup>811</sup> Sien ook Kidd *Environmental Law* 190.

<sup>812</sup> A 43(1).

<sup>813</sup> A 43(2).

<sup>814</sup> A 43(3); Wells 'Terrestrial Minerals' 513-578.

<sup>815</sup> A 43(4).

Die aansoek vir die sluitingsertifikaat moet aan die Streekbestuurder in wie se streek die grond waarop gemyn of geprospekteer is, gerig word. Die aansoek moet gedoen word binne 180 dae nadat die reg, permit of toestemming verval, opgesê, gesedeer of gekanselleer is, of ná die voltooiing van die sluitingsplan. Die aansoek moet vergesel word deur die voorgeskrewe omgewingsrisikoverslag.<sup>816</sup> Geen sluitingsertifikaat mag uitgereik word voordat die Hoofinspekteur en die Departement van Waterwese nie skriftelik bevestig het dat die bepalings wat betrekking het op gesondheid, veiligheid en die bestuur van die potensiële besoedeling van waterbronne, nagekom is nie.<sup>817</sup> Die houer van 'n prospekteerreg, mynreg, retensiepermit en mynpermit bly totdat die Minister 'n sluitingsertifikaat aan die houer van die reg uitgereik het, verantwoordelik vir enige omgewingsagteruitgang en besoedeling, asook die bestuur daarvan.<sup>818</sup>

#### 5.4.2.2 Mosambiek

##### a) Rehabilitasie

Volgens artikel 20 van die *Environmental Regulations* is die titeleienaar of die operateur verantwoordelik vir enige skade aan die omgewing as gevolg van mynaktiwiteite.<sup>819</sup> Die *Environmental Law* bepaal in artikel 4(7) dat die verantwoordelikheid op die besoedelaar rus om die omgewing, wat as gevolg van sy doen en late beskadig is, te herstel, of skadevergoeding te betaal vir die skade wat aangerig is. Die wet bepaal verder dat die houer van die magtiging alle handelingte moet onderneem ingevolge die goeie praktyk wat nodig sal wees om die grond te herstel ooreenkomstig gepaste omgewingstandaarde,<sup>820</sup> byvoorbeeld om:<sup>821</sup>

- Alle skagte en tonnells permanent te seël;
- alle elektriese toevoer wat slegs vir die myn aangelê is, te verwyder;

<sup>816</sup> A 43(4); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 390.

<sup>817</sup> A43(5); Dale *South African Mineral and Petroleum Law* 390.

<sup>818</sup> A 43(1); Wells 'Terrestrial Minerals' 513-578.

<sup>819</sup> Ook artikel 107 van die *Mining Law Regulations Decree* 28/2003.

<sup>820</sup> A 9(1)(d).

<sup>821</sup> Anon Datum onbekend <http://www.un.org>.

- alle hoogtes en afgronde op te vul of af te plat en, waar nodig, te omhein met waarskuwingstekens om dit veiliger te maak; en
- alle damme vir water en afval veilig te maak sodat dit nie in een sal stort nie.

Die *Mining Law Regulations* maak nie melding van die finansiële voorsorg wat getref moet word nie. In artikel 44 word bepaal dat daar 'n beskrywing van die rotse wat die afval bedek, asook die tydelike afloop na die grondoppervlak, in die mynproduksieplan gegee moet word. By ondergrondse myne,<sup>822</sup> en ook in die geval van bogrondse myne, moet die ligging van die dam vir die mynafval beskryf word.<sup>823</sup> Die produksieplan moet ook 'n voorstel bevat met teenbesoedelingmaatreëls, maatreëls vir omgewingsbeskerming en grondrehabilitasiemaatreëls – wat bergplantegroei insluit – asook voorstelle om die impak van die myn op die grond en die grondwater by die myn asook die aangrensende gebiede, te minimaliseer.<sup>824</sup> Die houer van die myntitel is verantwoordelik vir enige skade wat voortspruit uit die uitoefening van sy reg onder sy titel of permit.<sup>825</sup>

#### b) Finansiële voorsorg

Applikante van vlak 2- of 3-aktiwiteite<sup>826</sup> moet sekuriteit betaal vir die rehabilitasiekoste of die verwydering van installasies wanneer die myn sluit. Die hoeveelheid wat hierdie sekuriteit behels, sal gebaseer word op die geskatte rehabilitasiekoste ten tyde van die mynaktiwiteite, of by die sluiting van die myn. Die hoeveelheid van hierdie bedrag vir die sekuriteit moet elke 2 jaar hersien word.<sup>827</sup>

---

<sup>822</sup> A 44(g).

<sup>823</sup> A 44(h).

<sup>824</sup> A 44(m).

<sup>825</sup> A 107(1).

<sup>826</sup> Vlak 1 aktiwiteite is kleinskaalse operasies uitgevoer deur individuele persone of Koöperatiewe, asook verkenning en ondersoeke wat nie meganiese metodes insluit nie. Vlak 2-aktiwiteite sluit in: mynbou wat uitgrawings behels; mynaktiwiteite ten opsigte van minerale bronne wat gebruik word vir konstruksies; ontdekking en mynaktiwiteite wat gemeganiseerde toerusting insluit; sowel as loodsprojekte. Vlak 3-aktiwiteite is mynbou wat nie onder vlak 1 of 2 ingesluit is nie, maar ook meganiese metodes insluit.

<sup>827</sup> A24(1)-(6).

### c) Aansoeke vir sluiting

Die persoon wat die mynbou-aktiwiteite bestuur, moet die Minister van Mineraalbronne ses maande voordat 'n myn permanent gesluit word in kennis stel van die voorneme om te sluit en ook redes vir hierdie besluit by die kennisgewing insluit.<sup>828</sup>

### 5.4.2.3 Tanzanië

#### a) Rehabilitasie

In die *Environmental Management Act* word bepaal dat wanneer 'n projek voltooi is, of wanneer die magtiging verval, die houer van die magtiging of die operateur op sy eie onkoste moet onderneem om die projek te stop, te rehabiliteer, en die ekosisteem te herstel voordat sluiting goedgekeur sal word.<sup>829</sup> Die *Mining Act* maak melding daarvan dat rehabilitasie en sluiting vereis word by alle magtigings en dat daar 'n plan vir die herstel van die oppervlak moet wees.<sup>830</sup>

#### b) Finansiële voorsorg

Daar kon geen bepaling in die Tanzaniese wette rakende die finansiële voorsorg vir die rehabilitasie van die omgewing opgespoor word nie.

#### c) Aansoek vir sluiting

As die mineraalreghouer sy regte, of 'n gedeelte daarvan, wil opgee, moet hy ten minste drie maande voor die opgawe van regte kennis hiervan aan die lisensie-owerheid gee, sodat die owerheid 'n sertifikaat kan uitreik.<sup>831</sup> Die owerheid sal nie 'n

---

<sup>828</sup> Anon Datum onbekend <http://www.un.org>.

<sup>829</sup> A 102(1).

<sup>830</sup> Daar kon geen regulasies hieroor opgespoor word nie.

<sup>831</sup> A 56(1).

sertifikaat uitreik as die applikant nie die owerheid daarvan kan verseker dat die grond waarop die aktiwiteite plaasgevind het, gerehabiliteer is – soos bepaal deur beginsels vir goeie praktyk, die omgewingsbestuursplan, asook die wetgewing wat van toepassing is.<sup>832</sup> Die sluiting sal effektief wees vanaf die dag wat dit aan die applikant uitgereik word.<sup>833</sup>

### **5.4.3 Samevatting**

Rehabilitering is nie 'n aparte komponent van mynbou nie en moet gedurende die operasionele fase plaasvind. Daarom moet daar dus vanaf die begin van die mynbouproses ook vir die myn se sluiting beplan word. Sluiting behels nie net dat die mynbou-aktiwiteite tot 'n einde kom nie, maar gaan gepaard met finale rehabilitering. Al drie die betrokke lande bepaal dat waar besoedeling nie vermy kan word nie, dit so laag as moontlik gehou moet word en dat rehabilitasie daar moet plaasvind. In Suid-Afrika en Mosambiek bestaan daar vereistes oor hoe gerehabiliteer moet word. Dié lande bepaal dat ná die rehabilitering van die myngebied, die omgewing nie-skadelik moet wees .

In al drie die lande moet vooraf aansoek gedoen word vir die sluiting van die myn en 'n sluitingsertifikaat sal nie uitgereik word indien die omgewing nie gerehabiliteer is nie.

In Suid-Afrika en Mosambiek moet die houer van sekere regte finansiële voorsorg vir rehabilitasie tref, maar in Tanzanië is daar, sover tot op hede vasgestel kon word, geen bepalings wat met finansiële voorsorg te make het nie. Die staat in Suid-Afrika en Mosambiek is dus ook, tesame met die myn, aanspreeklik vir die rehabilitasie,. Hierdie toedrag van sake kan ook gesien word in die grondwetlike bepalings van hierdie twee lande.<sup>834</sup>

---

<sup>832</sup> A 56(3)(c).

<sup>833</sup> A 56(4).

<sup>834</sup> Sien hoofstuk 4, par 4.1.1, 4.1.2, 4.2 en 4.5.

## 5.5 Gevolgtrekking

Daar bestaan minimum standarde vir elke fase in mynbou. Die lande onder bespreking voldoen in 'n mindere of meerdere mate aan die minimum standarde, maar daar bestaan ook verskeie leemtes.

In Suid-Afrika is die staat die trustee van alle minerale en daar bestaan geen eienaarskap oor die minerale nie. In Mosambiek en Tanzanië is die posisie anders, aangesien alle minerale aan die staat behoort. Die eienaarskap ten opsigte van die minerale maak nie 'n wesentliche verskil ten opsigte van die bevoegdheid wat die staat oor die minerale het nie. In al drie lande besluit die staat hoe daar met die minerale gehandel moet word.

Elk van die drie lande het verskillende magtigings- en aansoekprosedures. Die magtigings verskil in vele opsigte. Volgens die minimum standarde moet daar voordat 'n mynaktiwiteit 'n aanvang kan neem, 'n OIS gedoen word. Die lande se wetgewing verskil van mekaar en verskil ook ten opsigte van dit wat die minimum standarde ten opsigte van OIS vereis. Geen minimum standarde vir OBP en omgewingsbestuurplanne kon gevind word nie, maar die verskillende lande se wetgewing maak wel daarvoor voorsiening. Alhoewel die verskillende lande sowel OBP as omgewingsbestuurplanne beveel, verskil die bepalinge van mekaar.

Minimum standarde bepaal dat besoedelaars vervolg moet word. Minimum standarde bepaal verder dat die PPP van toepassing moet wees. En dit is dan ook die geval in al drie die lande.

Omdat die staat in al drie die lande seggenskap het oor hoe daar met die minerale gehandel moet word, moet die staat ook verantwoordelikheid aanvaar vir die gebied waarin gemyn word. Met ander woorde: die staat het dus die verpligting om te sorg dat die myn die wet nakom. In die voorafgaande paragraaf is aangedui dat daar vasgestel is dat rehabilitasie 'n onafskeidbare komponent van die geheel van die mynbouproses

is. Daarom sal die staat die verantwoordelikheid hê om rehabilitasie af te dwing en toe te pas. Sodanige toepassing of afdwing kan aan die hand van onder andere die volgende geskied – deur:

- die myn te verplig om behoorlike finansiële voorsorg te tref en die bedrae hiervoor deurlopend aan te pas sodat die uitgawes by finale rehabilitering nie onbetaalbaar is nie;
- toe te sien dat die sluitings- en rehabilitasieplan van vroeg af geïmplementeer, afdwing en aangepas word, sodat die myn nie met 'n verouderde rehabilitasieprogram werk wat meebring dat die behoeftes van die gemeenskap nie aangespreek word nie; en deur
- sorg te dra dat die inspekteur of ouditeur tydens inspeksies en oudits vasstel of die myn aan die rehabilitasieplan, OBP, OIS en omgewingsbestuurplan wat op die myn van toepassing is, voldoen en of die rehabilitasieplan nog, met inagneming van die aktiwiteite, voldoende vir die myn is.

Volgens die PPP sal die staat en die myn, wat die omgewing besoedel, gesamentlik rehabilitasie moet onderneem – al besoedel die staat nie die omgewing direk nie. Die staat is gesamentlik aanspreeklik omdat hy aan die myn die toestemming en magtiging verleen om tydelike besoedeling te veroorsaak. In al drie lande bestaan daar sanksies teen iemand wat skade aan die omgewing veroorsaak. Die staat het die verantwoordelikheid, volgens minimum standaarde, om self finansiële voorsorg te tref, om besoedeling reg te stel waar myne nie in staat is om dit self te doen nie, of waar verlate myne aangetref word.

Minimum standaarde bepaal dat voordat 'n magtiging toegestaan mag word, daar eers openbare deelname moet plaasvind en inligting aan die publiek beskikbaar gestel moet word. In Suid-Afrika en Mosambiek is daar bepalings betreffende openbare konsultasies. Verdere inligting oor openbare deelname in Tanzanië, wanneer daar gekonsulteer moet word en wanneer die applikant 'n OIS moet opstel, kon nie opgespoor word nie. Alhoewel openbare deelname nie in al drie die lande volledig omskryf word nie, is dit wel 'n verpligting. Dit sluit aan by rehabilitasie deurdat die

proses die publiek se behoeftes aan die staat openbaar sodat rehabilitasie op só manier plaasvind dat die gebied van die myngemeenskap onskadelik sal bly vir die gemeenskappe wat dit omring.

Die situasie betreffende omgewingsoudits en inspeksies, verskil in die drie lande. Minimum standarde bied egter ook nie volledige beskrywings van hierdie begrippe nie en maak ook geen melding van inspeksies nie.

Rehabilitasie en sluiting is 'n baie belangrike proses in mynbou. Daar bestaan volledige minimum standarde daarvoor. Een van die standarde is dat rehabilitasie deurlopend moet geskied. Die bepalings in die verskillende lande erken dat rehabilitasie 'n onafskeidbare deel van mynbou is, maar daar bestaan ook verskille wat betref *wat* gerehabiliteer moet word, en *hoe* en ook *deur wie* dit behartig moet word.

Wanneer daar verskeie prosesse en bepalings is wat in ooreenstemming met minimum standarde geïmplementeer moet word, maar dit in die wetgewing ontbreek, kan die internasionale minimum standarde toegepas word waar wetgewing nie vir sekere aspekte voorsiening maak nie. Selfs al is daar ook behoorlike voorskrifte vir die proses, behoort die minimum standarde steeds in ag geneem te word. Wetgewing moet in ooreenstemming met die minimum standarde aangepas word. In gevalle waar die wetgewing nie onmiddelik aangepas kan word nie, kan die lande dan ten minste die internasionale standarde, of die standarde van die Mynbouprotokol, toepas.

## HOOFSTUK 6 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

### 6.1 Agtergrond en inleiding

Daar word al hoe meer oor grense heen gemyn en die aandeelhouers van die myne is dikwels nie burgers van die land waar die myn geleë is nie. Omdat elke land sy eie wetgewing het, bestaan daar dikwels onduidelikheid en onsekerheid oor wat daardie land se mynwetgewing behels. Die doel van hierdie verhandeling was om te bepaal hoe dit moontlik is om mynbouwetgewing in die SAOG te harmoniseer, en om indien dit moontlik blyk te wees, aanbevelings te maak oor hoe harmonisering moet plaasvind ten einde te voldoen aan die Mynbouprotokol. Dit is gedoen deur 'n definisie vir harmonisering vas te stel, die invloed van die AU en die SAOG op harmonisering vas te stel, en om dan na aanleiding daarvan te bepaal of mynbouwetgewing in die SAOG geharmoniseer kan en/of moet word, en of harmonisering wel die onsekerheid wat ten opsigte van mynbouwetgewing in die SAOG bestaan, sal beëindig. Ten einde hierdie doel te bereik, is 'n regsvergelende studie van die mynwetgewing in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië, onderneem.

Vir doeleindes van hierdie studie is harmonisering gedefinieer as die uitskakeling van teenstrydighede in mynbouwetgewing, asook die opstel van 'n gemeenskaplike standaard waaraan wetgewing moet voldoen sodat geen staat of persoon benadeel of bevoordeel word nie.<sup>835</sup> Integrasie is gedefinieer as die uitwissing van verskille in verskillende lande se wetgewing wat op dieselfde onderwerp van toepassing is; asook die uitwissing van verskille in 'n land se nasionale wetgewing.<sup>836</sup> Koördinerings is gedefinieer as die begin van die integrasieproses: wanneer verskillende lande begin saamwerk daaraan om 'n gemeenskaplike oogmerk vas te stel, of in daardie rigting beweeg.<sup>837</sup> Omdat absolute eenvormigheid nie die ideaal is nie, en die oogmerk nie is om die wette as 'n geheel bymekaar uit te bring nie,<sup>838</sup> het dit geblyk dat harmonisering

---

<sup>835</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.5.

<sup>836</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.1.1.

<sup>837</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.1.1.

<sup>838</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.3 en par 2.5.

die mees gepaste definisie vir doeleindes van hierdie studie is. Harmonisering kan op verskillende wyses plaasvind. Dit sluit onder ander totale of maksimum harmonisering,<sup>839</sup> minimum harmonisering,<sup>840</sup> opsionele harmonisering,<sup>841</sup> gedeeltelike of eensydige harmonisering,<sup>842</sup> alternatiewe harmonisering,<sup>843</sup> gesamentlike erkenning van kontroles,<sup>844</sup> en koue harmonisering, in.<sup>845</sup>

In die studie is aangevoer dat minimum harmonisering die mees gepaste manier van harmonisering in die SAOG sal wees. Minimum harmonisering behels dat minimum standarde vasgestel word, om harmonisering dan aan die hand daarvan te laat plaasvind. Hiervolgens word minimum standarde vasgestel sodat daar wel 'n mate van ooreenstemming moet wees, alhoewel die wetgewing nie noodwendig presies dieselfde sal wees nie, en die lande self kan besluit of hulle 'n strengere standaard gaan stel as die voorgestelde.<sup>846</sup> Sodoende word daar 'n mate van ooreenstemming gestel.<sup>847</sup> Omdat harmonisering die potensiaal het om ekonomiese interaksie tussen Afrika en die res van die wêreld te bevorder,<sup>848</sup> moet dit aangemoedig word. Die gevolg hiervan behoort te wees dat mynbou beter gereguleer sal word en dat daar in die verskillende state 'n beter balans vir omgewingsbeskerming by mynbou sal wees.<sup>849</sup> Een staat sal byvoorbeeld nie meer ekonomies benadeel of bevoordeel word nie, omdat die een staat se omgewingstandaarde waarskynlik nie so hoog gestel sal word dat dit die ekonomie van die staat sal beïnvloed nie. Die Mynbouprotokol bepaal in die aanhef daarvan dat lidstate onderneem om die integrasie van hul mynboubeleide te bewerkstellig – met die doel om ontwikkeling en groei in die streek se mynbousektor te bevorder. Dit bring mee dat klem geplaas word op geïntegreerde wette, programme en beleide om moontlik sodoende die werklike en potensiele uitwerking op die omgewing

---

<sup>839</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.21.

<sup>840</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.2.

<sup>841</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.3.

<sup>842</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.4.

<sup>843</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.5.

<sup>844</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.6.

<sup>845</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.7.

<sup>846</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.2.2.

<sup>847</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.5.

<sup>848</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.5.

<sup>849</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.3.

en sosio-ekonomiese toestande, asook die risiko's, gevolge en alternatiewe opsies vir die verligting van aktiwiteite met betrekking tot die omgewing, te identifiseer, te voorspel en te evalueer, sodat die negatiewe impak sodoende so laag moontlik, en die voordele so groot moontlik, gehou word ten einde die nakoming van die onderskeie lidstate se wette te bevorder.

Uit die studie het geblyk dat minimum harmonisering nie op staatsoewereiniteit inbreuk sal maak nie.<sup>850</sup> Staatsoewereiniteit is die uitoefening van gesag oor 'n spesifieke politieke eenheid sonder dat enige ander magte daarmee sal inmeng.<sup>851</sup> Dit beteken nie dat daar geen inmenging van ander state en regionale organisasies mag wees nie, aangesien 'n staat die keuse het of hy 'n verdrag wil onderteken en hom sodoende aan ander state en regionale organisasies verbind. Wanneer 'n staat 'n verdrag onderteken het, verbind hy hom vrywillig en inmenging sal dan nie op inbreukmaking neerkom nie.<sup>852</sup>

Ten einde te bepaal of harmonisering sal kan plaasvind, is die grondwet van elke land bestudeer. Dit was noodsaaklik omdat die grondwet die oppergesag van die land is en veronderstel is om 'n groot invloed op die land se wetgewende gesag te hê en daarom ook 'n invloed op omgewingsreg, wat op sy beurt na mynwetgewing herlei kan word.

## 6.2 Grondwette

Die grondwette van Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië is as die oppergesag van die lande bestudeer. Daar bestaan verskille en ooreenkomste tussen die drie lande se grondwette.<sup>853</sup> Die verskille tussen die lande se grondwette is relevant omdat elke land se grondwet bepaal hoe die land se wetgewing gevorm en geïnterpreteer moet word, en ook bepaal in watter mate die internasionale reg erkenning ontvang. Die verskille word in tabel 6.1 uitgebeeld.

---

<sup>850</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.

<sup>851</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.

<sup>852</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.

<sup>853</sup> Sien hoofstuk 4.

**Tabel 6.1 Grondwette**

<b>Standaard in Grondwet</b>	<b>SA</b>	<b>McZ</b>	<b>Tanz</b>
Omgewingsreg is 'n fundamentele reg	√	√	x
Die reg is afdwingbaar in howe	√	√	√
Die omgewing moet beskerm word vir huidige en toekomstige generasies	√	√	x
Omgewingsreg is 'n positiewe reg	√	√	x
Omgewingsreg is 'n negatiewe reg	√	√	x
Wetgewing moet geskep word om besoedeling en ekologiese agteruitgang te voorkom	√	√	x
Omgewingsbeskerming moet toegepas word sonder om ekonomiese en sosiale ontwikkeling te strem	√	√	x
Wetgewing moet ingestel word om volhoubare ontwikkeling te bevorder	√	√	√
Daar bestaan 'n verband tussen menseregte, die omgewing en ontwikkeling	√	√	√
Daar bestaan 'n verband tussen omgewingsreg en die reg op lewe	√	x	√
Omgewingsreg is nie absoluut nie en kan beperk word	√	√	√
Daar word spesifiek van natuurlike hulpbronne melding gemaak	x	√	√
Die staat mag, soos hy dink, aan enige iemand mineraalregte toeken	x	√	x

Die verskille behels onder meer dat omgewingsreg in Suid-Afrika 'n fundamentele reg is. In die Mosambiekse Grondwet word 'n omgewingsregtelike bepaling vervat wat onder die hooffundamentele regte val. In Tanzanië se grondwet word daar nie na omgewingsreg verwys nie, maar wel na die belang van minerale vir ontwikkeling en dat daar op die staat en die mense in Tanzanië 'n plig is om natuurlike hulpbronne te beskerm. Die belang van 'n omgewingsreg as 'n fundamentele reg, is daarin geleë dat dit die staat meer as 'n gewone reg beperk en dat die reg self net deur die grondwet beperk kan word. Omgewingsregte word verder uitgebou deur omgewingswetgewing, soos byvoorbeeld NEMA en die MPRDA in Suid-Afrika.<sup>854</sup> Die omgewingsreg is nie 'n absolute reg nie en kan beperk word. Die *Grondwette* van Suid-Afrika en Mosambiek beskik oor/bevat hierdie beperkingsklousules. Tanzanië se omgewingsreg is nie 'n grondwetlike reg nie. Die reg op 'n omgewingsreg word in die Nasionale Wetgewing vervat. Grondwetlike bepalings in Tanzanië sal altyd voorkeur kry bo die omgewingsreg in die *Environmental Management Act*.

Omgewingswetgewing, gelees saam met die Grondwette, verseker dat omgewingsregte in die onderskeie lande se howe afdwingbaar is.

Die omgewingsreg in Suid-Afrika en Mosambiek beskik oor positiewe en negatiewe dimensies. Die negatiewe dimensie is daarin geleë dat, wat die omgewingswetgewing betref, almal 'n fundamentele reg het wat hulle kan afdwing. Die positiewe dimensie is die plig wat byvoorbeeld in Suid-Afrika op die staat geplaas word om omgewingswetgewing uit te vaardig, en ook die individu wat die plig het om die omgewing te beskerm. Die plig op die staat behels onder andere dat omgewingswetgewing uitgevaardig moet word – wat onder andere besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom. 'n Soortgelyke plig word op die staat in Mosambiek geplaas. Daar bestaan geen plig in Tanzanië om omgewingswetgewing uit te vaardig nie.

---

<sup>854</sup> Vir Mosambiek en Tanzanië se wetgewing sien hoofstuk 5.

In al drie die lande het die staat 'n plig om omgewingsbeskerming toe te pas en af te dwing sonder dat ekonomiese en sosiale ontwikkeling gestrem word. Hierdie bepaling dui op die drie pilare van volhoubare ontwikkeling.<sup>855</sup> Die grondwette van Suid-Afrika en Mosambiek maak voorsiening vir die beskerming van natuurlike hulpbronne vir toekomstige generasies. Alhoewel Tanzanië se *Grondwet* nie 'n uitdruklike omgewingsregtelike bepaling het nie, word daar wel in die omgewingswetgewing in Tanzanië vir volhoubare ontwikkeling voorsiening gemaak – maar 'n spesifieke plig word nie op die staat geplaas nie.<sup>856</sup> Alhoewel die grondwet van Tanzanië, net soos dié van Suid-Afrika en Mosambiek, bepaal dat wetgewing ingestel moet word wat volhoubare ontwikkeling bevorder, kan dit krities geëvalueer word. Omdat Tanzanië se staat nie met soveel pligte van omgewingsbeskerming bekleed word soos dié van Suid-Afrika en Mosambiek nie, kan die afleiding gemaak word dat Tanzanië se doelstelling eerder ekonomiese ontwikkeling, as omgewingsbeskerming, is.

In Suid-Afrika en Tanzanië het die howe 'n verband tussen die reg op lewe en omgewingsreg geskep. Hierdie verband tussen die twee regte vul gedeeltelik die leemte in Tanzanië se grondwet wat nie 'n omgewingsreg bevat nie.

Omdat daar spesifiek na natuurlike hulpbronne – let wel, nie na mynbou nie – in die grondwette van Tanzanië en Mosambiek verwys word, is dit 'n teken dat die mynbou en natuurlike hulpbronne in hierdie lande belangrik is. Daar is selfs in die grondwet van Mosambiek 'n bepaling om aan die staat die mag te gee om, volgens sy diskresie, 'n mynreg aan enige iemand toe te ken.

Die afleiding kan dus gemaak word dat al drie die lande se grondwette aan die een kant voorsiening maak vir die beskerming van natuurlike hulpbronne, terwyl dit aan die ander kant ook voorsiening maak vir ontwikkeling en ekonomiese groei. Die *Grondwette* sal in ag geneem moet word wanneer 'n mynwetgewing geformuleer of

---

<sup>855</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.4.

<sup>856</sup> Volhoubare ontwikkeling word ook in hoofstuk 6.3.3 bespreek.

geharmoniseer moet word. Die balans tussen ekonomiese groei en omgewingsbeskerming sal duidelik uitgespel moet word.

Die grondwette van Suid-Afrika en Mosambiek gee erkenning aan internasionale reg. Verdrae en protokols, in hierdie geval die Mynbouprotokol, moet in nasionale wetgewing gepromulgeer word voordat dit in die Suid-Afrikaanse en Mosambiekse reg toepassing kan vind. In Tanzanië se *Environmental Management Act* word verwys na die gebruik van internasionale reg in die nasionale reg. In die *Environmental Management Act* word ook bepaal dat internasionale reg in nasionale reg omskep moet word voordat dit toepassing kan vind. Op grond hiervan kan die afleiding gemaak word dat wanneer een van hierdie lande 'n party tot 'n verdrag of protokol is, daardie land se staat die protokol op een of ander stadium in nasionale wetgewing moet omskep, sodat dit in die betrokke land se regstelsel kan toepassing vind. Daar is geen bepaling in die Mynbouprotokol wat 'n tydsbepaling stel waarbinne state die protokol moet toepas of hulle mynwetgewing moet harmoniseer nie. Sodanige bepaling sou kon help om te verseker dat harmonisering ordeliker en vinniger kan geskied. Die *SADC Framework and Implementation Plan for Harmonization of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory Frameworks*, waaroor steeds onderhandel word, is opgestel maar daar is geen tydsaanduiding of dit wel, en wanneer, geïmplementeer gaan word nie.

### **6.3 Mynbouwetgewing in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië**

Die eerste stap in die proses vir die harmonisering van mynbouwetgewing, sal wees om die verskille in die onderskeie wette wat op mynbou van toepassing is, te identifiseer.<sup>857</sup> Omdat die lande gebonde is aan die Mynbouprotokol moet die wetgewing ten minste aan die standarde en beginsels wat in die Protokol gestel word, voldoen. Deur die onderskeie lande se wetgewing met die standarde, soos in die Mynbouprotokol gestel, te vergelyk, kan die verskille, ooreenkomste en gebreke in die onderskeie regstelsels geïdentifiseer word. Terselfdertyd kan die sterkpunte van die onderskeie wetgewing bepaal word – wat kan lei tot die aanvul en uitbrei van die

---

<sup>857</sup> Sien hoofstuk 5.

Mynbouprotokol en die algemene standarde daarvan. Hierna sal daar dan 'n gemeenskaplike standaard getormuleer kan word, wat as riglyn vir harmonisering sal kan dien. Die verskillende lande se wetgewing sal in ooreenstemming met die standarde opgestel moet word, maar die wetgewing sal nie noodwendig identies aan mekaar, of identies aan die standarde, hoef te wees nie – solank die bepalings in die wette nie swakker is as dié wat deur die raamwerk gestel word nie.<sup>858</sup> Die verskille word uitgebeeld in tabelle 6.2 tot 6.7 en die bespreking daarvan volg hierna.

### **6.3.1 Mynlisensies, permitte en regte – 'n algemene vergelyking**

In Suid-Afrika word mynbou hoofsaaklik gereguleer deur die MPRDA en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, sowel as deur NEMA.<sup>859</sup> In Mosambiek word mynbou gereguleer deur die *Mining Law*, die *Mining Law Regulations*, die *Environmental Regulations for Mining Activities* en die *Environmental Law Decree*. Tanzanië se mynbou word gereguleer deur die *Mining Act*, die *Environmental (Registration of Environmental Experts) Regulations* en die *Environmental Management Act*.

In die drie lande bestaan daar altesaam sewentien verskillende mynaansoeke of mynvergunnings. Alhoewel sommige vergunnings oënskynlik dieselfde lyk, is nie een van die vergunnings presies dieselfde nie. Dit kan onsekerheid en probleme veroorsaak – byvoorbeeld wanneer 'n buitelandse aansoek om 'n vergunning in twee of meer SAOG lande wil bring. 'n Aansoeker sal dus deeglik ondersoek moet instel om te bepaal watter aansoek op hom/haar van toepassing sal wees. Dit sal waarskynlik moeilik wees om spesifieke standarde in die geval van verjaring vas te stel, omdat lande se administratiewe stelsels verskil. Die verskille tussen die mynlisensies, permitte en regte, word in tabel 6.2 uiteengesit.

---

<sup>858</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.6.

<sup>859</sup> Vir doeleindes van hierdie studie is daar nie op die ander wetgewing wat ook op mynbou van toepassing is, gefokus nie en word elke land se wetgewing as 'n geheel bespreek en nie afsonderlik behandel nie.

**Tabel 6.2 Mynlisensies, permitte en regte – 'n algemene vergelyking<sup>860</sup>**

Suid-Afrika:

1. Verkenningsprospekteertoestemming
2. Prospekterreg
3. Mynreg
4. Mynpermit
5. Retensiepermit

Mosambiek:

6. Verkenningsprospekteerlisensie
7. Ontginninglisensie
8. Mynvergunning
9. Mynsertifikaat
10. Mynpas
11. Lisensie vir die ontginning van minerale vir boumateriaal.

Tanzanië:

12. Prospekterlisensie
13. Retensielisensie
14. Spesiale mynlisensie
15. Edelsteenmynlisensie
16. Mynlisensie
17. Primêre lisensie

ALGEMENE VERGELYKING	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17
Tydperk geldig	2jr	5jr	30jr	2jr	3jr	2jr	5jr	25jr	2jr	1jr	-	5jr	5jr	25jr	10jr	10jr	3jr
Hernubaar	x	√	√	√	√	x	√	√	√	√	x	√	√	√	√	√	√
Oordraagbaar / seederbaar	x	x	√	x	x	x	√	√	√	x	x	√	√	√	√	√	√
Beswaarbaar	x	x	√	√	x	x	x	x	x	x	x	√	√	√	√	√	√
Grootte van area				1.5ha		100 000ha	25 000ha	Nie meer as nodig	500 ha			Nie meer as nodig		Nie meer as nodig			Nie meer as waarop geprospekteer.
Mag net goedkeur as daar nie reeds 'n ander reg op die grond is nie	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√
Vorderingsverslag aan staat	x	√	√	√	√	√	x	√	√	x	x	√	√	√	√	√	√
Konsulteer voor aktiwiteit begin	√	√	√	√	x	x	√	√	x	x	√	x	x	√	√	√	x
Moet geregistreer word	x	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	x	√	√
OBP	√	√	√	x	x	x	√	√	x	x	√	x	x	√	√	√	x
Omgewingsbestuurplan	x	√	√	√	x	√	x	x	√	√	x	x	x	√	√	√	x
OIS	x	x	√	x	x	x	√	√	x	x	√	x	x	√	√	√	x
Onderskei tussen vlakke van mynbou	x	x	x	x	x	√	√	√	√	√	√	x	x	x	x	x	x
Administratiewe regverdigheid	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√	√

<sup>860</sup>

Opgestel in ooreenstemming met die verskillende lande se wetgewing, sien hoofstuk 5, par 5.1.

### **6.3.2 Minimum standarde by mynlisensies, regte en permitte**

Die internasionale minimum standarde waaraan voldoen moet word by aansoeke, is beperk. Volgens hierdie standarde moet daar voor “enige” aktiwiteit ’n OIS gedoen word. Al drie die lande het bepaalings dat daar by sommige aktiwiteite ’n OIS gedoen moet word, maar dit is nie ’n vereiste vir alle vergunnings om toegestaan te word nie. Die OIS se inhoud in die verskillende lande verskil nie drasties van mekaar nie, maar daar bestaan wel verskille. Nog ’n standaard waaraan die lande moet voldoen, is openbare deelname. Dit behels hoofsaaklik dat daar voor aktiwiteite met belanghebbende persone gekonsulteer moet word. Dit is in al drie die lande ’n vereiste by sommige aktiwiteite maar, soos wat die geval met die OIS is, is dit nie ’n vereiste vir alle aktiwiteite nie.

’n Standaard bestaan wat aandui dat die publieke sektor nie inligting van die privaatsektor mag weerhou nie. Hierdie standaard sluit aan by die grondwetlike reg wat in al drie die bestudeerde lande se grondwette opgeneem is, naamlik: die reg op toegang tot inligting.<sup>861</sup> Al drie van hierdie lande voldoen aan hierdie standaard.

Daar word ook in al drie die lande voorsiening gemaak vir waterbestuur tydens mynbou.<sup>862</sup>

Die standaard dat daar vanaf die aansoekprosedure reeds vir die sluiting van ’n aktiwiteit voorsiening gemaak moet word, word nie deur Tanzanië toegepas nie, maar wel deur Suid-Afrika en Mosambiek. Dit is ’n belangrike standaard omdat dit sluiting vergemaklik. Die verskille tussen die internasionale minimumstandarde en die lande se aansoeke om mynlisensies, regte en permitte word in tabel 6.3 geïllustreer.

---

<sup>861</sup> Sien hoofstuk 4.

<sup>862</sup> Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nie grondig op hierdie aspek van mynbou ingegaan nie.

**Tabel 6.3 Minimum standaarde by mynlisensies, permitte en regte<sup>863</sup>**

<b>Minimum Standaarde</b>	<b>SA</b>	<b>MOS</b>	<b>TANZ</b>
Voordat enige aktiwiteite 'n aanvang kan neem, moet 'n gedetailleerde OIS gedoen word	√	√	√
Die OIS moet ook die impak ná die myn se lewensiklus weergee	√	√	x
Die OIS moet die volgende bevat:			
• Beskrywing van voorgenome aktiwiteit en alternatiewe	√	√	x
• Aard en omvang van die aksies op die omgewing	√	√	√
• Beskrywing van relevante bekommernisse	√	√	√
• Lys van aksies om impak te beheer	√	√	√
• Bepaling van die impak, opgeweeg teenoor die omgewing	√	√	√
• Voorstelle vir die aanvaar of afkeur van die projek	√	√	x
• Voorstelle vir inspeksieprosedures	√	x	x
Openbare konsultasies	√	√	√
Inligting moet aan die publiek bekend gestel word	√	√	√
Voorsiening vir waterbestuur	√	√	√
Daar moet reeds vir sluiting beplan word	√	√	x

<sup>863</sup> Opgestel aan diehand van die literatuur bespreek in hoofstuk 5, par 5.1.

### 6.3.3 Operasionele fase

Al drie die lande onder bespreking se wetgewing verwys na volhoubare ontwikkeling.<sup>864</sup> Die behoefte aan ontwikkeling in die SAOG is groot, maar dit moet op só 'n manier geskied dat dit nie tot nadeel van die gemeenskap, of toekomstige gemeenskappe, sal strek nie.

Die reg wat mynwerkers het om van die gevare verbonde aan hul werk ingelig te word, word ook in al drie lande se wetgewing beveel. Dit sluit in gevare wat die werk vir hul eie gesondheid inhou, asook invloede wat hierdie aktiwiteite op die omgewing kan hê.

In Suid-Afrika word omgewingsinspeksies beveel, in Mosambiek en Tanzanië weer, is omgewingsoudits 'n vereiste. In Suid-Afrika gebeur dit soms dat omgewingsinspeksies sowel as omgewingsoudits vereis word, maar dit word nie deur wetgewing vereis nie en kom byvoorbeeld voor wanneer 'n OBP of direktief omgewingsoudits ook beveel. Daar bestaan egter nie duidelike en volledige bepalings wat die ouditprosedure betref nie. Minimum standaarde bestaan ook nie daarvoor nie. Mosambiek beskik oor spesifieke wetgewing wat die ouditprosedure reël. Sodanige wetgewing ontbreek in die ander twee lande.

Minimum standaarde bestaan wat tydens die operasionele fase gestel word vir besoedelingsbeheer en die rehabilitasie van die omgewing. In al drie die lande moet, rehabilitasie deurlopend plaasvind. Die staat moet sorg dat ontwikkeling plaasvind sonder dat die omgewing onherstelbaar besoedel word, en die PPP geld. In al drie lande mag die staat boetes gee en magtigings terugtrek indien die houer van die reg nie sy handeling in ooreenstemming met sy OBP en die aansoek se voorwaardes verrig nie.

---

<sup>864</sup> Elke land se wetgewing is as 'n eenheid behandel en daarom word daar nie gespesifiseer in watter wetgewing die bepaling voorkom nie.

Tabel 6.4 illustreer die vergelyking tussen die drie lande se vereistes wat vir die operasionele fase gestel word, asook die minimum standaarde in dié verband.

Tabel 6.4 Operasionele fase<sup>865</sup>

Algemene vergelyking	SA	MOS	TANZ
Volhoubare ontwikkeling kom duidelik in die wetgewing voor	√	√	√
Werkers het die reg om ingelig te word oor gevare wat die werk inhou	√	√	√
Omgewingsoudits is verpligtend	x	√	√
Omgewingsinspeksies is verpligtend	√	x	√
<b>Minimum standarde</b>			
Voortdurende rehabilitasie moet plaasvind	√	√	√
Die staat moet die omgewing beskerm, maar ook daarvoor sorg dat ontwikkeling plaasvind	√	√	√
Boetes en die terugtrek van magtigings bestaan	√	√	√
PPP	√	√	√
Die doel met remedies moet wees om:			
• Oortredings en huidige gevare te elimineer	√	-	√
• Langtermyn omgewingskade en besoedeling aan te spreek	√	√	√
• Kompensasie te laat geskied	√	√	√
• Oortreders te straf, en verdere oortredings te voorkom	√	-	√
Omgewingsoudits moet deur 'n onafhanklike persoon gedoen word	-	√	√
Die doel van omgewingsoudits moet wees om:			
• Die omvang van die huidige omgewing, gesondheid en veiligheid te bepaal en te verbeter	-	√	-
• Die mynbestuur te adviseer oor toekomstige ontwikkelinge en die kapitaal daarvoor	-	√	-
• Te verseker dat veiligheidsregulasies en vorige voorstelle nagekom word	-	√	-
• Die potensiele gevaar vir ongelukke as gevolg van die aktiwiteite, te verminder	-	√	-

<sup>865</sup> Opgestel in ooreenstemming met die studie gedoen in hoofstuk 5, par 5.2.

#### **6.3.4 Rehabilitasie en sluitingsfase**

Al drie die lande, soos ook die meeste van die wêreld se ander lande, is dit eens dat besoedeling vermy moet word, en dat indien dit nie vermy kan word nie, dit so min as moontlik gehou moet word en dat die omgewing sover moontlik herstel moet word tot die posisie waarin dit verkeer het voordat die aktiwiteite plaasgevind het. Die staat speel in al drie lande 'n primêre rol by die beheer en toekenning van mineraalregte<sup>866</sup> en daarom behoort die staat ook wat rehabilitasie betref, 'n primêre rol te speel. Dit is tot voordeel van die myn, die staat en die gemeenskappe rondom die myn, dat die staat van die begin af toesien dat voorsorg vir die rehabilitasie van die myn getref word. Die regering moet 'n fonds stig wat geld beskikbaar stel vir die rehabilitering en stabilisering van myne. Hierdie fonds moet gevoed word deur die myne wat geld op 'n gereelde basis inbetaal – met die doel voor oë dat die regering met die rehabilitasie moet help wanneer die myn dit nie kan bekostig nie. Wetgewing in Suid-Afrika en Mosambiek maak wel vir sulke fondse voorsiening, maar in Tanzanië word dit, sover vasgestel kon word, nog nie wetlik verplig nie.

Al drie die lande se wetgewing vereis dat rehabilitasie ondergaan moet word. Bepaalde vereistes bestaan waaraan rehabilitasie moet voldoen, maar wat nie noodwendig in die sluitingsplan bespreek word nie. Dit sluit byvoorbeeld in dat myne ongewenste toerusting moet verwyder, en dat rehabilitasie nie net vir die myngebied self geld nie, maar ook vir die geaffekteerde omgewing rondom die myn.

Voordat 'n myn mag sluit, moet 'n sluitingsertifikaat uitgereik word. Die myn moet hiervoor aansoek doen. In Suid-Afrika en Tanzanië word voorsiening gemaak vir die uitreiking van sluitingsertifikate, maar in Mosambiek word geen melding daarvan gemaak nie. Voordat die sluitingsertifikaat uitgereik mag word, moet die myn die staat inlig van sy voorneme om te sluit, en moet die staat 'n inspekteur stuur om te bepaal of die myn aan al die vereistes wat in die sluitingsplan saamgevat is, voldoen. Die sluitingsplan is normaalweg deel van die OBP, maar moet gereeld opgradeer word. In

---

<sup>866</sup> Sien hoofstuk 5.1.

ooreenstemming met minimum standarde, moet 'n sluitingsplan aan bepaalde standarde voldoen. In Suid-Afrika en Tanzanië word geen duidelike vereistes gestel van wat in 'n sluitingsplan vervat moet wees nie. Mosambiek se wetgewing stel wel bepaalde vereistes vir 'n sluitingsplan. In Tabel 6.5 word die vergelyking tussen die drie lande se wetgewing, en sowel die algemene standarde asook die minimum standarde wat gestel word, geïllustreer.

**Tabel 6.5 Rehabilitasie en sluitingsfase<sup>867</sup>**

<b>Algemene Vergelyking</b>	<b>SA</b>	<b>MOS</b>	<b>TANZ</b>
Waar besoedeling nie vermy kan word nie, moet dit so min moontlik gehou word	√	√	√
Die staat het 'n fonds om te help met rehabilitering	√	√	x
Sluitingsertifikate word uitgereik	√	x	√
<b>Minimum Standaard</b>			
Sluitingsplan moet die volgende elemente bevat:			
• Tydsverloop en kostes verbonde aan rehabilitasie	x	-	x
• Spesifikasies oor die verwagte grondtoestand, die verwydering van toerusting en die stabilisering en ontgifting van hope en damme	x	√	x
• Aanduidings oor hoe omgewingsagteruitgang voorkom kan word en wanneer om probleme aan te spreek	x	-	x
• Risikoskatting vir prioriteite by voorbereidingswerk	x	√	x
• Kostevoordeel-analises vir opsies wat voorbereiding, hersiening en opgradering betref	x	-	x
• 'n Bestuursplan waarvolgens sluiting geïmplementeer moet word	x	-	x
• Voorsluiting moniteringsvoorstelle	x	-	x
• 'n Aanduiding van wie by die sluiting betrokke sal wees	x	√	x
Ongewenste toerusting moet verwyder word	√	√	√
Afvalhope en -damme moet gestabiliseer en onskadelik gemaak word	√	√	√
Hervorming moet aangewend en rehabilitering ondergaan, word	√	√	√
Rehabilitering geld ook vir geaffekteerde gebiede	√	√	√
'n Regsregulerende raamwerk vir mynsluiting behels:			
• Dat die sluitingsplan reeds deel van die goedkeuringsproses moet wees	√	√	-
• Konsultasies	√	√	√
• Die gereelde opgradering van die sluitingsplan	√	√	√
• 'n Uiteensetting van die verantwoordelikhede vir finansiële sorg	√	√	√

<sup>867</sup>

Opgestel in ooreenstemming met die studie gedoen in hoofstuk 5, par 5.3.

### **6.3.5 Die Mynbouprotokol en die mynbouwetgewing in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië**

Al drie die lande ter sprake het die Mynbouprotokol onderteken en moet dus voldoen aan die bepalings wat daarin gestel word. Alhoewel die lande veronderstel is om hul wetgewing aan te pas om aan die standaard vervat in die Mynbouprotokol te voldoen, is dit nog nie in een van die lande as nasionale wetgewing gepromulgeer nie. Die bepalings waaraan al drie lande wel voldoen is:

- Privaatsektor deelname in mynbou word aangemoedig;
- Die openbare sektore deel inligting met die privaatsektor – dit sluit aan by die reg op toegang tot inligting, asook dié reg wat in wetgewing opgeneem;
- Volhoubare ontwikkeling moet (minstens) bevorder word deur middel van wetgewing en die grondwette;
- 'n Balans moet bestaan tussen mineraalontwikkeling en omgewingsbeskerming;
- Lidstate moet toesien dat myne 'n OIS doen;

Daar bestaan ook bepalings waaraan nie al die lande ter sprake, voldoen nie. Suid-Afrika is die enigste land wat melding van die bevoordeling van voorheen benadeelde persone maak; en ook die enigste wat meld dat kommunikasie tussen die verskillende lidstate moet plaasvind.<sup>868</sup> Die Suid-Afrikaanse wetgewing bepaal egter nie tot in watter mate hierdie kommunikasie tussen lidstate moet bestaan, en waaroor dit moet handel nie. Die Mynbouprotokol bepaal, byvoorbeeld, dat die lidstate inligting betreffende mynbou en rehabilitasie met mekaar moet deel, maar Suid-Afrika se wetgewing bevat geen bepaling hieroor nie. Suid-Afrika is ook die enigste land wat na internasionale standaard vir gesondheid, mynveiligheid en omgewingsbeskerming, verwys. Alhoewel Suid-Afrika permitte aan kleiner myne verleen, is Mosambiek die enigste land wat uitdruklik bepaal dat kleinskaalse mynbou bevorder moet word.

---

<sup>868</sup> Vir die doeleindes van hierdie studie word daar egter nie grondig op hierdie onderwerpe ingegaan nie.

Tanzanië maak nie spesifiek voorsiening vir gesondheid en veiligheid in terme van mynbou in hul mynwetgewing nie, en ook nie vir kleinskaalse mynbou nie.

As die lande hul wetgewing aanpas om aan die Mynbouprotokol te voldoen sal reeds heelwat verskille uitgeskakel wees – wat harmonisering sal vergemaklik. Uiteraard sal die wetgewing nog steeds nie presies dieselfde wees nie. Indien dit wel sou gebeur, sal gestel kan word dat harmonisering in ooreenstemming met 'n minimum standaard plaasgevind het. Tabel 6.6 illustreer die Mynbouprotokol, asook die mynbouwetgewing in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië.

**Tabel 6.6 Die Mynbouprotokol en die mynbouwetgewing in Suid-Afrika, Mosambiek en Tanzanië<sup>869</sup>**

<b>Mynbouprotokol</b>	<b>SA</b>	<b>MOS</b>	<b>TANZ</b>
Is deel van die protokol	√	√	√
Die deelname van die privaatsektor aan mynbou, word aangemoedig	√	√	√
Histories benadeelde persone moet bevoordeel word	√	X	X
Kommunikasie moet tussen lidstate bestaan	√	X	X
Lidstate moet/kan internasionale standarde van gesondheid, mynveiligheid en omgewingsbeskerming toepas	√	X	X
Lede uit die openbare sektor deel inligting met lede uit die privaatsektor	√	√	√
Lidstate moet volhoubare ontwikkeling bevorder	√	√	√
Balans moet bestaan tussen mineraalontwikkeling en omgewingsbeskerming	√	√	√
Lidstate moet 'n OIS doen	√	√	√
Kleinskaalse mynaktiwiteite moet bevorder word	X	√	X
Bepalings bestaan in wette dat lidstate inligting betreffende mynbou moet deel	X	X	X
Lidstate moet inligting oor rehabilitasie deel	X	X	X
Gesondheids- en veiligheidsreëls in terme van mynbou	√	√	X

<sup>869</sup>

Opgestel in ooreenstemming met die studie gedoen in hoofstuk 3, par 3.2.3 en hoofstuk 5.

## 6.4 Aanbevelings

Daar word dikwels aanvaar dat die wetgewing van die staat met die sterkste wetgewing, as maatstaf gebruik moet word tydens harmonisering.<sup>870</sup> Hierdie aanname is egter nie korrek nie, omdat die sogenaamde sterk staat se wetgewing nie noodwendig die beste is nie. 'n Sogenaamde swakker staat se wetgewing mag dalk sekere aspekte van mynbou beter reël. Hierdie toedrag van sake is duidelik te sien uit die vergelyking van die drie bestudeerde lande se wetgewing.<sup>871</sup> 'n Sterker staat se wetgewing kan só sterk wees dat dit die swakker state se ekonomieë kan benadeel. Ten einde dus te verhoed dat een staat se wetgewing voorkeur bo 'n ander geniet, sou dit beter wees om 'n minimum standaard te stel waaraan al die state wat aan die harmonisering deelneem, moet voldoen en wat nie nadelig vir enige staat sal wees nie.

Die Mynbouprotokol bepaal reeds dat harmonisering moet plaasvind, maar daar is geen voorstelle in die protokol oor hoe die harmonisering moet plaasvind nie en die SAOG se harmoniseringsraamwerk is ook nie 'n sterk of gesagdraende raamwerk nie en maak slegs voorstelle. Dit word dus voorgestel dat die Mynbouprotokol aangepas word sodat dit bepaal dat minimum harmonisering in die lidstate moet plaasvind. Die Mynbouprotokol kan 'n lys minimum standaarde voorsien waaraan die lidstate moet voldoen en in ooreenstemming waarmee hulle wetgewing in terme daarvan moet aanpas voor 'n vasgestelde tydperk. Die standaarde wat in die Mynbouprotokol vervat moet word, mag nie minder streng wees as die internasionaal bekende minimum standaarde wat reeds ten opsigte van die verskillende fases in mynbou bestaan nie.<sup>872</sup> Die lande se wetgewing hoef nie noodwendig identies te wees nie. Die SAOG het 'n bestaande komitee in die lewe geroep, soos wat deur die Mynbouprotokol bepaal word, wie se verantwoordelikheid dit is om toe te sien dat harmonisering plaasvind. Die komitee se pligte ten aansien van harmonisering is egter nie bepaal nie. Daar word voorgestel dat die komitee die verantwoordelikheid sal hê om die lidstate se wette te ondersoek en te sorg dat hulle aan die standaarde wat in die protokol gestel word, voldoen. Daar behoort ook bepaalde sanksies te geld vir lidstate wat nie binne

<sup>870</sup> Sien hoofstuk 2, par 2.1.1.

<sup>871</sup> Sien hoofstuk 5 en tabelle 6.2 tot 6.6.

<sup>872</sup> Sien hoofstuk 5, par 5.1.1, 5.2.1 en 5.3.1.

die gestelde tydperk hul wetgewing in ooreenstemming met die minimum standarde met dié van ander lidstate harmoniseer nie. Indien 'n behoorlike minimum standaard gestel is, kan die drie betrokke lande hulle wetgewing by die Mynbouprotokol, of by die harmoniseringsraamwerk, aanpas – in ooreenstemming met die land se behoeftes. Dit sou beteken dat minimum harmonisering plaasvind. Hopelik sal die harmonisering van mynbouwetgewing dit in die toekoms makliker maak vir mynmaatskappye en beleggers om tot die ekonomiese ontwikkeling van die SAOG by te dra.

Die eerste gebied waar harmonisering kan plaasvind, is by die verskillende soorte vergunnings. Om verwarring uit te skakel moet daar in al die lande minimum standaard vergunnings geld met min of meer dieselfde inhoud. Die aansoeke om die vergunnings moet min of meer dieselfde proses volg en die bepalings rondom die vergunning moet ook min of meer dieselfde wees. So behoort daar byvoorbeeld in al die lande'n prospekterreg te wees. Die aansoek vir die prospekterreg behoort aan 'n nasionale beampte in die onderskeie streke gerig te word. Die area waarop die aktiwiteite moet plaasvind, behoort nie groter as byvoorbeeld 8 km<sup>2</sup> te wees nie en die vergunning behoort in al die lande net vir drie jaar lank geldig wees. Die verskillende lande se bepalings wat hernubaarheid, oordraagbaarheid en beswaarbaarheid betref, behoort ook dieselfde wees. Die vereistes wat vir die aansoek om 'n vergunning geld, behoort ook in al die lande min of meer ooreen te stem.

Die bepaling betreffende OIS behoort min of meer ooreen te stem. Daar moet bepaal word by watter vergunnings 'n OIS vereis word. Die minimum standarde wat by OIS geld, kan byvoorbeeld soos volg lui: die OIS moet die moontlike impak van die aktiwiteite weergee tot ná die sluiting van die myn; die OIS moet 'n beskrywing bied van sowel die aktiwiteit as die alternatiewe tot die aktiwiteit, asook die aard en omvang van die aktiwiteit se impak op die omgewing en beskrywings van relevante bekommernisse wat uit konsultasie met die betrokke partye na vore gekom het, 'n lys voorgenome aksies om die impak van die aktiwiteite te beheer, die voordele wat uit die aktiwiteite sal vloei opgeweeg teenoor die negatiewe impakte op die omgewing, voorstelle vir die inspeksieprosedures en die sluitingsplan moet deel wees van die OIS. Die bepalings rondom die konsultasieproses moet byvoorbeeld insluit wanneer konsultasies moet plaasvind, en ook wie almal gekonsulteer

moet word. Die verslae wat ná die konsultasie aan die staat gestuur word, moet ook aan bepaalde vereistes voldoen.

Die sluitingsplan moet volgens 'n sekere minimum standaard opgestel word en moet byvoorbeeld die volgende elemente bevat: tydsverloop en geskatte kostes verbonde aan rehabilitasie; die grondtoestand voor en ná die mynaktiwiteite en ook nadat rehabilitasie plaasgevind het; hoe omgewingsagteruitgang voorkom sal word; die bestuursplan om sluiting te implementeer; moniteringsvoorstelle vir voorsluiting; asook 'n aanduiding van wie by sluiting betrokke sal wees.

Bepalings wat werkers raak, sal byvoorbeeld inhou dat alle werkers die reg moet hê om van die gevare wat sy werk vir die omgewing en vir homself inhou, ingelig te word.

Daar behoort in al die lande omgewingsinspeksies en omgewingsoudits te wees. Dit sal duidelik wees wanneer dit moet plaasvind en wat die doel daarvan moet wees en die Mosambiekse wetgewing kan byvoorbeeld as riglyn dien oor wat die inhoud van sodanige wetgewing of regulasies, behoort te behels. Bepalings wat boetes en die terugtrek van magtigings betref, moet ook tot 'n mate ooreenstem.

Die minimum standaard moet na finansiële voorsorg vir rehabilitasie verwys. Daar moet bepaal word wanneer voorsorg vir die eerste keer moet plaasvind, wanneer dit aangepas moet word en hoe bepaal moet word met hoeveel dit aangepas moet word.

Die rol wat die staat in rehabilitasie speel, sal ook in 'n mindere of meerdere mate ooreen moet stem en dit moet ook duidelik uit die wetgewing blyk wat die verantwoordelikheid van die staat behels en wat die myn se verantwoordelikheid sal wees. Bepalings rondom die stabilisering van afvaldamme en hope, asook die verwydering van geboue en toerusting, behoort byvoorbeeld ook aan sekere minimum standarde te voldoen. Elke land behoort 'n raamwerk vir mynsluiting op te stel, wat omgewingsimpakte in ag neem en sover moontlik rehabiliteer. Die aanspreeklikheid vir besoedeling ná mynsluiting moet ook gereël word.

Die vraag oor wat moet gebeur met die myne wat reeds bestaan en wat nie aan die nuwe standarde voldoen nie en wat nog onder 'n ander vergunning myn, sal ontstaan. Dit is nie veronderstel om 'n werklike impak op die harmonisering van wetgewing te hê nie. Soos in Suid-Afrika sal die wetgewing net nog 'n afdeling moet inkorporeer wat handel met die mynvergunnings toegestaan voor harmonisering. Die mees praktiese sal wees wanneer daardie myn aanhou myn in ooreenstemming met die 'ou wet,' maar wel aan sekere van die 'nuwe wet' se standarde moet voldoen. Soos byvoorbeeld om, alhoewel die 'ou wet' dit nie vereis nie, nou 'n sluitingsplan voor te berei en aan die staat te stuur. Dit sal goed wees as elke staat ook 'n komitee aanstel om ou myne by te staan met die omskakeling van die bepalings van die wette sodat die ou myn nie in stryd met die 'nuwe wet' optree nie. Die geharmoniseerde wetgewing van elke staat sal in hulle wetgewing oorgangsreëlings moet tref.

## BIBLIOGRAFIE

### Boeke

#### A

Akokpari J, Ndinga-Muvumba A en Murithi T *The African Union and its Institutions* 2008 (Centre for Conflict Resolution – Fanele)

Asante SKB *Regionalisation and Africa's Development: Expectations, Reality and Challenges* (1997 Macmillan London)

#### B

Badenhorst JP, Pienaar JM en Mostert H *Silberberg and Schoeman's Law of Property* 5e uitgawe (2006 LexisNexis Butterworths Durban)

Badenhorst JP en Mostert H *Mineral and Petroleum Law in South Africa* (2007 Juta Kaapstad)

Baldwin C en Morel C 'Group Rights' in Evans M en Murray R (reds) *The African Charter on Human and Peoples' Rights* (2008 University Press Cambridge)

Barbour AK 'Mining Non-ferrous Metals' in Hester RE en Harrison RM (reds) *Mining and its Environmental Impact* (1994 Royal Society of Chemistry London)

Bermann GA and Pistor K *Law and Governance in an Enlarged European Union* (2004 Hart Oxford)

Barnard D *Environmental Law for All* (1999 Impact Books Pretoria)

Black HC *Black's Law Dictionary with Pronunciations* (2009 West Group New York)

Birnie PW and Boyle AE *International Law and the Environment* (2002 OUP Oxford)

Botha C *Wetsuitleg – 'n Inleiding vir Studente* (2005)

## C

Coppin NJ and Box J "Sustainable Rehabilitation and Revegetation: The Identification of After-Use Options for Mines and Quarries Using a Land Suitability Classification Involving Nature Conservation" in Warhurst A and Noronha L (eds) *Environmental Policy in Mining* (2000 Lewis Publishers London)

Currie I en De Waal J *The New Constitutional and Administrative Law* (2001 Juta Kaapstad)

Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* (2006 Juta Kaapstad)

## D

Dale MO *South African Mineral and Petroleum Law* (2009 Lexis Nexis Durban)

Devenish G E *Interpretation of Statutes* (1992 Juta Kaapstad)

Doek JE *In the Best Interest of the Child: Harmonisation of National Laws with the Convention on the Rights of the Child* (2007 African Child Policy Forum )

Du Plessis A 'Understanding the Legal Context' in Paterson A en Kotzé LJ (eds) *Environmental Compliance and Enforcement in South Africa: Legal Perspectives* (2009 Juta Kaapstad)

Du Plessis L *Re-Interpretation of Statutes* (2002 Butterworths Durban)

Dugard J *International Law: A South African Perspective* (2005 Juta Kaapstad)

## H

Hatchard J, Ndulo M and Slinn P *Comparative Constitutionalism and Good Governance in the Commonwealth, An eastern and Southern African Perspective* (2004 (Cambridge University Press Cambridge)

Heyns C and Killander M *Compendium of key Human Rights Documents of the African Union* (2007 Pretoria University Law Press Pretoria)

Holder J en Lee M *Environmental Protection Law and Policy: Text in Context* (2007 Cambridge University Press Cambridge)

## J

James A *Sovereign Statehood: The Basis of International Society* (1986 London Allen and Unwin London)

Johnson MS, Cooke JA and Stevenson JKW 'Revegetation of Metalliferous Waste and Land' in Hester RE and Harrison RM (reds) *Mining and its Environmental Impact* (1994 Royal Society of Chemistry New York)

Jourdan PP *The Mining Sector in Southern Africa* (1995 SAPES Books Harare)

## K

Kabudi PJ 'Tanzania' in Kotzé LJ en Paterson AR (reds) *The Role of the Judiciary in Environmental Governance* (2009 Wolters Kluwer Deventer)

Kidd M *Environmental Law* (2008 Juta Kaapstad)

Kleyn D en Viljoer F *Beginners Gids vir Regstudente* (2002 Juta Kaapstad)

Kotzé LJ en Paterson AR 'South Africa' in Kotzé LJ en Paterson AR (reds) *The Role of the Judiciary in Environmental Governance* (2009 Wolters Kluwer Deventer)

Kreijen G *State Failure, Sovereignty and Effectiveness* (2004 Martinus Nijhoff Publishers Leiden)

Kurr A 'Intellectual Property' in Van Empel M (red) *"From Paris to Nice" Fifty years of Legal Integration in Europe* (2003 Kluwer Law International The Hague)

## L

Lindholt L *Questioning the Universality of Human Rights* (2001 Kluwer Law London)

Lottremoser BG *Mine Wastes Characterization, Treatment and Environmental Impacts* (2003 Springer New York)

## M

Makinda SM and Okumu FO *The African Union, Challenges of Globalisation, Security, and Governance* (2008 Routledge London)

Manuel IRV and Muacanhia T 'Alluvial Gold Mining Constraints and Opportunities for Sustainable Development' in Warhurst A and Noronha L (reds) *Environmental Policy in Mining, Corporate Strategy and Planning for Closure* (2000 Lewis Publishers London)

Mitchell J P 'The Roll of Waste Management and Prevention in Planing for Closure' in Richard AW en Mitchell JP (reds) *Human Rights in Global Prespective: Anthropological Studies of Rights, Claims and Entitlements* (2004 Routledge London)

Morrey DR 'Integrated Planning for Economic Environmental Management During Mining Operations and Mine Closure' in Warhurst A and Noronha L (reds) *Environmental Policy in Mining, Corporate Strategy and Planing for Closure* (2000 Lewis Publichers London)

## **N**

Naldi GJ "The African Union and the Regional Human Rights System" in Evans M en Murray R (reds) *The African Charter on Human and People Rights* (2008 Canbridge University Press Cambridge)

Nmehielle VOO *The African Human Rights System* (2001 Martinus Nijhoff Publishers Leiden)

Noronha L (red) *Environmental Policy in Mining, Corporate Strategy and Pailerlaning for Closure* (2000 Lewis Publishers London)

## **R**

Rao PK *International Environmental Law and Economics* (2002 Blackwell London)

Ruppel OC 'Third-generation human rights' in Horn N en Bösl A (reds) *Human Rights and the Rule of Law in Namibië* (2008 Macmillan Namibia)

## S

Sachs A en Welch GH *Liberating the Law Creating Popular Justice in Mozambique* (1990 Zed Books London)

Sadler B *International Study of the Effectiveness of Environmental Assessment. Environmental Assessment in a Changing World: Evaluating Practice to Improve Performance* (1996 Canadian Environmental Assessment Agency and the International Association of Impact Assessors Ottawa)

Sands P *Principles of International Environmental Law* (2003 CUP Cambridge)

Sasoon M 'Effective Environmental Impact Assessment' in Warhurst A en Noronha L (reds) *Environmental Policy in Mining* (2000 CRC Press Florida)

Scholtz W 'Environmental Harmonisation in the SADC Region: An Acute Case of Asymmetry' in Meessen KM *Economic Law as an Economic Good – Its Rule Function and its Tool Function in the Competition of Systems* 2009 (European Law Publishers)

Sing G, Saxena N C en Ghosh R *Environmental Management in Mining Areas* (2002 Scientific Publishers India)

Stookes P *A Practical approach to Environmental Law* (2005 Oxford London)

Szablowski D *Transnational Law and Local Struggles Mining, Communities and the World Bank* (2007 Hart Publishing Oxford)

## T

Thomas J *Harmonising the Law in a Multilingual Environment with Different Legal Systems: Lessons to be Drawn from the Legal History of South Africa* (2008 Pretoria)  
[internet boek]

Thornton J en Beckwith S *Environmental Law* (1997 Sweet and Maywell London)

## **V**

Van der Linde M en Basson E 'Environment' in Woodman S, Roux T en Bishop M (reds) *Constitutional Law of South Africa* (2002 Juta Kaapstad)

Van der Linde M 'Regional Environmental Law Under the Auspices of the African Union' in Strydom H A en King ND (reds) *Environmental Management in South Africa* (2009 Juta Kaapstad)

Viljoen F *International Human Rights Law in Africa* (2007 Oxford London)

## **W**

Warhurst A and Noronha L 'Integrated Environmental Management Through Planning for Closure from the Outset: The Challenges' in Warhurst A and Noronha L (reds) *Environmental Policy in Mining, Corporate Strategy and Planning for Closure* (2000 (Lewis Publishers London)

Warhurst A 'Mining, Mineral Processing, and Extractive Metallurgy: An Overview of the Technologies and Their Impact on the Physical Environment' in Warhurst A and Noronha L (reds) *Environmental Policy in Mining, Corporate Strategy and Planning for Closure* (2000 Lewis Publishers)

Wells JD ea 'Terrestrial Minerals' in Strydom HA en King ND (reds) *Environmental Management in South Africa* (2009 Juta Kaapstad)

## Joernale en akademiese tydskrifte

### A

Amechi EP 'Linking Environmental Protection and Poverty Reduction in Africa: An Analysis of the Regional Legal Responses to Environmental Protection' 2010 *Law Environment and Development Journal* 114-129

### B

Badenhorst JP 'Nature of New Order Rights to Minerals: A Rubikian Exercise Since Passing the Mayday Rubic Zirconium?' 2005 *Obiter* 505-252

Bakari AH 'Africa's Paradoxes of Legal Pluralism in Personal Laws: A Comparative Case Study of Tanzania and Kenya' 1991 *African Journal of International and Comparative Law* 545-557

Bernabe-Riefkohl A 'To Dream the Impossible Dream: Globalisation and Harmonisation of Environmental Laws' 1995 *NCJ Int'l L & Com Reg* 205-229

Bray E 'Unco-operative Governance Fuelling Unsustainable Development' 2008 *The South African Journal of Environmental Law and Policy* 1-22

Bruch C Coker W en Van Arsdale C 'Constitutional Environmental Law: Giving Force to Fundamental Principles in Africa' 2001 *Columbia Journal for Environmental Law* 131-211

### C

Couzens E 'Filling Station Jurisprudence: Environmental Law in South African Courts and the Judgement in Fuel Retailers Association of South Africa v Director-General

Environmental Management, Department of Agriculture, Conservation and Environment, Mpumalanga Province and Other' 2009 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 23-56

## D

Du Plessis W en Britz L 'The Filling Station Saga: Environmental or Economic Consequences?' 2007 *Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Reg* 85-102

## E

Eno RW 'The Jurisdiction of the African Court on Human and Peoples Rights' 2002 *African Human Rights Law Journal* 223-233

## F

Faure MG 'The Harmonization, Codification and Integration of Environmental Law: A Search for Definitions' 2002 *European Environmental Law Review* 174-182

Ferreira GM 'Volhoubare Ontwikkeling, Regverdigbare Ontwikkeling en die Fundamentele Reg op 'n Skoon en Gesonde Omgewing' 1999 *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg* 434-453

Ferreira GM, Du Plessis W en Van der Walt 'A Licence to Mine, Audi Altareum Patem and NEMA' 1999 *South African Journal on Environmental Law and Policy* 243

## G

Glazewski J "Environmental Provisions in a New South African Bill of Rights" 1993 *Journal of African Law* 177-180

## **K**

Keille T 'Harmonisation and the United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods' 2003 *Nordic Journal of Commercial Law of the University of Turku, Finland* 1-21.

Kidd M 'Removing the Green-Tinted Spectacles: The Three Pillars of Sustainable Development in South African Environmental Law' 2008 *South African Law Journal of Environmental Law and Policy* 85-102

## **L**

Lubbe WD 'Straddling Borders and Legal Regimes: The Case for Cooperative Transfrontier Biodiversity Conservation in Southern African Development Community' 2007 *Yearbook of International Environmental Law* 126-152

Lokin JHA 'Harmonisation in Roman, Roman-Dutch, and South African Law' 2008 *Fundamina* 24-36

## **M**

Majone G 'The European Commission: the limits of centralization and the perils of parliamentarization' 2002 *Governance: an International Journal of Policy, Administration and Institutions* 377-398

Mutagwaba W 'Analysis of the Benefits and Challenges of Implementing Environmental Regulatory Programs for Mining: Tanzania Case Study' 2006 *Journal of Cleaner Production* 397-404

## **N**

Ndulo M 'The need for the harmonisation of trade laws in the Southern African Development Community (SADC)' 1996 *Yearbook of International Law* 195-225

## O

Oke Y 'Africa and the Quest for Mining Sustainability: A Comparative Evaluation of Mineral Law of Nigeria with South Africa and Gana' 2008 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 183-216

Oliver M 'Globalisation or Fragmentation of International Law: Challenges for Harmonisation' 2008 *De Jure* 437-442

O'Shea A 'A Critical Reflection on the Proposed African Court on Human and Peoples Rights' 2001 *African Human Rights Law Journal* 285-29

## P

Pallangyo D M 'Environmental Law in Tanzania; How Far Have We Gone?' 2007 *Law Environment and Development Journal* 26-39

Pete S 'Shuffling Deckchairs on the Titanic? A Critique of the Assumptions inherent in South African Fuel Retailers Case from the Perspective of Deep Ecology' 2008 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 103-126

## S

Scheurenberg R en Graunt-Stuard D 'South African Mine Residue Disposal Practices in a Global Context: Environmental' 2008 *Civil Engineering* 19-21

Shields J en Solar S 'Challenges to Sustainable Development in the Mining Sector' 2000 *Mining and Sustainable Development II* 31-36

Stóokes P 'Practical Approach to Environmental Law' 1999 *Journal of Environmental Law* 285-228

Swart E 'The South African Legislative Framework for Mine Closure' *The Journal of The South African Institute of Mining and Metallurgy* 2003 (Department of Minerala and Energy, Pretoria) 489-492

## **V**

Van der Schyff E 'Who "Owns" the Country's Miniral Resources? The Possible Incorporation of the Public Trust Doctrine through the Mineral and Petroleum Resource Development Act' 2008 *Tydskrif vir Suid-Afrikanse Reg* 757-768

## **Hofsake**

*Bareki NO v Gencor Ltd* 2006 1 SA 432 (T)

*BP Southern Africa (Pty) Ltd v MEC for Agriculture, Conservation and Land Affairs* 2004 5 SA 124 (WLD)

*Director: Mineral Development, Gauteng Region and Sasol Mining (Pty) Ltd v Save the Vaal Environment* 1999 2 SA 709 (SCA) 719

*Earthlife Africa (Cape Town) v Director General: Department of Environmental Affairs and Tourism* 2005 3 SA 156 (C)

*Fuel Retailers Association of Southern Africa v Director-General: Environmetal Management, Department of Agriculture, Conservation and Environment, Mpumalanga Province and Others* CCT 67/06 2007 ZACC

*Gabcikovo – Nagymaros Project (Hungary v Slovakia)* September 1997 ICJ 92

*Government of the Republic South Africa and Others v Grootboom and Others* 2001 1 SA 46

*Minister of Health and Welfare v Woodcarb (Pty) Ltd and Other* 1996 3 SA 155 (N)

*Minister of Water Affairs Forestry v Stilfontein Gold Company Ltd and Others* 2006 JOL516 (W)

*Permanent Secretary, Department of Welfare Eastern Cape v Ngxuzana* 2001 4 SA 1184 (SCA)

*Social and Economic Rights Action Centre (SERAC) and Another v Nigeria* 2001 AHRLR 60

### **Internetbronne**

Akinbote A 24 Februarie 2008 *Strategies for Adopting OHADA Laws in Anglophone African Countries* <http://www.meetingsabanet.org> [datum van gebruik 3 April 2009]

Anon Datum onbekend <http://www.noventa.net> [datum van gebruik 16 April 2009]

Anon Datum onbekend *Sustainable Development in South Africa* <http://www.saep.org> [datum van gebruik 9 Maart 2010]

Anon Datum onbekend *Sustainable Development in South Africa Introduction to Basic Concepts* <http://www.saep.org> [datum van gebruik 13 Sept 2009]

Anoniem Datum onbekend *Mining* <http://www.un.org> [datum van gebruik 9 Maart 2010]

African Union Datum onbekend *African Court on Human and Peoples Rights*  
<http://www.pict-pict.org> [datum van gebruik 15 Augustus 2010]

African Union [www.african-union.org](http://www.african-union.org) [datum van gebruik 6 Mei 2009]

Chada 2009 *Framework for Harmonisation of Mining Policies, Standards, Legislative, and Regulatory in Southern Africa* <http://www.unctad.org> [datum van gebruik 10 Desember 2009]

DEAT 2004 *Environmental Auditing, Integrated Environmental Management, Information Series 14, Department of Environmental Affairs and Tourism, Pretoria*  
<http://www.environment.gov.za> [datum van gebruik 28 April 2010]

Ireton K Datum Onbekend *Sustainable Development – Mining*  
<http://www.enviroaedia.com> [datum van gebruik 13 Sept 2009]

Isaksen J Datum onbekend *Restructuring SADC – Progress and Problems*  
<http://www.cmi.org> [datum van gebruik 30 Augustus 2009]

Lawyers Environmental Action Team (LEAT) 2010 *EIA in Tanzania's Environmental Law and Policy* <http://www.lead.or.tz> [datum van gebruik 9 Maart 2010]

Lomberg JR 2009 *Who Owns Unseparated Minerals in South Africa?*  
<http://www.landlawwach.co.za> [datum van gebruik 11 Maart 2010]

Lumina C Datum onbekend *Introduction to the Right to Health* <http://www.ggp.up.ac.za>  
[datum van gebruik 28 Julie 2010]

SADC Datum onbekend [gevind op Internet] *Framework for Harmonisation of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory in Southern Africa*  
<http://www.unctad.org> [datum van gebruik 10 Desember 2009]

Stuard E Datum onbekend *Principles of Law Harmonisation and approximation*  
<http://www.undp.ba> [datum van gebruik 15 Augustus 2009]

UNECA Datum onbekend *Harmonisation of Aectoral Policies in Natural Resources – Mining*  
<http://www.knowledge.uneca.org> [datum van gebruik 9 Februarie 2010]

### **Proefskrifte en verhandelings**

Louw L *Die Bevordering van Volhoubare Ontwikkeling in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap: 'n Regsvergelykende Ondersoek* (LLM Verhandelings Noordwes Universiteit 2005)

Jesse K *Een Hernieuwd Perspectief op Milieueffectrapportage* (LLD Verhandelings Universiteit van Tilburg 2008)

Mohomed F *Environmental Rights Afforded to Residents Affected by Mining Activities: A Case Study in Hondeklip Bay* (LLM Verhandelings Universiteit van Suid-Afrika 2006)

Roux L *Comparison between South African, Namibian and Swaziland's EIA Legislation* (LLM Verhandelings Noordwes Universiteit 2003)

Van den Berg ASC *An Environmental Law Framework For Cross-Border Regulation Of Gas Pipeline between South Africa and Mozambique* (LLM Verhandelings Noordwes Universiteit 2007)

Van der Schyff E *The Constitutionality of the Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002* (LLD verhandelings Noordwes Universiteit 2007)

Wessels JA *Environmental Authorisations and Mining Organisations* (MSC Noordwes Universiteit 2002)

## **Konferensie bydraes**

Akinbote A 'Strategies for Adopting OHADA Laws in Anglophone African Countries' (Ongepubliseerde voordrag gelewer op 24 Februarie 2008 Nigerië)

Du Plessis W 'Environmental Regulation of Cross-border Gas-Pipelines: Challenges in South Africa' 13 (Gepubliseerde voordrag in IUCN Konferensie in 2006 New York)

Sing G 'Best Management Practices of Responsible Mining' *International Conference on Advanced Technology in Exploration of Minerals* 14-16 (Gepubliseerde voordrag in Februarie 2009 in Jodhpur, Indië)

## **Wetgewing en Staatspublikasies**

Suid-Afrika:

*Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998

*Mineral Petroleum Resources Development Act* 28 van 2002

*Mineral Petroleum Resources Development Regulations* GK R527 van in SK 26275 van 1 Mei 2004

*Mining Titles Registrations* GK R604 in SK 26354 van 14 Mei 2004

*Nasionale Ater Wet* 36 van 1998

*Regulations Relating Environmental Impact Assessment* GK R 385 in SK 28753 van 21 April 2005

*Regulations on Use of Water for Mining and Related Activities Aimed at the Protection of Water Resources* GK R704 in SK 20032 van 7 Mei 1999

GK 547 in SK 33306 van 18 Junie 2010

*White Paper on a Minerals and Mining Policy for South Africa* GK 2359 in SK 19344 van 20 Oktober 1998

Mosambiek:

*Decree 32/2003 Ruling Environmental Audit*

*Mining Law Decree 14 van 2002 van 26 Junie*

*Mining Law Regulations Decree 28 van 2003 van 17 Junie*

*Environmental Regulations for Mining Activities Ministerial Decree 26 van 2004 van 20 Augustus*

*Environmental Law Decree 20 van 1997 van 1 Oktober*

Tanzanië:

*Environmental Management Act 20 van 2004*

*Mining Act 5 van 1998*

*Environmental (Registration of Environmental Experts) Regulations 348 van 2005*

*Environmental Impact Assessment and Audit Regulations 348 van 2005*

*Waterlaw Act 1 van 1999*

## **Verdrae**

*African Charter on Human and Peoples Rights 1981*

*African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources 2003*

*African Economic Communities Threthiey 1991*

*Constitutive Act of the African Union 2001*

*OAU's Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources 1968/69*

*SAOG Mynbou Protokol 1997*

*Treaty Establishing the African Economic Comunity 1991*

*Trety Establishing the South African Development Countries 1992*

*United Nations Charter of Economic Rights and Duties of the State (GA Res 3281 XXIX)*

## **Ander**

World Bank Environment, Health and Safety Guidelines, Mining and Milling.

Ferreira G Onderhoud NWU 8 April 2010

*SADC Framework and Implementation Plan for Hamonization of Mining Policies, Standards, Legislative and Regulatory Frameworks 2006*